
# Die Koers Van 'n Lewe



Kotie Schoeman



# DIE KOERS VAN 'N LEWE

Kotie Schoeman



Die voetstappe van 'n mens
hang van die Here af:
Hoe sou 'n mens dan sy weg verstaan?

*Spreuke 20:24*

Ek weet, O Here, dat aan die mens
sy weg nie toebehoort nie.
Nie aan 'n mens om te loop
en sy voetstappe te rig nie.

*Jeremia 10:23*

Hierdie skrywe is nie 'n poging
tot 'n outobiografie nie. Allermins.
Dit is ook nie 'n poging tot fiksie nie.
Dit is 'n getuienis. Dit is alles die waarheid.
Hoe God hom met 'n mens bemoei.
Die wonder daarvan.

# Inhoudsopgawe

| | Bladsy |
|---|---|
| Voorwoord | 5 |
| 1956 | 6 |
| 1957 | 11 |
| 1958 | 19 |
| 1959 | 24 |
| 1964 | 31 |
| 1969 | 61 |
| 1970 | 66 |
| 1971 | 73 |
| 1972 | 77 |
| 1973 | 106 |
| 1976 | 121 |
| 1980 | 128 |
| 1981 – "Hello Mamma" | 135 |
| Desember 2001 | 139 |
| Naskrif | 140 |

Eerste druk 2002, Tweede druk 2008
Skryfster se Telefoon 011 788 4336

# VOORWOORD

Een van my kinders dring daarop aan dat ek my getuienis moet op band of op video vir hulle en hulle kinders bewaar. Op 5 Maart 2001, volgens my dagboek, het sy hierdie versoek dringend aan my gestel. Ek het belowe om daaroor te bid, en ook die Here se toestemming en hulp te vra.

Ek noem hierdie storie: "Die Koers van 'n Lewe", maar eintlik kan die titel ook wees: "Bodemklippe". Soos in *Josua 4:3-8.* "Die kinders van Israel het toe gedoen soos Josua beveel het. Hulle het twaalf klippe uit die middel van die Jordaan opgetel soos die Here met Josua gespreek het... En hulle het dit saam met hulle deurgebring na die slaapplek toe en dit daar neergesit." Vers 6: "As julle kinders julle eendag vra... Wat beteken hierdie klippe? Moet julle vir hulle sê..."

Bodemklippe lyk anders as oewerklippe. Bodemklippe is glad geslyp deur die water. Gedurig gemaal, gevryf, geroer totdat al die skerp punte, geniepsige rante en skurwe plekke weg is. 'n Bodemklip is aantreklik en word graag opgetel en bewaar. Opgetel wanneer die waters sak of waar die waters draai en 'n paar uitspoel. Ek het self al 'n mandjie bodemklippe in my bagasie met 'n vliegtuig huis toe gebring ten spyte van die gewig. Op my fynste tafel lê twee bodemklippe waarop my skoondogter, Ronél, pragtig geverf het. Kinders van God, bemindes van die Meester móét soos bodemklippe lyk. Mense moet ons wil huis toe vat. *(Rigters 2:7 en 10)*

# 1956

Onthou my soos ek was die Somersdag
Toe jy my in die tuin ontmoet het
en ek jou skugter met die hand gegroet het.
Onthou my soos ek was dié dag...



Op die agtste Maart was Abelines en ek vyftien jaar getroud en ons het besluit om dit te vier. Saam maak ons toe 'n gastelys en ek werk my spyskaart uit. Dit was vroeg in Februarie. Hy verf sy studeerkamer uit en ek maak nuwe gordyne vir ons kamer met 'n mooi beddeken wat pas. Die tuin was nog vol rose en dit sou genoeg wees om die huis verder te versier. Die agtste Maart was toe 'n baie suksesvolle aand. Ons familie en vriende het lekker geëet en tot ná middernag gekuier.

Minder as 'n maand daarna was Abelines dood. Die jaarlikse kampkonferensie te Maranathapark was al aan die gang toe sy broer hom hospitaal toe neem. In 'n netjiese pak klere met sy jas en hoed het hy by ons voorhekkie uitgeloop na die motor. Nie hy of ek kon raai dat hy nooit weer by daardie hekkie sou inloop nie. Onder goeie versorging het daar beterskap ingetree. Maar vyf dae later, een nag, het hy gesterwe. Die skok was geweldig. My brein

het afgeskakel. Alleen het ek by daardie hekkie ingeloop. Oral het groot bruin blare rondgewaai. Tot op die stoep. Die herfs was vroeg. Thomas, my getroue hulp in die huis en tuin, wou nie vee of hark nie. Hy was ook in skok. My drie kinders was sprakeloos. Het net gehuil en al om my gebly. Ek moes hulle troos, maar hoe?

Abelines was die Algemene Sekretaris van die kerk. 'n Mooi man, bekwaam in sy werk, 'n goeie prediker en musikant. As gevolg van die Kamp en die duisende mense wat van oor die hele land in die stad was het sy kollegas besluit dat hy uit die ou groot, ruwe Kamptabernakel begrawe sou word. Op die verhoog was al die leiers van die kerk en langs die President se stoel was 'n leë stoel in swart gedrapeer deur die sekretaresses van die hoofkantoor. Voor die kansel het sy kis op 'n staander gestaan. Die koerante het gesê dit was die grootste begrafnis nog ooit in Johannesburg.

My suster Baba het uit Ierland gebel en gesê sy wag op die eerste vlug uit Dublin. Haar man het daar medies studeer en net sy en haar twee kleuters sou kom. Die begrafnis was op Saterdag en sy sou eers Sondagaand hier land.

By my bittere hartseer was 'n woede. Alles was vir my soos 'n aaklige droom. Ek was bitter. Opstandig. Hoe kon die Here hierdie ramp toelaat? Is God vir my kwaad? Hy breek my dan stukkend. Die God wat ek van jongs af gedien het, Hy het geen gebed verhoor nie. Nie my wanhoopsuitroepe gehoor nie. Hoe gaan ek alleen regkom met drie jong kinders?

Geld was dadelik 'n probleem. As gevolg van die hartletsel wat nou sy jong lewe opgeëis het, het hy geen versekering gehad nie. Die hartletsel was 'n komplikasie van rumatiekkoors toe hy 'n tiener was. Geen maatskappy wou aan hom 'n polis verkoop nie. Dit het ons eers uitgevind na die geboorte van ons oudste dogter. Hy het geglo dat die Here sal sorg en aangehou werk.

Geldnood en hartseer was my brood. Om te bid het vir my moeilik geword. Ek was baie neergeslaan. Baie mense het vír my en die kinders gebid. Daarop het ek gesteun. My suster Baba sou kom en ek moes hulle beddens regmaak. Met klein nietige werkies het ek besig gebly en uitgesien na haar aankoms. Ek het probeer om 'n bietjie opgewondenheid by die kinders aan te blaas. Die

werklikheid was onbeskryflik – dae en nagte in 'n waas van trane en pyn.

Daar was nog 'n verband op die huis. Elke maand moes die huis, die water en ligte en Thomas betaal word. Thomas het alles gedoen. Regtig alles, en sonder hom sou my lewe onmoontlik gewees het. Hy het 'n groot groentetuin op ons halfakker versorg plus ons vrugtebome. My spensie se rakke was nooit leeg nie. Rye bottels ingelegde vrugte. Geelperske- en groen tamatieblatjang was ons spesialiteit. Kerriebone, groen bone en koolpiekels en baie meer was in die somer opgegaar vir die winter. Wintergroente was ingelê vir invul in die somer. Ons het niks gemors nie, ten spyte daarvan dat ons nie 'n vrieskas gehad het nie. Alles was in bottels gestoom en ingelê plus baie bottels konfyt. Selfs ons koeldranke was tuisgemaak. Die eerste vrieskas wat ek in my lewe gesien het was by Amerikaanse sendelinge wat die praggeskenk, per boot uitgestuur, van 'n gemeente iewers in Amerika ontvang het.

Die eerste plan wat ek moes maak en deurvoer was die verkoop van my man se groot swart Amerikaanse motor. Iemand het my kort ná die begrafnis gebel en gesê as ek ooit daardie motor wil verkoop, moet ek hom asseblief eerste kans gee. Dit het ek hom toe belowe. Ek het die bougenootskap gaan sien en vasgestel presies hoeveel ons nog op die huis skuld. Die bedrag het toe in my kop die prys van die kar geword. Met 'n bietjie raad vra oor motorpryse by van sy kollegas en vriende, het ek besluit as die koper só graag die motor wil hê, sal ek my huis kan afbetaal en só baie veiliger voel. Dit sou my kinders die sekuriteit gee dat ons nie hoef te trek nie. So het dit dan ook gebeur. Ons kon nog oor die weg kom want ek het 'n klein Morris Minor gehad wat in 'n baie goeie toestand was. Diep in my hart was ek tevrede want ek het geweet ek sou nooit die groot motor gebruik het nie. My pensioengeldjie was baie min omdat hy so jonk dood is. Dit het baie meet en pas gekos maar ons kon deurkom. Ek het die groot motor nie gemis nie, maar die kinders het wel.

Die verligting van 'n veilige woonplek het nie die hartseer en die gemis verlig nie. My jongste seuntjie Ben, was maar vyf jaar oud. My ander seun Bines, was elf jaar oud en ek was net drie en dertig jaar oud. André was dertien jaar en diep geskok en verslae. Sy kon die dood van haar pa nie aanvaar nie. Eers veel later het sy die finaliteit van die dood regtig besef. Haar reaksies is

vandag vir my vaag. Vandag besef ek sy moes daardie tyd meer hulp gekry het. Ek hét nie en kón nie op een kind konsentreer nie. My elfjarige seun het dikwels en bitterlik in trane uitgebars. Partymaal aan tafel, voordat hy selfs begin eet het, het hy opgespring, sy kamerdeur toegeslaan en dan het ek gehoor hoe hy hard en kermend huil. My jongste het bang geword en by my kom skuil, my vasgeklou. As ek kalm was het hy stil aan my vasgehou maar as ek huil het hy ook hartverskeurend gehuil. Hy was onseker oor die gehuilery en die leë plek aan tafel. Hy het net baie sterker as ooit homself vasgeheg aan my. Een ding het helder en hard tot my deurgedring – ek moes sterk wees. Ek moes kalm bly. Ek moes sterk staan soos 'n pilaar, nee, soos 'n ligtoring op 'n ruwe kus vol rotse wat my kinders sou kon verongeluk en skeef sal laat ontwikkel. Ek was baie alleen want my ouers was reeds dood. My moeder, maar slegs vyftig jaar oud en my pa net twee jaar voor my man. My trane moes ek hou vir die nagte wanneer my kinders slaap. Dan kon ek huil en vir die Here sê: "my lewe is vol grafte, help my asseblief! Wees vir my 'n Raadsman, wees vir my 'n sterke God. Wees vir ons die ewige Vader, wees vir my kinders 'n Vader. O Here, Here, staan in die leë plek. U het belowe. U Woord se: "'n Man vir die weduwee en 'n Vader van die wese." So was my nagte. Slaap het net van uitputting my oorval.

Thomas het sesuur elke môre aan diens gekom en dan vir Ben kom haal om saam met hom skoene skoon te maak. Daarna het hy en Ben pap gemaak en terwyl dié kook, het hulle twee die groot swart voorste stoep gaan blink vryf, op hulle knieë met elkeen 'n borsel en 'n lap. Partymaal het Ben op Thomas se rug geklim en die vryf het 'n spel geword. Wanneer die twee oudstes skool toe was, het hulle twee in die tuin gaan werk. Thomas het Ben besig gehou en sy beste vriend geword. Ek het die beddens opgemaak en die badkamer en kombuis opgeruim. So het ons lewe tóg in 'n roetine ingegroei.

Van my pa het ek 'n plaas geërf. Sommer saam met 'n huurder en dié het elke Augustus-maand die jaar se huur betaal. So het ek vier maande ná die dood van my man, die plaas se huurgeld ontvang. Baie gate moes toegestop word, maar daar was verligting. Ek het daardie eerste Augustus besluit dat ek die huur die volgende jaar moes verhoog. My oudste twee moes hoërskool toe gaan en só het baie uitgawes in die toekoms gestalte gekry. Ek het maer geword en op ander gebiede ook agteruitgegaan. My nagtelike

gebed het dieselfde gebly. My geloof was op zero. My pligte het my sterk laat staan vir die kinders. Alles wat ek en hulle aan ons lywe getrek het, het onder my masjien uitgekom en van my breinaalde af. Alles wat ons geëet het, het uit die tuin gekom, behalwe die vleis. Ek het twee kalkoene gekoop en die wyfie het op die dak van die gereedskapstoortjie onder die groot oorhangende takke van die agterste grenslyn se bome, vir haar 'n nes gemaak en een môre het Thomas my met vreugde kom roep. Op 'n vraag: "Wat is dit Thomas?" het hy vasgestaan en gesê: "Kom kyk, kom kyk, en gaan nie sê nie". Agter hom aan is ek na die verste hoek van die groentetuin en toe hy die takke weg druk sien ek 'n nes met veertien gespikkelde eiers daarin. Groot eiers, 'n wonderbelofte van lewe.

Na 'n tydjie het hy kom sê: "Sy sit!" Die wyfie sit en broei op die eiers en die mannetjie pas haar op. Vir my kinders was dit 'n nuwe belangstelling, 'n uitsien na iets. Hulle het kos gegee en so dikwels gaan loer dat die ou eensame mannetjie kalkoen met hulle vriende geword het. Bines, die elfjarige was van kleintyd af 'n boer. Sy groot liefde was boerdery en hierdie 'hoekie boerdery' het regtig die twee seuns se verbeelding aangegryp.

Wonderbaarlik het al veertien eiers uitgebroei. Thomas het die ma en haar kuikens van die dak afgetel en vir haar 'n hokkie en 'n skuiling naby die agterdeur gemaak. Daar het ons kuikenmeel, papkrummels, hardgekookte eiers saam met shallotte (van die groentetuin) fyn gekap en vir die kuikens gevoer en vir die wyfie geel mieliegruis. Sy het ook graag van die kuikens se mengsel geëet. 'n Hele kalkoenboerdery het begin.

So het Kersfees gekom en gegaan en met April-maand was 'n jaar verby. Bines was twaalf jaar oud en byna uitgegroei. Lank en maer met 'n groot blonde kuif en hartseer groen oë. Dikwels het hy sy arms om my gesit. Dan het ek sy warm trane agter op my skouers gevoel en my hande agter op sy maer rugstring gesit en in sy oor gefluister: "Bines, die Here sal, die Here sal. Dit staan opgeskrywe in die heilige woorde van Jesus self. Hy sal die leë plek vul. Hy sal sorg. Jou pad sal God self uitwerk." Desperate woorde maar nogtans woorde van God. Al het my eie geloof op 'n kruppelbeen gestaan het ek die regte woorde gepraat. Baie, baie jare later het ek eers geleer dat ons die woorde van God moet praat.

Die volgende winter, Julie-vakansie, het ek by my broer op die familieplaas gaan kuier. Ek en my drie kinders het al wat 'n warm draad, selfs komberse, in die Morissie gelaai, want Klerksdorp se wêreld is koud. Dáár ryp dit dat die gras kraak onder jou skoene. Ons eerste vakansie na die dood. Thomas het die huis, die kalkoene en ons worshondjie opgepas. My broer het die agteruitgang in my gesien. Bleek, maer, sprakeloos en vreugdeloos. Sy voorstel was: "Kom ek vat jou terug Johannesburg toe en bespreek vir jou en die kinders op 'n boot na Ierland". Ons suster woon in Dublin terwyl haar man studeer.

Vandag weet ek nog nie hoe ek besluit het en alles gedoen gekry het nie. Hy en die huurder het die plaas se huurgeld een maand vooruit betaal. So is ons toe in 'n groot kajuit met vier slaapbanke en 'n patryspoort op die Winchester Castle bespreek. 'n Posboot van Union Castle Line. Veertien volle dae op die see. Eers twee dae op die trein na Kaapstad, dan die boot. Weer 'n trein tot in Londen. 'n Groot rondloop in die verstommende stad en die aand weer per trein, die Emerald Isle Express tot in Holyhead, die verste punt van Engeland in die Ierse see. In Engeland op die groen trein



**Eete op Die Winchester**

was Bines nie versadig nie. Hy wou nog iets bestel toe sê die kelner nors: "The kitchen has closed." Toe gee ek maar vir hom my kos. Op die trein was ook geen beddens nie. Wel 'n kompartement maar ons moes deel met drie ander, al het ek uit Suid-Afrika ons sitplekke bespreek. Gelukkig kon ons net na middernag ons twee piepklein kajuitjies op die Ierse boot betrek, lekker uittrek en in die klaar opgemaakte beddens inkruip. André en ek in een en reg langs ons die twee seuns. Ons was erg moeg en voetseer van die dag se loop in Londen.

Vroeg die volgende môre ontmoet my suster, haar man en twee kinders ons op die kaai van Dun Laughaire-hawe (uitspraak: Dunlerie) so 'n entjie van Dublin af. Gallies is 'n baie moeilike taal en die spelling byna onmoontlik.



**Fancy Dress**

Ek het my huis verhuur, meubels laat stoor en die twee skoolhoofde gaan sien omdat ek my kinders vir ses maande uit die skool sou haal. Altwee hoofde het my aangemoedig en my verseker dat die kinders by so 'n ondervinding sou baat. So het dit ook geblyk toe ons teruggekom het, in 'n ander omgewing 'n huis gehuur het, en hulle in ander hoërskole ingeskrywe het.

Tien dae voor ons op hierdie reis vertrek het, het André vir my kom vra: "Mamma, as ons twee weke

op 'n groot boot moet bly soos in 'n hotel, wat sal ons elke dag aantrek?" Met 'n skok het ek besef ons klere is te min en te gering vir só 'n reis. Behalwe dit gaan ons in 'n Europese winter in. Ek kon dit nie eers bedink nie. Somerklere vir die bootreis en winterklere vir Ierland. Met 'n vriendin se hulp en twee masjiene het ons voorsien vir André en myself. Vir die seuns moes ek koop. Die gedagte aan 'n Ierse winter het ek vooruitgeskuif tot ek daar sou kon sien wat kinders in die nat winters aantrek. My broer het met sy bakkie die sestien kalkoene plaas toe geneem.

Die bootreis was 'n ondervinding. My oudste twee het opstelle geskryf. Elke dag net vir een uur moes hulle ophou kerjakker. Die dekspele los. Die swembad vergeet en neerskrywe. Hoe lyk die boot; hoe groot; hoe swaar (tonnemaat); hoe lyk die 'Kaapse rollers' wat selfs 'n groot boot laat rol; hoe lank het dit geneem voor Tafelberg in die skemer verdwyn het; hoe lyk die eetkamer, soos 'n paleis sin? Wat eet ons alles; die oorvloed van heerlike kos, die boot se orkes wat elke aand musiek maak; die honderde mense wat seesiek was die eerste drie of vier dae. Net ons vier en nog miskien vyftig het ylerig die groot eetkamer beset. Verder moes hulle ook iets van hulle eie gevoelens neerpen. Hulle emosies om so uit hulle eie land en eie omgewing weg te gaan; ver van ou vriende af. Hoe diep is die see onder ons en hoe ver is ons van die naaste land af.

Hierdie gegewens kon hulle elke môre so by 11 uur op die skip se kennisgewingbord gaan afskryf. Op 'n groot passasiersboot is ook 'n volledige biblioteek wat heerlik ontdek kon word. Ons vier het nog nooit in ons



**Ben Die Seerower**

lewes vir twee weke in 'n luukse hotel vakansie gehou nie. Ons het gesien dat op so 'n boot die kleredrag heeltemal informeel was behalwe in die aande. Gemaklike drag was gepas vir die speletjies, vir swem, vir rondlê in dekstoele, vir verversings op die skeepsdek. In die aande het almal die beste van hulleself gemaak vir die heerlike dinee en later vir die musiek op die dek met die groot, groot waters om ons. Ek het nooit in daardie tyd gedurende die reis besef dat die Here, onse Vader in die Hemel, al hierdie lekker dinge vir ons beplan het, sodat ons gedagtes kon rus van die skok, die seer, die aakligheid van 'n pa wat weg is. Ek het op daardie tydstip net gedink (às ek gedink het) dat ek só slim, só sterk was om my kinders so te help vergeet, om hulle te verwyder van die onthou, van die pyn. So baie jare later toe ek weer 'n donker, swart jaar beleef het, het ek 'n vae begrip gekry dat God nie net tugtig en teregwys nie, maar dat hy ook troos en salf op die wonde giet en beter dinge vir ons beplan ten spyte van ons blindheid. Sy liefde is groter en ryker as ons dowwe begrippe. Vandag ná so baie jare begryp ek dat die Here altyd by ons was. Maar o, min het ek geweet dat Hy nog glad nie klaar was met my nie en dat Hy Homself nog wonderbaarlik aan my kinders ook sou openbaar. Vorentoe sou ek nóg baie leer van die gestrengheid, maar ook van die goedertierenheid van God.

In Ierland het ons baie wonderlike dinge leer ken. Die kinders se klere wat moes (en gou ook) gekoop word was 'n plastiek reënjas wat tot ver onder hulle knieë kom. Langbeen reënskoene wat bo-oor hulle skoene kon pas en groot sterk plastiek helms met 'n langerige, puntige wye rand agter wat die reën ver afgooi dat dit nie in hulle nekke afdrup nie en oor die gesig ook 'n skerm het. Hierdie monderings het die hele klere-probleem opgelos. Onder die jasse moes hulle net warm truie dra. Ierland is nie so erg koud nie, net baie nat en altyd groen. Alles is groen en die grond kan brand.

Op mooi dae het Baba (my suster) en ek en die kinders uitgery in die veld in en sooie gespit en die kar se kis so half vol gelaai. Daarmee het ons die kaggel aan die brand gehou en so ervaar wat 'n turf fire is. 'n Vuur van turfgrond, soos die lied sê. Aan die westekant van Ierland loop 'n warm seestroom wat die klimaat 'n paar grade warmer hou as Engeland s'n. In Dublin studeer baie Afrikaners. Kerfsfees was ons so by die twintig wat saam geëet het. Hulle Kerfsfees hoofgereg is 'n groot gans met 'n heerlike

stopselresep van suur appels, seldery en ham, met bruin suiker.

Na so 'n week daar het ek besluit om my kinders in skole te sit. Verskillende skole, sodat hulle die taal kan aanleer en nie net met mekaar praat nie. André is na 'n Katolieke klooster, Bines na so-iets soos 'n staatskool en Ben, toe sewe jaar oud, het maar saam met sy jonger nefie na 'n kleuterskool gegaan. Vir die juffroutjie daar was die twee boertjies 'n aardigheid, vernaam as hulle in Afrikaans haaks raak. Ons het baie van die mooi Ierse liede geleer sing. Hulle is 'n vriendelike, singende nasie. Gallway Bay se laaste versie se woorde het die kinders verander en gesing: "I will ask my God to make my heaven in that far land across the Vaalrivier", in plaas van: "fair land across the Irish sea".

Daar het ek ook besluit om nie terug te gaan na ons huis en tuin en die bekende omgewing nie. Per brief het ek voelers uitgesit vir die huur van 'n huis in 'n totaal ander voorstad en ander skole vir my kinders. Ek wou die breek met die verlede behou en finaliseer. Tot vandag nog glo ek 'n mens moet nie op ou spore terugloop nie. Dis te seer. Met die wonderlike hulp van die Here het ek dit baie goed reggekry. Geld was altyd aan die skaars kant maar ons pond was dieselfde as die Engelse pond en ook die Ierse pond. Dit was vir my maklik om my somme te maak.

Daar was toe televisie in my suster se huis in Dublin wat hier nog 'n onbekende luukse was. Die Russe was baie in die nuus omdat hulle in die eerste ruimtereis voor die Amerikaners met hulle suksesvolle ruimtereis geslaag het. Die kinders was baie op hoogte met die wêreldnuus en die Kremlin se gesigte het bekend geword. Daar was ook baie mooi en goeie stories op TV, byvoorbeeld Welsh Fargo wat gegaan het oor poskoetse voor daar treine was en rowers wat die koetse beroof met helde te perd wat die koets vergesel en oppas. Ons almal het Welsh Fargo gevolg en geniet.

Party dae het ek alleen met die bus na die middestad gery. Eendag sê ek vir my suster: "Jy weet, daar is 'n plek op die busroete waar die buspassasiers altyd, sonder uitsondering, die Kruismerk op hulle voorkop en bors maak. Hoekom doen hulle dit? Watse plek is op dié roete?" "O," sê sy, "het jy nie gemerk die bus ry verby die 'Hospital for the Dying' nie? Hierheen skuif hulle pasiënte vir wie daar nie hoop is nie. Al die ander gesondes maak

die Kruismerk met 'n gebed in hulle harte vir die siekes daar binne." "Sjoe!" sê ek, "hoe voel 'n ou as jy so uit een hospitaal na hierdie een oorgeplaas word?" "Ja," sê Baba, "jy sien mos dan het jy die simpatie en gebede van al die gesondes wat daar verby ry." Dis seker 'n troos, dink ek. Dis Ierland!

My suster, Baba, was so gaaf om te onderneem om na die kinders om te sien terwyl ek 'n kort toer deur 'n paar lande in Europa kon onderneem. Ek moes Londen toe vlieg en op die stasie die klein toergroepie ontmoet. Net sestien mense op 'n laaste somertoer. België, Oostenryk, Noord-Italië wat Venesië en Milaan ingesluit het. Toe weer oor en deur die majestieuse Alpe en die laaste dae in Parys. Dit was vir my wonderlik.

Ons het baie dae middestad toe gegaan om by 'n sekere koffiewinkeltjie Ackle cakes te gaan eet. Dit was so 'n drie-hoekige tertjie met gemaalde droë vrugte binne-in, nie in 'n oond gebak nie, maar in kokende olie gegooi en uitgelig en in koue stroop afgekoel. Presies soos wat ons koesisters sou bak. Dit was iets! Ons sal altyd Dublin met dié Ackle cakes onthou.

Nou, na baie jare onthou en verwonder ek my aan my suster Baba se gasvryheid en vriendelikheid om my met drie kinders so in haar huishouding in te sluit en kos te gee. Daar was nie 'n Thomas om te help nie. Sy het soggens voor almal opgestaan en haar student-man kos gegee en weggesien Kollege toe. Dan het sy die kaggel in die eetkamer skoongemaak, die as uitgedra en 'n nuwe vuur begin. Wanneer ons afkom, was die eetkamer gesellig warm, kon die kinders eet en skool toe gaan. Haar jongste van drie jaar het sommer saamgestap kleuterskool toe. Daarna was die dag ons twee s'n. Ons moes wasgoed was, kombuis opruim en al die baie beddens bo opmaak. Ons het dit kuier-kuier gedoen. Hulle het vir ses jaar 'n dubbelverdieping huis gehuur wat vier slaapkamers op die boonste vloer gehad het. Een was Johnnie (haar man) se studeerkamer met 'n geraamte van 'n mens onder die enkelbedjie. Dit was 'n uiters effektiewe afskrikking vir die kinders, haar twee en my drie het die kamer vermy. So het hy totale privaatheid gehad om te studeer. Die deur was altyd toe. Party aande het hy darem Welsh Fargo saam met ons kom kyk. Geld was altyd skaars. Sy het ook 'n jaarlikse inkomste van 'n plaas gehad nes ek, en haar man het een of ander lening of reëling hier in Suid-Afrika gehad wat vir hom 'n bedraggie maandeliks in 'n bank in Dublin

inbetaal het. Ons het finansieel net-net deurgekom, maar ons het nooit oor geld gepraat nie. Elke oggend het die broodwa omgekom met 'n reuse ou perd wat sy roete só geken het dat hy vanself voor elke hekkie gestop het. Die broodman het aan die voordeur geklop met 'n groot druiwemandjie vol met 'n verskeidenheid heerlike vars brode. Ons kon elke dag ander soort brood eet. Na ons uitgesoek het, het ek altyd 'n ekstra grote vir Bines gekoop. Hy was dertien en op die groot-eet stadium.

Die tyd het aangestap en ons het begin praat van terugkom. As gevolg van ons heerlike verblyf het ek nie weer aan die huurgeld van my plaas gedink nie. Dit moes verhoog word, 'n nuwe ooreenkoms aangegaan word en ek was nie seker hoe nie.

Op die eerste dag van Januarie het Baba, Johnnie en hulle twee kinders ons weer op die kaai van Dun Laoghaire langs die boot afgelaai. Daar langs die loopplank moes ons groet. Daar was trane en baie drukkies. Die twee nefies Ben en Ockert, het lustig en hard gehuil. Die boot se klok het gelui en ons moes die loopplank op. Oor die relings gewaai en gewaai tot die groepie op die kaai te klein en te dof geword het. Die Ierse see was stil soos 'n dam en die vaart tot by Holyhead aan die Engelse Weskus was sonder voorval. Weer op die trein tot in Londen, waar ek drie dae kon oorbly om dié groot wêreldstad so effens vir my tiener kinders te wys. Die Toring met die Kroonjuwele waarin ook ons eie groot diamante skitter. Daar het ons om en om beweeg want die wagte laat jou nie te lank toe om stil te staan nie. Ons het die beroemde Madame Tussauds gaan bekyk waar al die hoës, skelms en moordenaars staan gemaak is.

Ons het gewaag om met die moltrein na plekke te ry maar dit meer geniet om bo in Londen se rooi busse te ry vanwaar mens alles kan sien. Ons het in die parke gesit en pasteitjies geëet, die Buckingham Paleis besigtig en gekyk hoe die wag omgeruil word. Selfs een aand na 'n teater gegaan maar was nie eintlik beïndruk nie.

Weer op die trein tot in Southhampton tot langs die boot en daar sien ons toe die boot is weer die Winchester. Deur een of ander ruiling het dit só gebeur dat ons bespreking weer op die Winchester geval het. Op dek het

die bemanning ons verwelkom soos familie. Vriendeliker kon ons nie onthaal word nie. Ons het vriende gemaak en weer was die reis net een heerlike vakansie.

Merkwaardig van die reis was die kalm see wat ons ervaar het. Net die Kaapse rollers het die skip rondgegooi. Verder was die Atlantiese oseaan soos 'n dam. Op die heenreis en op die terugreis het ons die groot voël hoog in die lug sien hang. Die Albatros. Soos 'n beskermengel lê hy op die hoë windstrome sonder om sy wye vlerke te roer en met 'n bietjie verbeelding kan 'n mens sy groot, kwaai, deurdringende oog sien wat die boot dophou. Die bygelowe van matrose is bekend. Een daarvan is: waar die Albatros hang, is die winde stil. So is ons twee keer langs die baai van Biscay verby soos oor 'n gladde meer. *"Like a pond"* was van die Engelse aanmerkings. Twee keer oor die Ierse see wat ook bekend is vir rowwe waters en gevaarlike storms. Maar vir ons was dit net stilte en lekker. Terug langs die Weskus van Afrika, die Atlantiese Oseaan, rustig en voorspoedig.

In Kaapstad het ons vroeg aangekom. Almal staan haastig op en gaan op die dek – baie nog in slaapklere. Wonderlik om die berg so uit die see te sien opstaan. 'n Sonnige somersdag. Die berg was te pragtig van die see af. Donker blou, geen mistige wolk op sy kruin nie, net die skitterwit huise om sy voet. Waarlik 'n gesig om te sien. Op die boot word die passasiers wakker gemaak wanneer die berg in sig kom. Wonderlik om die berg so van die see af te sien groter word. Onwillekeurig dink mens aan die verre verlede toe seevaarders hierdie gesig die eerste maal kon sien ná maande op seilskepe wat deur winde aangedryf was sonder enige ander krag. Party het hierdie Kaap genader in stormweer en moes ver die see in skuil. Storm Kaap was sy naam, maar die skoonste, mooiste Kaap was hierdie punt van Afrika waar die twee magtige oseane ontmoet, ook genoem.

## 1958

Sonder woorde het ek en my drie kinders op die dek tussen baie reisgenote gestaan. Die sleepboot van Kaapstad ontmoet die groot boot buitekant die hawe. Die groot boot se enjins word afgeskakel en die hawekaptein neem die stuur oor. Doeanebeamptes kom saam met die hawekaptein aan boord. Vanaf die dek kon ons hierdie aktiwiteite dophou. Passasiers weet nie eers van die geheime verseëlde deur net bokant die waterlyn nie. Ons het huis toe gekom. Die verposing was verby. Hierdie berg se land is ons land. Hier moes ons 'n nuwe lewe begin. Die skip draai om die hawe te nader. Die klokke lui vir ontbyt. 'n Heerlike vyfgang ontbyt word bedien terwyl die skip vasmeer en die doeane aan boort hulle pligte afhandel. Twee breë loopplanke word aan die hawekant vasgemaak en ons kan afstap. Ons bagasie sou op die trein besorg word en ons kon met 'n huurmotor die stad in ry. Ons is tuis. Met nuwe oë kyk ons na ons land.

My eerste opmerking was oor die baie pragtige meisies op pad werk toe, met kortmou rokke, bruin gebrande bene in wit skoene oral op Kaapstad se sypaadjies en by die verkeersligte in bondels oor die strate. Ons het nie dadelik daaraan gedink dat ons twee winters agter die rug gehad het nie. Kaapstad se somer het ons met 'n skok getref. André en ek het gestaar, en dadelik besluit ons laaste geldjies gaan vir spierwit sandale. Die winkels het eers later oopgemaak en ons het die begeerde sandale gekoop. Toe eers besef ons ons het in Engeland of Ierland nooit 'n wit skoen gesien nie. Ons harte het opgewonde geklop. Johannesburg, hier kom ons met ons wit sandale! Maar eers vrugte koop. Op die parade met al die vrugestalletjies het ek eers besef hoe skaars vrugte was waar ons vandaan kom. Hier voor ons was vrugte in oorvloed wat in Ierland onbekend is. Vandag is dit egter anders. Die groot vliegtuie neem alle soorte vrugte oral heen na wie ookal wil betaal. Selfs die sagtes soos avo's en papaja's, perskes en druiwe reis die wêreld vol. Ons het twee drasakke vol gekoop en besluit ons sal op die trein terug na Johannesburg nét vrugte eet.

Vieruur die middag het die trein uit Kaapstad vertrek. Die wingerde en die berge was ons eie wêreld s'n. Die diens en die kos op ons trein was ver, ver bo die Emerald Isle Express s'n. Daar kon ons in die eetsalon net een gereg

per persoon bestel en hier kon ons deur 'n hele spyskaart eet en nog van die groot geelperskes in 'n bak vir ná die nagereg kry. Ongelooflik oordadig!

'n Uitstaande aspek van ons hele reis was die wonder dat niks van ons weggeraak het nie. Ons bagasie was goed geëtiketeer van trein na boot, van boot na trein en in Londen weer van die Southampton-trein na die trein wat ons by die Ierse boot sou aflaai en daarvandaan weer op 'n boot. Op die kaai van Dun Laoghaire waar ons mense op ons gewag het, was alles by ons neergesit waar ons gestaan het. Net so het alles op ons terugreis met dieselfde pad glad verloop. Nooit moes ons soek na iets nie. Vir my het dit werklik laat glo dat daar oor ons gewaak was.

Met ander oë het ons die Karoo bekyk. Die wye ver vlaktes, die windpompe met dammetjies en krippe en die skape en altyd, áltyd die son. Hier in die trein het ons eers besef hoe ons die son gemis het. Die Vrystaatse oneindige mielielande. Groen en geil in Januarie. Die nag in kraakskoon, opgemaakte wit beddens kon die ritme van die ysterwiele ons aan die slaap sus. Die volgende dag net na middagete dreun die trein oor Vaalrivier se brug. Ons is in die Transvaal. Skielik was Johannesburg naby. Die voorstede flits verby en ons voel die trein gaan stadiger. Ons oë bly op die vensters en ons hang al verder uit. Stadig kruip ons trein die stasie binne en daar op die peron staan ons familie en 'n paar vriende. Die trein kruip verby hulle en ons waai en roep en hoor hulle verbaasde aanmerkings oor ons 'bleek gesigte en vaal hare'! Ek kyk na my blonde kinders terwyl die trein tot stilstand kom en sien hoé vaal ís hulle koppe. So dit wás die son wat ons so blond gehou het! My skoonsuster gee ons huisvesting tot die trekmense my meubels in die klein huurhuisie wat skoon uitgeverf is en so hier en daar deur die eienaar verbeter is, kom neersit het.

Ons gesels nagdeur. Die kinders boer in die swembad en die hare word witter. Die meubels kom en ek gaan haal vir Thomas, ons hondjie en die Morrissie. Ons trek in en pak uit. André gaan Helpmekaar Hoër Meisieskool toe en Bines in die seunskool oorkant. Ben begin in 'n dubbelmedium laerskool in dieselfde straat waar ons huurhuisie is. Die twee oudstes ry bus en Ben stap. Alles val maklik in 'n nuwe patroon. Die vreemde omgewing help baie om die seer verlede verder agtertoe te skuif. Dis einde Januarie 1958. Thomas

dolwe die hele tuintjie om en ek verander die uitleg. Ons plant blomme en groente deurmekaar en gou is daar iets om te pluk. Groot slaaikoppe tussen die pers Irisse en vyf tamatieplante in 'n veilige hoekie aan die Noordekant wat voor die winter al ryp vrugte lewer. Ons maak nuwe vriende en een man begin knaend kuier. Hy neem my uit vir etes en praat van trou. Hy is 'n neef van my oorlede man, alleenloper, 'n ingenieur in die Spoorweë. Die familie begin my terg en skimpe gooi, voorstelle maak en stel glad te veel belang in my doen en late.

Daar kom nog 'n vriend in my lewe. Praat ook van trou maar sê reguit dat ek my drie kinders in koshuise moet sit want hy sien nie kans vir kinders nie. Ek vervies my en sê ek sien nie kans vir so 'n verkrampte houding nie en hy hoef nie sy tyd te mors om my weer te sien nie. My kinders het genoeg verloor en sal nie hulle ma ook verloor nie. Toe gooi hy wal en maak 'n wye draai en die gesprek word 'n argument oor kinders en huishoudings en pa en ma pligte. Dit hou aan tot die melkjong my liter bottel melk hard op die stoep neersit, net buite die voordeur. Ek staan by die deur en sê: "Ek hoop ek sal nooit weer in so 'n nuttelose nagdeur gesprek betrek word nie". Hy is saam met die melkjong by die voorhekkie uit. Daar het ek duidelik besef, miskien vir die eerste keer, dat 'n tweede huwelik vol slaggate kan wees. Sy houding het 'n waaksaamheid in my wakker gemaak. Ek het elke moontlike "vriend" met baie kritiese oë bekyk, en besluit ek bly alleen.

Tog was daar tye, hier na byna drie jaar, wat ek gewonder het of ek vir altyd met my kinders in dié huurhuisie sou bly en só versigtig en vol twyfel deur die lewe sou gaan. Ek kan nie onthou dat ek hierdie onsekerhede met die Here bespreek het nie. Ek kan nie onthou dat ek ooit vir die Here gevra het om vir my 'n beter toekoms uit te werk nie. Was nog baie seker ek sal self regkom. Daar moet net nog 'n tydjie verloop. Iewers sal ek 'n pad sien. Eie insig en eie planne was nog bo.

My gedagtes het weer plaas toe gegaan en ek moes moed bymekaar maak om die huurder van my plaas te konfronteer met 'n verhoogde huur. Nog altyd was geld 'n probleem al het ek my eie huis nog verhuur moes ek huur betaal. Die kinders het meer nodig gehad en ek was genoodsaak om tagtig pond van my suster te leen vir die terugreis. Ek het goed geweet sy het dit

beswaarlik gehad, tog het sy my gehelp. Na lank en diep dink het ek onthou van 'n goeie prokureur in Klerksdorp wat my pa geken het en van wie my pa baie positief gepraat het.

Ek het met die Morrissie Klerksdorp toe gery, sy naam in 'n telefoonboek gekry (by die poskantoor se telefoonhokkie, aan 'n ketting vas) en 'n afspraak gemaak. Hy het my vriendelik ontvang en ek het my storie van die plaas en die huurgeld vertel. Ek het bygevoeg dat ek onseker is hoeveel ek die huur kon opstoot om beter te kan lewe.

Toe sê hy: "Mevrou, jy sal die plaas vir my moet gaan wys, dan sal ek jou sekerlik van raad kan bedien." Ons ry toe die agt myl noord van Klerksdorp en ek wys hom die lande, die werf en die weiding. Toe hy sy kar weer in die grootpad het, neus terug Klerksdorp toe, hou hy stil en draai na my en sê dat hy my nou as ons terug is in sy kantoor, 'n tjek sal gee vir twee keer soveel as wat ek kry. Hy voeg toe by dat hy reeds twee plase huur met die oog om later, as hy ouer is, te koop en hy weet dus goed wat huurplase kos. Ek was verbaas maar baie bly. Ek sê toe vir hom dat ek nog vas is onder 'n kontrak uit my pa se boedel. Die tyd sou oor drie maande om wees en ek sal die huurder sommer dadelik kennis gee. Met die meer kennis en hulp het ek toe aan die huurder kennis gegee dat ek oor drie maande X-bedrag wil hê vir die volgende termyn en dat ek reeds 'n ander huurder het as dit hom nie pas nie. Dit was nie lekker werk nie. Ek moes luister hoe swaar boerdery is en al die geykte boere-klagtes aanhoor, maar ek het voet by stuk gehou en gesê Augustus wil ek X-bedrag hê. Daar het ek begin hard word, besef enige besigheid is nie vir sissies nie, en om in drie kinders se behoeftes te voorsien moed en durf kos. 'n Meisie van vyftien is 'n grootmens. 'n Tiener in die hoërskool met maats waar geld volop is. Pa's is wat in groot, blink motors ry, op skoolrade dien en invloed het. Ek het die baie leë plekke met helder oë gesien en net besluit geld en net geld kan bietjie beter maak wat baie sleg is. Augustus-maand het ek my dubbele huur gaan haal en nié sleg gevoel nie. Ek het dadelik tagtig pond laat oorplaas na my suster se bank in Dublin. 'n Brief vol dankies het gevolg. Ons het gereeld geskrywe en sy was op hoogte van my doen en late. Sy het ook maar baie huis toe verlang, maar het nooit gekla of laat deurskemer in haar briewe nie. My pa sou gesê het sy twee meisiekinders is braaf en taai. Miskien was ons, want ons het oorleef.

Die neef het aangehou kuier. Hy was nie veeleisend nie, maar het tog gesê hy sal graag met my wil trou. Ek het dit maar eenkant toe geskuif. Eendag toe hy weer praat van trou, toe sê ek vir hom: "Jy is 'n losloper en wil met 'n vrou trou met drie kinders en eendag sal jy sê nou wil jy ook kinders hê en wat dan?" Hy het ewe verbaas na my gekyk en gesê: "Op hierdie oomblik van tyd het ek nog nooit oor 'n kind of kinders gedink nie, ek het net nog gedink, vir jou wil ek hê! Ek wil met jou trou, kinders en al".

Ek het dit afgelag maar het tog later ernstig daaroor gedink. Eerstens, hy is familie. Tweedens, my van sal dieselfde bly as my kinders s'n en derdens, en vir my baie belangrik, my skoonfamilie sal dieselfde bly. Almal het van hom gehou. Hierdie oorwegings klink nie baie romanties nie, maar vir my was dit belangrik. Ook sy reaksie oor kinders was vir my belangrik.

# 1959

Een Dinsdag het ek myself mooi aangetrek en 'n hoed op my kop gesit. Dries het my kom oplaai en ons het Springs toe gery. In die kerk het my swaer ons getrou en twee mense van oorkant die straat ingeroep om as getuies te teken. Ons was net vyf mense in die groot, leë kerk. Miriam, my skoonsuster, het stadigaan daar in die pastorie besef dat haar man met die huweliksregister onder sy arm na die motorhuis gestap het. Sy het vinnig somme gemaak, in haar karretjie gespring en by die kerk aangekom net toe ons vyf by die voordeur uitgekom het. Sy het twee hande vol roosblare van die kerktuintjie afgegryp en ons kom strooi. Hulle het ons geluk gewens en ons het teruggery Johannesburg toe. Dieselfde aand het ons per telefoon die familie uitgenooi vir 'n ete in die ou Stasierestaurant die Saterdagaand en vertel dat ons getroud is. Na die ete vier dae later, het ons weggery na die Drakensberge vir 'n wittebrood. Ouma Alie, my eerste skoonmoeder, het in my huisie kom bly en na my kinders omgesien, met Thomas as kok en toesighouer. Dit was Maart-maand 1959.

Ons het binne weke na ons terug was van ons vakansie, 'n baie mooi dubbelverdieping huis in dieselfde omgewing gekoop. Daar het ons 'n familie geword. Wat stukkend was, weer heelgemaak en dit het goed gegaan. Voor die volgende Kersfees het ons 'n pragtige onbeplande, maar báie welkome babadogter by gehad. Na baie jare het ek eers besef hoeveel geluk en liefde het sy in ons lewe ingebring. My drie kinders was gek na die nuwe speelding. Altyd gereed om op te pas, te bad, te help, te sus, te soen en te druk. Haar pa was net so mal oor haar en die ou bachelor wat nooit oor kinders gedink het nie, het skielik in 'n baie toegewyde pa ontwikkel en was altyd gereed vir pajama-dril. As sy olik was, en die een keer baie siek, was hy eerste op sy knieë om vir haar te bid, terwyl ek nog die dokter bel. As daar ooit 'n bindende faktor in 'n familie kon wees, dan was dit die klein meisietjie.

Was dit ons Hemelse Vader wat hierdie bondel liefde so op die regte tyd tussen ons ingegooi het? Ek glo so. In retrospek glo ek dit al meer. Baie vloede en baie vure was nog vorentoe op my pad, maar sy was altyd daar soos 'n liggie en 'n troos. Terwyl ek hier skrywe is sy al self 'n moeder van drie pragtige seuns met 'n goeie man. Nog steeds vir my 'n hulp en troos.

Deur haar het hy drie pragtige seuntjies in sy lewe gekry. As sy nie so onbeplan gekom het nie, sou ons dalk te lank en te deeglik beplan het en dalk sou die sorge van die lewe en ons slimmigheid God se plan in die wiele gery het. Soos dit gebeur het was dit perfek.

Hierdie neef met wie ek getrou het was altyd goed vir my kinders. Miskien was hy anders as wat hulle pa sou wees, wie sal ooit weet, maar hy was 'n baie goeie vriend vir hulle. Vir Ben het hy met wiskunde gehelp tot deur matriek. Vir 'n bachelor om twee tieners as kinders by te kry het gevra vir 'n brawe man. Ben was nog nie nege nie en het die maklikste aangepas. My twee mooi dogters is nou eintlik kleinniggies van mekaar. Ek kan met vreugde sê hulle is susters. Die woord halfsuster of broer is vir ons vreemd en word nooit in ons familie gebruik nie. André se matriekmaats het streep-streep kom kuier om die baba te bewonder en bietjie vas te hou. Ons huis was vol jongmense en vol musiek en Ansophie het op die ritme van Muss ich dan gekruip en later getrippel. Dit was daardie tyd die hit tussen die jonges wat dit op die klavier gespeel, gesing en gesokkie het.

Ons het 'n groot eetkamer en 'n seunskamer met badkamer aan die huis laat bou. Die hele tuin het ek weer laat omdolwe en nuut uitgelê en beplant. Die binnekant van ons huis het ons geverf en geplak met pragtige plakpapier wat toe hoogmode was. Die kombuis is ook oorgedoen. Dit was 'n gelukkige tydperk. Met die geldsake het dit beter gegaan want daar was twee inkomstes.

André het matriek geslaag en na Stellenbosch vertrek. My nuwe skoonmoeder het in ons huis kom bly om die baba, wat Ansophie geheet het, en haar name van ouma Anna Sophia gekry het, op te pas. My skoonma wat ons Ouma Annie genoem het, was net so ingenome met haar klein naamgenoot. Op die trein na Stellenbosch het ons geldstelsel verander – 1961 naby einde Januarie. Daar het ek drie dae in 'n hotel gebly om André in die koshuis tuis te maak en te groet.

Na een kwartaal was André terug en het by Goudstad Kollege (naby ons huis) verder studeer en 'n graadkursus via die kollege deur Unisa gevolg. Sy het net niks van Stellenbosch gehou nie, het te veel verlang na almal by die huis.

Aan die einde van daardie jaar het ons weer die luukse van 'n groot motor geniet. Vir my die eerste groot motor sedert die verkoop van Abelines se motor, byna ses jaar gelede. Dit was 'n donkerblou Rover 3-liter met ligte blou leerbekleedsel – dieselfde kleur as ons baba se oë. Ek het verskriklik baie van die kar gehou al was dit nie 'uit die boks' nie, soos my ou buurvrou suur opgemerk het. Ons het die kar deur 'n vriend gekoop van 'n ou ryk dame wat net 'n ander kar wou koop. Die kar was baie goed opgepas, sonder 'n skrapie of letsel met 'n lae mylafstand en ons was hoog in ons noppies. Vir baie jare was die motor net 'n suiwer plesier. Dit het met ons goed gegaan en ons was gelukkig.

Toe gebeur Sharpville. Die onluste in 'n swart woonbuurt. 'n Polisiestasie word bestorm, daar word geskiet en die koerante gaan mal. Groot foto's van dooies op die sandpaaie van die woonbuurt rondom die polisiestasie. Huispryse val. Die eiendomsmark reageer negatief en mense wil die land verlaat. Ek word bewus van winskope in ons eie omgewing. Ek koop my eerste huis net 'n straat agter ons. Ek praat self met die verkoper wat my haar vliegkaartjie na Australië wys en my verseker dat sy klaar is met Suid-Afrika. My oë gaan oop en ek begin koerante lees waarin eiendomsadvertensies volop verskyn. Ek gaan praat met die Permanente Bougenootskap se een prokureur wie ek deur 'n familielid ontmoet het. Hy help my en ek koop nog twee huise net met die huise self as waarborge. Verder werk ek net met die Perm se geld. 'n Agent kry vir my huurders en ons stel die huurgelde net 'n bietjie hoër as my verpligting aan die bougenootskap. Dit loop vlot. Die huise betaal hulle self af en ek het 'n ekstra klein inkomste. Ek huur een swart man by wat kan verf. Hy kan ook bietjie bou en messel. Met hom hou ek die huise in stand en die tuine netjies en verbeter selfs hier en daar iets. My man ondersteun my in alles en ek voel ek is op 'n pad van voorspoed.

Na 'n tyd gee een huurder kennis en ek en my hulp maak groot veranderings aan die leë huis. Ons verander, met die hulp van 'n loodgieter die spens in 'n badkamer, sit kaste en rakke in 'n ander vertrek en maak 'n nuwe kombuis met 'n elektriese stoof. Die ou kombuis word die hoofslaapkamer. Ons verf en ek plak en teël party van die mure. Die ou houtvloere word geskuur en geseël. Die huis word baie mooi en ek sit hom in die mark. My huuragent kry 'n koper en ek maak 'n netjiese wins. Die politieke paniek van Sharpeville

gaan lê soos 'n stofstorm. Nog 'n jaar gaan verby en ek koop nog twee huise met dieselfde plan in my kop, dieselfde prokureur en bougenootskapgeld en dieselfde entoesiastiese agent.

'n Snaakse klein tussenspel. Die vrou wat Australië toe gegaan het, kom soek my en sê sy wil haar huis terugkoop. Australië is goor en dit gaan nou weer goed hier in Suid-Afrika. Sy was baie ontsteld toe sy hoor ek besit nie meer die huis nie en dat die huis nou heel anders lyk as toe sy daaruit getrek het. Die nuwe eienaars ná my was nou reeds besig om die voorste heining te vervang met 'n mooi muur. Ek het haar nooit weer gesien nie. Sy is vir al wat ek weet, nou weer in Australië. Maar ek gaan aan met my eiendomsbesigheid. In daardie jare was huise met net een badkamer algemeen. As ek dan 'n huis adverteer met drie slaapkamers waarvan die hoofslaapkamer en suite is (in plein Afrikaans, 'n hoofslaapkamer met sy eie badkamer) kon ek die prys verhoog en nog gou kopers kry.

Eendag kom ek weer by my hulpvaardige prokureur met 'n offer deur my geteken om nog 'n huis te koop. Hy nooi my om te sit en sê ewe vriendelik dat hy sien ek "hardloop aan" met die ou huise maar daar is 'n gevaar. Die ontvanger gaan my klassifiseer as 'n spekulant en my aanslaan op my wins. Ek skrik en vra: "Wat nou?" Sy raad aan my was: "Hou elke huis vir minstens twee jaar op jou naam geregistreer as 'n huureiendom en dan sal net die huurgeld, minus jou belastings en verbeterings by jou man se inkomste gevoeg word. Dit is dan al waarop jy belas kan word. Dit was nou 'n remskoen aan my nuut ontdekte onderneming, maar ek het sy raad noukeurig gevolg en was dankbaar. Daardie jare het 'n man en sy vrou nog saam belasting betaal.

Bines slaag matriek en praat net plaas vir sy toekoms. Tog het ek hom by Pretoria Universiteit ingeskryf vir 'n ander kursus wat hy gehaat het. Na een jaar in Pretoria het hy homself by die landboukollege in Potchefstroom gaan inskryf. Toe was hy gelukkig.

Gedurende Bines se tweede jaar in die landboukollege het hy van sy dosente na my erfplaas geneem vir 'n evaluasie. Hulle moes bepaal of 'n mens 'n ordentlike lewe daar kon voer. Die antwoord van die landboudeskundiges

was dat die plaas wel goed genoeg was vir een boer maar nie twee kon dra nie en nie verdeel kon word nie. My gedagtes was nog om regverdig te wees teenoor my twee seuns. Ek kon nie my plaas net aan een bemaak of verhuur nie. Wat dan van Ben? Dit word toe 'n nuwe kopseer. Buitendien was die plaas se huur nog my inkomste.

Terwyl ek so prys- en waardebewus rondom stadseiendomme geword het, het ek sommer ook begin loer na plattelandse eiendomme – myself begin leer van plase. Groottes en pryse en myle van Johannesburg af, saaiplase, beesplase, selfs opgelees oor plantasies waar 'n mens kan geld maak uit hout.

Ek sou só graag met my pa wou gesels het in hierdie tyd. Hy het geld gemaak maar nie net uit boerdery nie. Inteendeel, hy het baie geld in ons plaas gesteek wat hy op ander plekke gemaak het. Hy het soos Salomo waterwerke gemaak. Baie boorgate, windpompe, pyplyne, vrugteboorde en wingerde aangelê. Dit was pragtig en hy het 'n baie mooi huis vir ons gebou – mooier as meeste van die dorpshuise. Ons huis was voorsien van binne-riolering terwyl nagkarre nog snags in Klerksdorp se strate geloop het. Ons huis het ook elektrisiteit gehad. O, hoe het ek begeer om met my pa te praat. Maar hy was weg, lê al jare in die kerkhoffie onder die langrant, reg langs een van sy vrugteboorde. Dikwels het trane oor my wange gestroom van verlang na hom.

Nooit, tot my skande moet ek erken, het ek ooit begeer om met my hemelse Vader te praat oor my planne en drome nie. As ek toe al my hemelse Vader geraadpleeg het, vir Hom van my planne vertel het, sou ek seer sekerlik vandag 'n ander storie geskrywe het. Hoe swaar moes ek leer. Hoe duur moes ek nog betaal. Maar ek het nie geweet nie. Ek wou geld maak. Ek wou vir my kinders beter sorg as wat 'n pa sou kon doen. My hartseer het 'n obsessie geword. Hoe verskriklik kan ambisie jou aanjaag. God se plan vir Sy kinders is baie anders as wat ek gedink het. Ek wou die planne maak en Hy moes my net help. Baie later moes ek net oorgee en laag, laag buig, totaal glo en niks in myself word nie. Baie later het ek eers in Jeremia gelees dat die Pottebakker die voorwerp van die skyf af gooi want die voorwerp het misluk maar Hy het 'n nuwe voorwerp voortgebring. 'n Voorwerp wat reg was in die oë van die Pottebakker (Jeremia 18:3 en 4).

Ek het nooit gedink hoe ek vir die Pottebakker lyk nie.

Nie lank gelede nie het ek in CS Lewis se boek gelees waar hy skrywe oor die ommekeer in sy lewe toe hy tot bekering gekom het. Hy sê God wil jou nie mooi maak of afstof of opsmuk vir Sy koninkryk nie. Hy (God) wil jou doodmaak! Skrikwekkende woorde!

Op 'n dag het ek 'n plaas geadverteer gesien wat vir my baie aantreklik gelyk het. Ek het gedink ek sal net eers bietjie met die agent praat. Hy het die foon geantwoord en ek het gevra na die geadverteerde plaas. Ewe opgewek sê hy dat hy daardie plaas die vorige week verkoop het. Maar soos 'n wakker agent begin hy my uitvra. Uiteindelik weet hy presies wat in my gedagtes aangaan en het my telefoonnommer geneem.

Ek was gebind aan 'n ouderdomsbeperking in my pa se testament. Ek was toe net oud genoeg om my plaas in die mark te sit, wat ek toe ook besluit het om te doen. Met die gedagte en hoop dat ek vir die prys wat ek sal kry 'n groter plaas sal kan koop wat altwee seuns sal akkommodeer. Ben was toe maar omtrent 12 of 13 jaar oud en het nog op daardie stadium geen begeerte oor boerdery uitgespreek nie. Maar ek moes regverdig teenoor altwee kon optree, minstens in my eie beplanning.

Ek het nooit my plaas aan 'n agent gegee nie of 'n advertensie in enige publikasie geplaas nie. Daar het net eendag 'n man my kom sien en gesê hy ken die plaas wat ek verhuur en hy stel belang om dit te koop. Ek was verbaas maar het tog gesê hy moet 'n offer maak. Ek sal intussen bietjie uitvind oor pryse en miskien kan ons besigheid doen. Ons het ooreengekom om oor 'n maand verder te praat. Hy was 'n boer van Ottosdal-distrik.

Kort hierna het die plaasagent my geskakel met dié woorde: "Mevrou, ek sit hier met 'n brief voor my van die Sekretaris van die Cullinan Trust wat nou net per pos afgelewer is. Hy skrywe dat Lady Cullinan oorlede is op die geseënde ouderdom van iets in die negentig en dat haar kinders een van haar plase wil verkoop. Dit is 'n groot plaas in die Waterberge, goed geleë met baie water. 'n Rivier wat binne die een, langste grens deur die plaas loop, drie spruite en 'n sterk lopende fontein". Vir my, wat van 'n droë plaas

in die Wes-Transvaal kom en wat weet hoeveel geld boorgate, windpompe en stoommasjiene (vir as die wind nie waai nie) my pa uit die sak gejaag het, het die agent se beskrywing vir my soos 'in paradys' geklink. Ek het 'n afspraak gemaak om te gaan kyk.

Ek het probeer om die man te kontak wat in my plaas belang gestel het, maar het geen antwoord gekry op die nommer wat hy my gegee het nie.

# 1964

Die sesde April was een of ander vakansiedag en so kon my man, ek en Bines die agent in Thabazimbi ontmoet. Ons het vroeg gery. Ek het heerlike padkos ingepak en flesse soet koffie. Tienuur die oggend was ons in die agent se kantoor. Hy offer toe om sommer daar om die dorp vir ons plase te wys, maar by tienuur het ons die hitte van Thabazimbi deeglik gevoel en ek het sommer prontuit gesê: "Hier is dit te warm vir my, laat ons maar die bergpas vat". Hy bring toe 'n kaart en met twee karre ry ons Bakkerspas uit. Die natuurskoon was pragtig en toe ons bo-op die berge kom was die klimaat heelwat koeler. Ons is toe weer sesduisend voet bo seevlak net soos Johannesburg, volgens die agent se kaart, en dié feit alleen, was al vir my 'n pluspunt. My hart kies die berge, nie die laeveld nie. Op dieselfde kaart sien ek toe hóe laag Thabazimbi lê, amper soos in 'n groot kom. Bo-op die berge, links voor ons lê 'n plaaswerf en die agent draai daar in. Rats uit sy kar kom sê hy die man wat hier boer sal ons ook vergesel, want hy self het nog nie tyd gehad om die plaas te besigtig nie. Die boer kom groet vriendelik en wys ons 'n lugfoto van die plaas. Die rivier en die grense wys duidelik, ook al die spruite, die fontein, vlei en 'n groot bos met 'n ou werf, aan die oostekant. Sonder 'n huis, maar met 'n groot stoor. Op die beste plek teen die bos staan 'n twee-vertrek murasie. Op die foto is die grenslyne ingeteken en die grootte van die plaas ingeskrywe.

Ons draai af en ry deur 'n drif in 'n spruit. Twee spore loop om 'n mooi koppie en voor ons lê die groot plaas uitgestrek tot waar die vlaktes afsak in 'n diep kloof waar die rivier loop. Op die werf klim ons uit. Dis woes en leeg en die gras staan heuphoogte. Daar loop 'n pragtige helder stroom water oor die ou werf agter die murasie en die stoor verby.

My man loop die bos in om die stroom se oorsprong te soek en Bines kry ook koers. Ek loop so 'n paar treë terug op die motorspore om verby die bos te kom en sien die uitgestrektheid van die vlaktes en vleie. Waar ek vandaan kom lyk dit net so. Selfs die ligging van die rante lê soos ons plaas s'n, maar alles hier is groter, oper, wyer en ten spyte van die droogte, wat ek wel van geweet het, is dit vir my pragtig. Ek staan soos een wat droom. Soos een wat op 'n groot doek kleure moet invul. Ek sien honderde rooi Afrikaner

beeste op die vlaktes. Ek sien groot groen lande en 'n hoë grasdakhuis met klip fondamente en klip kaggels. Ek sien 'n groot trop wit ganse speel en wieg op die stroom. Vir die dak is al die gras hier, al die klippe is hier en vuurmaakhout vir jare en jare. Hoe kon ek weet dat dié hoek wat my hemelse Vader daardie dag vir my uitgooi, pragtig, wonderlik 'ge-aas' was. 'n Stuk van Afrika! 'n Erfporsie, nie vir twee nie maar maklik vir ons almal.

Ek staan daar en raak verlief. Erger en hopeloser as wat 'n vrou op 'n man kan verlief raak. Ek sink weg in drome en begeertes en ek weet verseker, hier gaan iets wonderlik onaards gebeur.

Agter my kug die agent en sê: "Ja, mevrou, ek weet dit lyk woes en wild maar hierdie plaas hét potensiaal". Ek kom terug aarde toe en draai na hom en in 'n oomblik van helderheid sien ek wat hy sien. 'n Stadsdame in fyn hoëhak sandale en goed versorgde hande, hare en tone, staan en droom in die wind en lang gras. En ek sien hy het geen hoop om sy kommissie te verdien nie. "Dink jy jy kan vir my 'n opsie om te koop van die eienaars kry? Sê so vir sestig dae, ek het baie reëlings om te tref." Ek sien sy mond gaan oop en daar kom geen geluid uit nie. "Wil… wil mevrou koop?" stotter hy. Ek sê toe: "Ja, die plaas is pragtig, net wat ek gesoek het en ek wil hom hê. Stuur die opsie per pos aan my. Ons het nou die lugfoto by ons en sal nog baie keer kom kyk en oor twee maande sal ons seker reg wees." My man kom toe net by en bevestig die sestig dae tydperk en ons groet en vertrek. Ons neem toe die Warmpad pad wat met 'n ander kleiner bergpas sommer reg op Warmbad afpeil. Langs die pad het ons in die koelte van 'n groot wildevy ons padkos geëet.

Nou moes ek daardie man wat my erfplaas wil koop in die hande kry. Ek dink daaraan om die poskantoor van Ottosdal te kontak om te hoor of die telefoonnommer wat ek het, die regte nommer is. Dit het nie eers in my gedagtes opgekom om na meer plase te gaan kyk nie. Ek het plase redelik leer ken in my jong dae as plaasnooi. Daardie tyd het ek my altyd verwonder en vervies aan die swak uitleg van plaaswerwe. Die huis sit gewoonlik met die agterdeur na die inrypad toe, en dus sit die onontbeerlike gemakshuisie ook in die aanry omgewing. Nêrens het ek 'n boom of mooi rankplant by hierdie geboutjies gesien nie. So, 'n groot plaas sonder 'n werfuitleg het my net reg gepas. Ek sal 'n pragtige werf uitlê. Ek sien al klaar die eindproduk soos 'n

skildery in my kop. Die buurman wat ons daardie eerste dag begelei het, het later 'n goeie vriend geword. Eendag, baie later het hy my vertel dat toe ons daardie eerste dag daar weggery het, het die agent weer by hom aangery en tee gedrink en vir hom gesê: "Daardie vrou is 'n koper wat uit die hemel aan hom gestuur is." Nooit het hy uitgevind of ooit gehoor hoe 'n groot en misterieuse waarheid in sy woorde was nie. Byna sinistere profetiese woorde van 'n agent. My kop was só vol planne en drome dat ek nagte wakker gelê het en voortgebou het op wat ek gesien het en daar sou doen!

Intussen was André in haar laaste jaar van studie. Sy word 21 jaar oud en 'n gawe jong man kuier by haar. Haar 21ste verjaardag was kort na Nuwejaar en ek het besluit sy gaan 'n baie mooi partytjie kry. My tuin by ons huis in die stad was mooi en Dries het 'n groot seildak voor die tuindeur van die groot sitkamer gespan. Ons tema was 'n nag-kafee. Ek het tafeltjies met bypassende stoele gehuur. 'n Kers op elke tafel staangemaak, met blomme en lekker kos. Op elke tafel was ook 'n bottel vonkelwyn en 'n bottel koeldrank. Van hulle jong vriende het musiek gemaak en 'n jong ontluikende balletdansertjie het 'n pragvertoning op die grasperk onder twee lemoenbome vir ons gelewer. 'n Ware ballerina wat die twee bome as agtergrond en stutte gebruik het en ons bekoor het met haar kuns en grasie, haar lang, lang hare en haar kaalvoet dans op die gras. Pragtig! Dit was 'n groot sukses en ek was dankbaar dat my gedagtes los was van die plaas en dat die een-en-twintigste so mooi verloop het. Om Thomas te help wat natuurlik nie die aand aan diens was nie, het ek begin opruim toe die gaste, baie laatnag vertrek het en my huismense gaan slaap het. Toe het ek die skottelgoed begin was wat in stapels op die kombuisvloer gestaan het. Ek was bly en gelukkig. Toe die son die volgende môre opkom en deur die kombuisvenster val, het ek net die laaste bord en koppie gebêre en die vadoeke in seepwater in 'n plastiek skottel ingelê.

Eendag het André en ek stad toe gegaan. John Orr's ons grootste afdelingswinkel in die middestad was maar ons inkopie plek. Dit was die jare voor die inkopiesentrums in die noordelike voorstede soos paddastoele verskyn het. Sy het my vertel dat sy en Noël al oor trou praat. Hulle was ernstig oor hulle verhouding. Hy was ook verlangs verwant aan ons en 'n geoloog van beroep in 'n goeie werk vir 'n mynmaatskappy. Omdat sy

pas een-en-twintig geword het, het ek gepleit vir tyd. Wag net 'n jaar of so, en geniet nog 'n bietjie jou jeug, het ek gemeen. Noël was die aanneem seun van my swaer Ben Schoeman, wie toe Minister van Vervoer in die Nasionale regering was en hy was al nege-en-twintig jaar oud. Hulle het egter voortgegaan en verloof geraak. Die mooi groot effens geel diamant aan my kind se vinger was tog vir my 'n skok. Op 'n dag toe die familie bymekaar was het ek vir 'ou Ben', (ons het hom 'ou Ben' genoem bloot omdat hy die oudste man in die familie was) my swaer die Minister gevra: "As die kinders wil trou, hoeveel mense sal julle van julle kant af, kaartjies voor moet stuur?" Hy sê toe: "Ek sal verplig wees om die hele Kabinet en die hele diplomatieke diens te nooi." Ek was verslae, verstom, hy kon my net sowel met 'n knuppel oor my kop geslaan het. My verstand en my hart het net geskree: nooit! nooit sal ek in nog 'n te groot ding gedompel word nie. Dit was uit! Ek sal nie! Maar wat sál ek? Wat kan ek, soort van, klein, intiem reël waarmee hy sal saamstem? As die mooi ring aan my mooi dogter se vinger vir my 'n skok was, was dit sekerlik 'n klein skokkie gemeet teen die skok van haar aanstaande skoonpa se gastelys! Ek was uitgeboul!

Maar glo my, 'n plan sou ek maak. Eendag, weer daar in John Orr's in die stad waar ek vir haar iets mooi koop vir haar bruidskas, sê ek vir haar: "Jy weet André, as jy en Noël wegloop en stil trou, as julle dan nie wil wag vir 'n jaar of so nie, gee ek vir julle een van my 'slim' huise as 'n trougeskenk en alles is verby en julle het 'n sterk begin." Ek kan glad nie onthou wat sy hierop geantwoord het nie. Ek sal ook nooit weet hoe, en met watse woorde sy hierdie saak of plan aan Noël gestel het nie. Nog minder sal ek ooit weet wat hy gesê het nie.

Voordat ek die Ottosdal sentrale kon kontak het die boer my weer gebel. My eerste woorde aan hom was dat hy my nie sy regte foonnommer gegee het nie. Hy verduidelik toe dat hy nie op sy plaas was nie, maar in die Klerksdorp hospitaal gelê het en dat sy vrou by familie gebly het om naby die hospitaal te wees. "Was jy siek?" vra ek. "Nee mevrou, ek sal jou maar so kort moontlik die hele storie vertel wat met my gebeur het." Toe vertel hy: "Ek het in Klerksdorp vir my 'n nuwe motor gaan koop. Op pad terug na my plaas het ek gereken ek sal maar die motor so 'n bietjie uittoets. Spoed en padhouvermoë en so aan. Toe ek nou mooi op spoed was, toe voel ek 'n ding

kruip langs my been binne in my broekspyp op en ek dink net slang! En toe word ek die volgende môre in die Klerksdorp hospitaal wakker en my vrou sit langs my bed." "Is jy nog daar mevrou?" "Ja, ek is hier, en is baie bly dat jy my nog kan bel. Ek dag jy wil plaas koop maar nou het jy gaan motor koop." Hy sê lag-lag vir my, "Mevrou ek wil nog jou plaas koop, gee my nog 'n week of tien dae dan klop ek aan jou deur." Vinnig vra ek uit pure nuuskierigheid: "Sê net gou, wat het van die slang geword?" "Ag mevrou, dit was 'n muis. En my motor is afgeskryf met vyf en twintig myl op die mylmeter." "Wel", sê ek, "dit wil gedoen wees".

So het dit ook gebeur. Ek het tyd gehad om bietjie navorsing te doen oor plaaspryse in Klerksdorp se distrik. Hy het seker dieselfde gedoen, want het met 'n baie billike offer opgedaag. Dit was maklik afgehandel.

Intussen het ons die groot plaas gaan verken. Volgens die opsie het ek nog tyd gehad, en ons het met my Volkswagen die hele plaas plat gery. So het ons met hierdie ryery 'n eensame graf ontdek. 'n Geroesde doringdraad het in die lang gras gelê met die miergevrete houtpale daarby. Een sipresboom het langs die wit marmerstomp gestaan. Om die marmerstomp het 'n wit roosrank gedraai – ook marmer. Die sipres soos 'n wag. Die marmer rose pragtig gevorm soos ook die ranktak se dorings.

'n Prent van verlatenheid en skoonheid. Hier agter moet 'n storie lê, en ek sal soek totdat ek weet. Op die grafsteen was haar naam en 'n datum aan die einde van die vorige eeu.

By oom Harry het ek baie later gehoor wat hy weer van sy pa gehoor het.

Daar het Van Heerdens gewoon. Hulle was bestuurders van die plaas. Die stoor het middelmure gehad en was 'n woonhuis. Hulle enigste dogter het by vriende in die Laeveld gaan kuier, waar 'n muskiet haar gesteek het. Terug by haar ouers in die berge, het sy siek geword aan Malaria, en daar gesterwe.

Haar pa het 'n ossewa na New Castle, in Natal, gestuur met die bestelling vir 'n grafsteen. Hy het self die skets gemaak. 'n Boomstomp, een meter hoog, met 'n ranktak van 'n wit roos om die stomp. Die geld het hy ook

saam gestuur. Die wa en drywer moes wag en die bestelling terugbring. Oom Harry sê maande later was die wa terug. Haar pa het die messelwerk self gedoen en die enkele sipres geplant. Voorwaar 'n storie wat my hart geraak het. Was hy die stomp en sy sy wit roos? Die marmer roos daar teen die rant net bokant die vloedlyn van die spruit.

Die bergdele en af tot by die rivier wat in 'n diep vallei geloop het, het ons te voet verken. Daar was twee swart families wat op die leë plaas gewoon het en een van hulle jong mans het ons gids geword. Hy het al die waters gewys en ons het besef die rivier-vallei sou wonderlike winterweiding vir beeste wees want dit was beskerm en warmer as die vlaktes met mooi plat en grasryke plato's weerskante. Nie alles was berg nie. Die plaas het vir my begin lyk na 'n hoëveldplaas en 'n laeveldplaas in een.

Al die waters was bilharzia vry en ons kon oral swem en baai om af te koel ná veeleisende staptogte.



**Spruit**

Ben het siek geword en toe hy beter was het die dokter besluit dat sy mangels moes uitgehaal word. Al my aandag was toe by my kind. Die operasie was gedoen en hy moes beter word onder goeie versorging. Vaagweg het ek

onthou van die sestig dae opsie. Toe Ben heeltemal gesond was het ek en Bines besluit om weer een Vrydagmôre twee uur in die nag te ry sodat ons omtrent vyf uur die oggend op die plaas kon wees.

Ek het weer padkos gemaak en net ná twee die oggend ry Bines en ek uit Johannesburg na die Noorde. Dit val my toe by van my droom en ek sê: "Bines, dit voel vir my of ek klaar op die plaas was want ek was die hele voornag, in 'n baie helder droom, reeds daar. Ek voel eintlik moeg. Moeg soos ek altyd voel as ons klaar daar was." "Dis snaaks", sê hy, "vertel". Toe vertel ek hom dat ek droom dat ons op die plaas rondry, al in die voetpaadjies langs soos ons altyd doen. Voor ons was 'n helder blou kar wat ook die plaas besigtig en in die voetpaadjies rondry. Ek stuur toe in my droom die Volksie half ergerlik tot vlak agter die blou kar en ek sien sy nommerplaat. Ek sien net die OX van die plaat, nie die syfers nie." Bines bestuur en ek vertel my droom verder. "Dis 'n snaakse droom ", maar ons moet ons nie te veel aan drome steur nie." Ek sê vir hom: "Jy weet Bines, my ma was 'n dromer. Sy het merkwaardige drome gedroom wat selfs my pa in sy besigheidsbesluite beïnvloed het. Ek self het nog nooit betekenisvolle drome gehad nie. Feit is, ek droom glad nie. Maar soos ek hier sit is ek so moeg asof ek regtig reeds vannag daar rondgery het. Dit was vir my swaar toe ek moes opstaan vir hierdie rit." Ons ry in stilte voort en toe ons so verby die ander plase tussen Warmbad en die bergpas ry, sê ek: "Kyk hoe laat slaap die boere. Niks roer op die werwe nie, daar is geen rokie uit die skoorstene nie en selfs die werwe van die swart werkers wat naby die pad lê is doodstil. Nêrens sit 'n swart ouma langs 'n nuwe, vroeë vuurtjie om die dag mee te begin nie." Bines kyk ook nou na wat ek opmerk. Na 'n rukkie sê hy: "Toemaar, ek sal sien dat almal vroeg opstaan wanneer ons boer."

Op die plaas gekom, ry ons reguit diep die plaas in, verby die leë werf, tot by die een swart werf en toet vir Willem om te kom. Hy rek homself behaaglik, gaap groot en lank en trek 'n hemp oor sy kop. Hy kom staan aan my kant van die Volksie en ons groet. Op die ingewing van die oomblik sê ek vir hom hier deur die oop venster: "Willem, kom hier ooit ander mense na die plaas kyk soos ons kyk. So rondry en oral kyk?" "Ja," sê hy "hier kom partymaal mense kyk. So 'n blou kar ry baie hier rond. Die meneer sê hy kom uit die Vrystaat.

Nog 'n ander man ry met 'n swart kar maar ons ken hom, hy het lank terug ook hier rondgery."

Ek sit verstar. "Bines, draai om en ry na oom Harry se plaas toe" fluister ek. "Willem, jy kan maar verder gaan slaap" sê ek deur die venster. Sonder 'n woord of kommentaar draai Bines die Volksie om en ry tot by die drif op die ooste grens. Hy hou stil en sê: "Dis nog baie vroeg om by die bure aan te kom, kom ons eet eers Mamma se lekker kos. Ek kan huil vir 'n beker koffie."

"Ek is so bly ek het jou van my droom vertel anders sou jy my nooit geglo het nie. Niemand sou my geglo het nie", sê ek vir Bines. Hy eet behaaglik sy toebroodjies en frikkadel, maar ek drink net koffie. Ons sit tot dit sewe uur word en toe ry ons na oom Harry, die boer wie ons daardie eerste dag begelei het en vir ons die lugfoto gegee het. "Mamma, wat is die datums op die opsie van die Cullinuns en waar is die dokument?" "Die dokument is by my prokureur en op hierdie oomblik kan ek nie die datums onthou nie. Na ons by meneer Bell was moet ons reguit terug huis toe ry sodat ek my prokureur kan bel. Meneer Bell, ons naaste buurman, het eers baie later vir ons 'oom Harry' geword. Op die Bell-werf was lewe en hulle het net klaar ontbyt geëet. Dit was ook 'n huis wat sy agterkant vir die grootpad en inrit gegee het en die ander geboutjie, onskuldig en eensaam vir die pad gestaan en kyk het. Ons het by die kombuis ingegaan.

Hulle ontvang ons vriendelik en offer te drinke, maar ons sê van ons ontbyt en koffie by die drif. Hulle merk op dat hulle ons dikwels gesien het sedert daardie eerste dag op die grootpad verby ry. Hulle hou die stoffie dop en weet dan dat ons by die plaas indraai. Ek sê: "Meneer Bell, weet jy van ander moontlike kopers wat in die plaas belangstel?" "Ja," sê hy, "'n boer van Virginia in die Vrystaat was al 'n paar keer hier. Hy het die eerste keer ook met 'n agent hier aangery, maar nie dieselfde agent wat julle hier gebring het nie". "Kom hy met 'n bakkie?" vra ek. "Nee, hy ry so 'n deftige blou kar en jaag hier verby asof iets hom jaag." Ons lag en ek vra: "en ander?" "Ja," sê meneer Bell, "hier was 'n regter van Pretoria maar hy was nie hier aan nie. Hy kom van die anderkant af want sy broer, wat 'n mediese dokter is, het 'n beesplaas so ongeveer tien myl verder aan. Hulle woon nie daar nie maar het 'n mooi huis laat bou en het glo baie beeste. Hulle kom vakansies en

baie naweke. Die dokter het sy broer seker vertel die groot plaas is nou in die mark. Ons sien altyd die stofstreep as hulle daar afdraai."

Bines en ek het daar weggery en was voor middagete by die huis. Ek het my prokureur gebel en hy het my lêer getrek en gesien en vir my gesê ons het nog 'n week tyd. Dit was fyn gesny. Op my opdrag het hy die sekretaris van die trust gebel om te sê ons sal die opsie opneem en hy kan die koopaanbod gereed kry. Ons wil 'n afspraak maak vir die volgende Donderdag. Hy het amper 'n week gehad om die dokumentasie voor te berei. Hulle het 'n vaste afspraak gemaak en my prokureur sou saamgaan om net te kyk of daar enige serwitute of regte soos pad- of waterregte wat die aangrensende boere dalk mag hou, geregistreer is.

Dit was vir my duidelik dat niemand geweet het dat daar 'n opsie op die plaas was nie. Selfs nie ons buurman, oom Harry nie. Die plaas lê in die Nylstroom distrik en nie in die Thabazimbie distrik nie. My prokureur en ek het Pretoria toe gery en op die adres af die Cullinun gebou gekry. Met die hysbak op, het die sekretaris ons ontmoet en ons geneem na 'n raadsaal met mure van houtpanele, 'n lang raadstafel met pragtige sag gestoffeerde stoele om die tafel en olieverfskilderye aan die mure. Aan die hoof van die tafel het drie middeljarige mans gesit, wat hoflik opgestaan en ons met die hand gegroet het terwyl die sekretaris ('n imponerende stywe Engelsman) ons aan hulle bekend gestel het. Ek was verstom dat hulle drie nader aan my pa se ouderdom was as aan myne. Ek het 'n kind teen hulle gevoel. My prokureur het die praatwerk gedoen. Ekself het uiteindelik net my naam moes teken. Miskien was hulle net so verbaas om so 'n jong vrou te sien wat die plaas kom koop het. Ek was net veertig jaar en sewe maande oud.

So het ons op 'n Donderdag, twee maande na die sesde April van 1964 die plaas gekoop. Daardie Julie-vakansie het ons in die koue daar op die ou werf uitgekamp. Die plaasvolk het vir ons 'n grasdakkie oor die ou kaasfabriekie se dik mure gedek en dit was ons skuiling. Dit ryp goed daar in Julie en ons het dag en nag 'n groot vuur aan die gang gehou met die oorvloedige voorraad hout uit die bos. Op die vuur het ons gekook en gebraai en saans om die vuur gesit en planne maak en drome droom. Snags net 'n paar yslike stompe op die vuur gesit terwyl die seuns sommer om die vuur in

slaapsakke met klapmusse op hulle koppe slaap. Dit was 'n ware avontuur. Daar by die kampplek het André en Noël, haar verloofde, ook aangery gekom. Ons het heerlik saam gekuier. Die aand het ek vir André 'n bedjie opgemaak in ons skuiling onder die grasdakkie. Noël het homself maar om die vuur by die seuns en 'n vriend van Bines tuisgemaak. Die nag was maar kort want ons het laat om die vuur gekuier. Wat ek nie geweet het nie is dat hulle toe reeds getroud was. Die Sondgmiddag nadat ons terug was in die stad het sy my afgekeer in haar kamer in, en die nuus gebreek. Die volgende week het ek twee lotte kaartjies laat druk. Nie uitnodigings nie, maar aankondigingkaartjies. Noël en André is getroud: Kom vier saam met ons op… en wens hulle voorspoed en seën toe. So 'n kaartjie is ook aan ons eie vriendekring gestuur – met 'n volgende datum. So het ek twee onthale gereël met baie lekker kos. Almal het die uitnodigings aangeneem. Altwee onthale was lekker en suksesvol.



**Leefkamer, Kombuis en Slaapkamer**

Ons beplanning was om in 1965 op die plaas te vestig. Bines het reeds November 1964, toe hy klaar met die Kollege op Potchefstroom was, daar gaan bly.


In hierdie tyd het ek besef ek word in twee geskeur. André se troue en Ben,

14 jaar oud, 'n hoërskoolkind wat hulp en aandag nodig het. Bines wil boer. Die plaas is in die groot droogte gekoop en vra geweldig baie beplanning, aandag en geld. Ek het 'n man en 'n kleutertjie. Ek moet twee huise bestuur – 'n groot en mooi stadshuis en 'n rowwe soort van kamphuis op die plaas en my eiendom-besigheidjie wat so mooi aan die ontwikkel was. Boonop het ek die honderd en vyftig myl gedurig heen en weer gery. Drie honderd myl, deels op swak paaie. Ons mooi Rover het te gou oud geword. Daar het 'n benoude gevoel pal op my gemoed gelê. Snags maar weer met pen en papier gesit.



**Badkamer**

Ek het begin dagboek hou. Om te skryf het vir my ontlading gebied. Ek kon praat op papier. As ek maar liewer met my God lank en ernstig gepraat het,



op my knieë en nie op papier nie. Maar ek het vaagweg gevoel dat ek so lank en met soveel selfvertroue voort gevaar het, dat ek amper te skaam was om te wil sê: "Liewe Heer, ek word gedruk van alle kante, sal U nie help nie, sal U nie intree in my weghol-pligte en malle planne nie?" Maar ek het nie. Ek was op 'n trapmeul en kon nie af nie. Bang-word moes vermy word. Daar was tog heerlike vooruitsigte en baie oomblikke van suiwer plesier en voldoening.

Bines het van 'n bouer op die dorp gehoor en dié het kom kyk en prys gepraat. Die voorbereidings het amper 'n jaar geneem. Een winter se gras het in gerwe gebind in die stoor gestapel gelê voordat ons die fondamente uitgetree het. Ja getree, by die jaartse uitgemeet. Geen beperking van ruimte nie, geen bou-inspekteur wat oor jou skouer kom loer nie. Geen planne wat goedgekeur moes word nie. Watter heerlike vryheid om op 'n plaas jou droomhuis neer te sit.



**Ansophie op die trekker voor...**

Net geld was die beperking. Altyd geld, meer geld moes ek hê. O, die planne in my kop. Eie insig, eie insig, wat ek baie later eers geleer het is die ding wat God haat!

Op die plaas het die bouer gekom en begin bou. Met vreugde het ons die huis sien groei wanneer ons twee-weekliks daar uitgekom het. Ons het die huis in drie dele beplan. Eers net een groot leefkamer met 'n slaapkamer en 'n badkamer. Ek sou die leefkamer met divans en baie bont kussings (van vere) meubileer sodat dit naweke soos nog 'n groot slaapkamer kon dien.

In Johannesburg was 'n bekende ontwikkelaar en bouer wat gespesialiseer het in grasdakke. Hy het verskillende spanne dekkers gehad. Ek het met die voorman gepraat en hy het my vertel dat hulle werk elke jaar vroeg in Desember sluit en laat in Januarie van die volgende jaar begin. Ek vra toe of hy en sy span gedurende daardie vakansietyd vir my op 'n plaas 'n dak sal kom dek. Hy stem toe in op voorwaarde dat alles wat hy nodig sou hê, gereed sou wag sodat daar nie tyd gemors sal word nie. Behandelde balke, latte, lyne, rolle lyn, draad, ens. Hy het beduie van lengtes, oorhang mate en ek kan nie onthou wat nog nie. Dit was gou duidelik dat hy sy werk geken het en dat ek 'n professionele dak sou kry.



**Ben en Leeu**

Die droogte het voortgeduur. Bines het begin om beeste aan te koop want Elandshoek was groot, vol gras en volop water. Die landbouvoorligtingsbeampte het ons van goeie raad bedien: "Koop net koeie met kalwers dan weet julle minstens dat die koeie kán kalf.




As ek dan eendag dood is en nog net
herinering aan my – in 'n kind mag bly,
as hy dan langs die ou en geel portret,
lank, mymerend staan en sê, Ja so was sy,
dan sal die dae wat ons saam was, ver en
verder in vergetelligheid versink
en sy was eenmaal son en maan en ster
aan hoë hemelvertes kon sien blink...
die aarde diep bemin het, en gedink het
dat hierdie ding nie sal eindig, sal
selfs uit herinneringe dwaal, en die potret
sal met ou rommel op 'n ashoop val.
En daar sal niemand wees wat iets onthou van
hoe sy ook hier eie droom wou bou.

*CM van den Heever*

(Domkoppe, wou hy miskien bygevoeg het.) Met die regte lekke sal hulle al julle gras kan benut." Vir die boer wat moét verkoop, was dit ook voordelig dat 'n koei mét haar kalf kan gaan. Meer geld en minder vreters vir sy verdwynende weiding.

As gevolg van die droogte het die laeveldplase wat om die berge lê se weiding opgeraak en boere was onder druk om te verkoop. In ons ondervinding, wat eintlik maar skraal was, kon ek nie glo dat daar plase lê waarop geen gras meer gegroei het wat 'n dier kon eet nie. Gerugte het ons bereik dat beeste in die laeveld van honger aan die doodgaan was. Gerugte dat boere pasgebore kalwers moet doodmaak om die koeie te red. Bines het begin rondry in die laeveld en self die ellende gesien. Een boer het vir hom gesê: "Loop deur my plaas en as jy 'n grassie so groot soos 'n vuurhoutjie kry, gee ek jou my koeie en sommer ook my plaas." Bines het die boer se beeste asook beeste wat al in die vendusiekrale op die dorp gestaan en bulk het, gekoop. Hy het my gebel en gesê: "Mamma, ons skuld hierdie boer soveel en daardie boer soveel en ons skuld die agente soveel." Ek het die bankbestuurder gaan sien en gereël vir 'n groot oortrekking. Sekuriteit het ek genoeg gehad en die geld was oorgeplaas na Volkskas op Nylstroom in sy rekening. Hy kon



**Eenderde Van Die Huis Is Klaar**

die boere by wie hy gekoop het, dadelik betaal, sodat hulle voer kon koop vir die diere wat hulle probeer red het.

Vier van die laeveld se boere het by Bines op die plaas aangekom om weiding te huur. Daar was vasgestelde pryse vir een bees per maand se losies. Bines het somme gemaak en in plaas van geld van die boere te vra, het hulle begin om ons plaas se grensdrade volgens bodembewaring se beplanning te span. Terwyl hulle draad span het hulle werksvolk as wagters gedien en hulle troppe opgepas. Ons eie beeste het Bines in die middelste deel van die plaas gehou waar hyself ook haastig kampe gespan het. Ons het ook gehoor dat baie van ons bure ook weiding aan laevelders verhuur het.

Die plaas was skielik vol beeste. Die hele ontwikkeling het 'n hupstoot gekry deur onverwagte hulp van buite. Ons het honderde beeste gered. Die wilde plaas was mak getrap en sekerlik ook bemes.

Terwyl die voorbereidings vir die huis aangaan het die koeie begin kalf. Kalwers is met vreugde verwelkom. Van die kalwers wat saam met hulle ma's gekoop was, het Bines die beste versies gehou en die bulkalwers verkoop. Dit het geld ingebring. Die weiding-huurders het geld ingebring en ek het in die stad een huis begin verbou en verfraai vir die verkoop. Een van my 'slim' huise moes gaan.

Ons het almal hard gewerk en min gebid. As ek vandag terugdink, dan wonder ek of God ons hoofskuddend betrag het of dalk vir ons gelag het. In Sy Woord staan geskrywe: ('n angswekkende woord): "Tevergeefs. Tevergeefs, dat julle vroeg opstaan en laat opbly en brood van smarte eet. As die Here die huis nie bou nie, tervergeefs bou die bouer. As die Here die stad (die plaas) nie bewaak nie, tevergeefs waak die wagter". Maar ons het dit nie gelees nie en dus nie geweet nie.

Intussen het ek elke swart vrou wat op die plaas gewoon het gevra om vir my dekgras te sny. Hulle het meer van dekgras geweet as ek, byvoorbeeld om nie te begin sny voor dit goed geryp het nie. Dan is die gras droog en vry van skadelike insekte. So het elke vrou 'n kontant inkomstetjie verdien. Al wat ek moes doen was om ongeveer 'n dosyn sekels by die Koöperasie te gaan koop.


Hulle vriendinne van buurplase het ook aangemeld en kom inval.
Daarby het ons twee swart werkers afgestaan om stene te maak. By die draai van die spruite kon ons soveel sand opskep en aanry as wat nodig was. Van die Koöperasie het ons sement steenvorms gekoop, baie bakkievragte sement en die regte resep. So het ons droomhuis uit die bodem van die plaas begin groei. Klippe uit die koppies is met ons sleepwa en trekker aangery. Daar was geen tekort aan klippe nie en in my drome het die huis gestaan soos op daardie eerste dag. Klip-fondamente en hoë skoorstene van klip wat opklim uit twee klip buitemure weerskante van 'n lang huis, wat effens draai om 'n halfmaan te vorm.

Aan die einde van 1965 was een derde van ons huis klaar gebou. Een groot leef-eetkamer en die klipkaggel in die suidekant se klipmuur. Een slaapkamer en 'n badkamer. Die suidemuur van die leefkamer en die hoë skoorsteen was van die plaas se klippe. Die ruim kaggel kon 'n reuse vuur aan die gang hou. Die vuur het ook gedien vir potjiekos en koffiewater. Daar was nog net 'n buite kombuis. Aan die teenoorgestelde kant, in die leefkamer, was



**Ganse in Die Watervoor**

'n eetkamertafel met ses stoele, die gasoondjie en 'n buffet. Donker groen oortreksels vir die groot gansveer kussings wat gedurig bygekom het en die



**Die Koeie Kalf Weer**



divanbekleedsels ook in groen-bont. 'n Baie mooi ruim stuk huis onder 'n hoë spitsdak van ons eie gras was klaar.

Intussen het ons koeie weer gekalf. Wit gesiggies van 'n Hereford pa, vaalbruinetjies van 'n Brahman pa en donker rooies van 'n Sussex-pa. 'n Pragtige oes van geleende bulle wat saam met die veldhuurders by ons gebly het. Die koeie was al weer dragtig en ons het begin om 'n skaapkuddetjie bymekaar te maak.

Wat 'n hoopvolle tyd het ons betree. Ons het net elke tweede naweek plaas toe gery. Ben was op hoërskool en Ansophie moes binnekort ook skool begin. My huis en my eiendomsbesigheidjie moes ook na omgesien word. Die erfplaas se geld was op. Die nuwe plaas het verbasend genoeg al effens bygedra tot sy eie ontwikkeling, maar nie tot my sak nie. Ek het baie nagte met 'n pen en papier gesit en uitreken wat ek nog sal moet verkoop om hierdie logge reus aan die loop te kry. Die eerste wat gegaan het, was die huis wat ek met die motor se geld afbetaal het. Die eiendom sou genoeg in my hand sit om 'n hele paar dinge te doen. Ons moes die basiese implemente koop. Daar was skielik 'n rekening van die Koöperasie wat elke maand betaal moes word en werkvolk wat salarisse moes kry. My erfplaas se inkomste was natuurlik ook nie meer daar nie. Toe verdwyn die inkomste van die "kar"–huis ook. Dié huis het geen verband gehad nie en het dus 'n huurinkomste vir my beteken.



**Swem Kuil**

Bines het hard gewerk. Hy het self die binnekampe se drade gespan sodat die vreemde kuddes nie deurmekaar loop nie. Dries, my man, het uit die naaste spruit 'n pypleiding aangelê tot by 'n groot tenk wat die werf sou voorsien. Hy het ook 'n vuurmaakplek gebou met 'n tenk op waaruit 'n kraan kom wat genoeg warm water vir almal sou voorsien. Uit my vrieskas in die stad het ek elke tweede week vyftien borde kos voorbereid vir Bines in 'n parafien vrieskas gesit. Met 'n klein gasoondjie kon hy minstens eenmaal per dag 'n lekker bord kos uit ma se kombuis eet. Baie ander voorsienings was vir hom gemaak, maar hy het vir alle praktiese doeleindes verniet gewerk en alleen gebly, want geld vir 'n salaris was daar nie. 'n Toekomsdroom was sy vergoeding.



**Kalkoene en Grondboontjie Land**

Ons het 'n nuwe Nissan-bakkie vir hom gekoop en in 1967 'n baie mooi grys diesel Mercedes. Daar was toe al 'n dieseltenk wat ook die trekker moes voorsien. Hy kon dus die hele omgewing leer ken, vendusies bywoon en op plase beeste gaan besigtig en direk van die boere, wat wou verkoop, aankoop.

Gedurende 1966 het ons agtergekom dat die fontein waaruit die werf voorsien is, swakker begin word. Die droogte het baie langer geduur as wat enige iemand gedink of voorspel het. Ons het op die werf ons eie waterbesparings

begin, baddens belet en laatmiddag na 'n ander spruit gery wat nog sterk geloop het, om daar te bad, hare te was en te swem. Lieflike sagte water. Dan het ons sommer 'n klein tenkie vol water huis toe gebring.


Einde November 1965 vier ons Bines se 21ste verjaardag op die plaas met 'n skaapbraai en swem in die spruit se swemkuil. Eintlik was dit 'n naweek partytjie. 'n Lekker breek vir ons almal. 'n Lang, maer seun. Entoesiasties en baie hardwerkend. Saans te moeg om na die radiostorie (Du Plooys van Soetmelksvlei) te luister, maar nie te moeg vir die lekker bord kos in die gasoondjie pas uit die vrieskas nie. Hy was die hoofspeler in die lewensdrama: "Die Schoemans van Elandshoek". Maar dit het ons nie een nog raakgesien nie.




**Ganse**

Ons het almal só hard gewerk dat ons saans net in die beddens geval het om soggens ligdag weer op te staan. Ek praat nou maklik van ons, maar miskien was ek die aandrywer, die sweep. Miskien Bines, of miskien het hy toe al gesien hy sloof hom af vir 'n droom. 'n Droom wat te groot was, te swaar, vir sy jong skouers. Ek sou nie weet nie want daar was nie omdraai nie. Hierdie was nié 'n stuk breiwerk waarvan ek die naalde kon uitpluk, die woldraad in 'n bol oprol en iets anders kon uitbrei nie. Ons was vas. Maar selfs toe het ek nog nie besef hoé verskriklik vas nie.

Bines het grondbone geplant en sukses behaal. Oom Harry het 'n grondbone dopmasjien gehad en kom dop. By daardie tyd het ek al 'n yslike kalkoen- en gansboerdery gehad. Ek het ook slim geword en geleer dat kalkoene en ganse weiers is. Hulle is byna heeltemal selfversorgend. Die kalkoene het die grondboonlande ry vir ry skoon gehou van insekte. In die veld stroop die wyfies die grassade af, sit dit voor die kuikens en leer hulle pik en eet. Die ganse pluk gras soos 'n snymasjien en swem in die stroom en broei in die bos. Altwee troppe was pragtig en het die plaas naby die werf verfraai.



**Dam pret**




**Dam pret**

As kind het ek op my ouers se plaas geleer hoe om 'n gans te pluk. Die vere in een houer en die dons in 'n ander. Ek het vier van ons plaaswerkers se vrouens die kuns geleer hoe om die vere uit te pluk sonder om die gans seer te maak. Elke ses weke kon hulle gepluk word. Ek het nooit 'n gans laat slag om te eet nie. Hulle gee dan hulle oes so mildelik en praat hulle ganstaal met my. Hulle was wonderlike wagters om enige iets vreemd op of om die werf skreeuend aan te kondig. Hier waar ek sit en skryf sit ek onder 'n byna gewiglose dik donskombers en agter my rug is die gansveer kussings opgestapel. Ganse paar tot die dood hulle skei en hulle kan baie oud word. Die weerlig het een lente 'n ganswyfie op haar nes waar sy gebroei het, doodgeslaan. Die ou mannetjie het maar aanhou waghou soos wat ganse doen. So op en af en om die nes op 'n afstandjie. My huishulp het my van die klein tragedie kom vertel. Met hulp het ek die aand na donker, die nes met die dooie gans in laat verwyder en ver van die broeiplek begrawe. Die mannetjie was die volgende môre maar nog op sy pos. Ons het probeer om hom weer by die trop te laat aansluit, maar verniet. Afkeer en met kos lok, maar alles tevergeefs. Daar het 'n groot boom bo-oor die watervoor gelê, soos 'n bruggie. Partymaal het ek daar gaan sit en die ou mannetjie op sy pos dopgehou en gewonder wat weet 'n gans, en wat is instink? Maak

instink ook seer? Of wag hy maar net dat sy wyfie sal opstaan met 'n streep bolletjies dons op geel beentjies agter haar aan?

'n Hele paar maande later het ek impulsief en miskien uit jammerte, 'n klein troppie vaal ganse op die vendusie gekoop. Hulle was in 'n draadhokkie bo-op 'n bakkie . Hulle het oopbek gehyg na water en 'n koeltetjie. Gelukkig was ek met ons bakkie daar en die transaksietjie was gou beklink. Op die plaas wou hulle ook nie by my trop wittes aansluit nie en het hulle in die skaapkampie, net waar hulle afgelaai was, tuisgemaak. Daar het hulle geswem en gedrink in die groot beeskrip waar die koeie en skape gedrink het. Op 'n dag het die wit wewenaar sy groot wit vlerke gesprei en op sy tone half vlieënd, half swewend, tussen die huis en die stoor deur, bo-oor die groentetuin, homself by die vales gaan aansluit. Die vaal troppie het hierdie verskynsel uit die lug luidkeels ingewag en na 'n tydjie het ek gesien hy loop pal langs 'n vaal wyfie. 'n Vreugde! Klein tussenspele op 'n plaaswerf. Hoe die twee troppe van mekaar geweet het, bly vir my 'n raaisel.



**Rose**

My eerste 'slim' huis moes gaan. 'n Baie goeie prys is behaal, en daar was weer geld. Die grondbone het ook vir 'n hele paar uitgawes gesorg. Die kalkoene en ganse was baie mal oor die afval graan op die dorsvloer. Hulle het vet geword en voor Kersfees kon ek aan 'n groot winkel in Johannesburg kalkoene lewer wat tussen tien en sestien kilogram geweeg het. Groot soos Amerika se thanksgiving kalkoene. Maar die ganse kon ek nie slag nie. Ek

het die Kersfees vir my twee buurvrouens elkeen 'n broeipaar gegee. Vir trougeskenke het die bruidspaar twee spierwit gansveer kussings gekry.

1966 word 1967 en die groot reëns sak uit. Die spruite kom af in vloede wat met golwe wit skuim die draaie vat. Die fontein loop sterk. Die rivier kom af en ons kan nie oor die drif ry nie. Twee dae is ons heeltemaal afgesny. Moes eenvoudig wag tot die spruit sak. Die plaas word groen en ons plant grondbone en beplan koring vir 'n winteroes.

Ek plant vier honderd pienk rose in die tuin wat ook al uitgelê was. Sestien soorte rose in bondels van vyf en twintig plante, almal skakerings van pienk. Ek het dit op die Paasskou in Johannesburg bestel en dit het in Julie per trein aangekom. Langs die pad van die hek af plant ek 'n randakker van pienk Kannas om die draai tot waar die pad na die motorhuise afdraai agter die huis. In die stoor lê die gerwe dekgras weer opgestapel tot amper teen die dak. Die hele winter het die vrouens gesny en 'n nuwe uitstappie word toe 'n instelling want hulle het geld en soek 'n winkel. So het ek dikwels met 'n bakkie vol vrouens dorp toe gery waar hulle heerlik gekoop het in die Algemene handelaar wat net mooi alles aangebied het. Dan kon hulle ook die dokter sien. Die mediese diens was vry, deur die regering aan die dokter vergoed.

Die werfdiere het nooit skade aan my tuin gedoen nie en dit was prentjie mooi wanneer die kalkoene en die ganse tussen die rose wei. Voor Kersfees het die rose geblom en ons werf het gelyk soos ek gedroom het dit sou lyk. Besoekers kon reg voor die huis stilhou al was dit nog net 'n deel van die huis. Die groentetuin was afgekamp en vol van allerhande heerlikhede vir die tafel.

My tweede en derde 'slim' huis was in die mark. Een van die 'slim' huise het ek op André en Noël se naam laat oordra vir 'n trougeskenk. Net een huis was oor. Ons woonhuis was nie in my planne ooit vir verkoop, of vir die koste van die plaas beplan nie.

Ben het elke vakansie kom inval en gedoen wat sy hand vind om te doen. Sy hand het baie gevind. Hy het ernstig vir my gesê dat hy nooit wil boer nie. Die

plaas is mooi en dit is vir hom baie lekker om te help gedurende vakansies, maar self, wil hy nie 'n boer word nie. Hy wil 'n beroep beoefen. Daardie tyd was veeartsenykunde nog voorop in sy gedagtes. Onderstepoort kon net vyf en veertig studente vanuit die hele land akkommodeer. Matriekpunte of 'n B.Sc-graad sal toegang verseker. Dit het in my gedagtes gekom dat ek net sowel my erfplaas kon behou het as net een seun wil boer. Maar Ben was in 1964 te jonk om so beslis te besluit.

Op die plaas was heelwat wilde lewe ook. Bobbejane in groot troppe, maar nie naby die werf nie. Die bosklowe was ryk aan wilde vrugte en dit was hulle kos. Ook die swartpoot wildekat. Baie jakkalse, rietbokke, rooi ribbok en klipspringertjies. In die berge by die rivier was nog luiperde waarvan die weiding-huurders gekla het. Elke nou en dan kom vat die luiperd tog 'n kalf, as die bobbejane te vinnig vir hom is. Muishonde en miervreters en aardvarke en 'n enkele hiëna. Ek het later agtergekom dat die weiding-huurders maar alte graag 'n luiperd wou skiet ter wille van die pragtige vel. Dit gee my groot vreugde dat ek weet die plaas is vandag deel van 'n baie groot wildtuin en dat alles nou beskerm word.

Bines word siek. Eers is dit onseker wat hy makeer maar uiteindelik word dit gediagnoseer as Geelsug (Jaundice) en hy moet vir weke totaal stil gehou word, 'n streng diëet volg en gedissiplineerd rus saam met medikasie.

Net na die siekte het hy besluit om die plaas te verlaat. Miskien het hy tyd gehad om te dink terwyl hy siek was. Ek sal nooit weet wat die ware rede was wat hom so 'n drastiese besluit laat neem het nie. Ek was verpletter. Die huis was net klaar gebou. Groot, baie mooi en gerieflik, met 'n groot kombuis, maar nog nie toegerus nie. Die klipmuur met nog 'n kaggel aan die noordekant. Die dak was gedek, die ruite in en gewas. Dit is vir my onmoontlik om te beskrywe wat ek gevoel het in die jaar 1969. Dit is twee en dertig jaar gelede. Ek is glad nie meer dieselfde vrou wat daar gespartel het en daar alles verloor het nie. Na al hierdie jare kan ek daardie jare tussen 1969 en 1973 net helder sien, as ek dit in 'n totaal geestelike lig sien.

Bines se weggaan van die plaas was vir 'n lang tyd, vir jare, soos 'n donker kol in my lewe. Ek kon dit nie uitdink of verstaan nie. Maar vandag, ná so baie



**Bines**

jare, is alles helder en duidelik. Die Here kon nie Sy wil en Sy goedheid in ons lewes tot volle uitwerking (wasdom) bring as Hy ons nie geskei het nie. Ek het op Bines vertrou vir sy kennis en harde werk en hy het op my Bines

vertrou vir alle finansies. Die dinge en mense en omstandighede wat God gebruik om Sy doel te bereik is vir ons 'n duisternis en dikwels 'n groot smart en ontnugtering. Weer kan ek sê: "God werk met die enkeling". Bines was die boer. Hy het die kennis en die talent gehad en het in werklikheid wonders verrig op so 'n groot onontwikkelde stuk aarde. Vandag kom daar nog 'n jammerte in my op as ek dink hoe groot was die las en die verantwoordelikheid wat hy moes dra. Hy was heeltemaal te jonk vir so-iets. Te alleen en tog het hy die plaas aan die gang gekry.

Die jare wat hy vir 'n Landbou-maatskappy gaan werk het was soos 'n intensiewe opleiding – nog altyd in die rigting wat sy eerste liefde was. Maar hy het kontant verdien. Hy kon trou en kinders hê; tot op 'n dag wat daardie werk ook vir hom te nou geword het. Dit was die dag toe Sy hemelse Vader vir hom gesê het: "Tot hiertoe. Nou begin jy vir jouself werk en Ek sal My aan jou openbaar en jy sal van My erf". Hy het met baie gebed en wag op

die Here sy eie besigheid begin. En God hét sy hand gevat. Groot sukses het gevolg. Sy seuns werk in hulle pa se maatskappy. Hy het weer 'n plaas waar hulle ontspan en waar sy pragtige beeste loop.

Om terug te kyk oor baie jare word die patroon van God se werk en Sy voorsiening en Sy liefde baie duidelik sigbaar. My Hemelse Vader het gesê: "Tot hiertoe en nie verder nie". Hy wat die hoek só slim ge-aas het, het die katrol begin opwen. Van hier af, van 1969, af moet ek praat van "ek" nie meer van "ons" nie. My hele wêreld was op my skouers. Ek het gesteier.

Bines het vroeg in 1969 weggegaan. My man Dries het sy werk bedank sonder om my van sy planne te sê. Nog 'n skok. Toe was daar geen gereelde inkomste meer nie. Hy het net gesê hy sal die boerdery oorneem en ons moet trek en voltyds op die plaas gaan bly. Ek kon dit nie glo nie, nie verwerk



**Ben en Makou**

nie of 'n toekoms vir ons daar sien nie. Ansophie moes op die naaste klein dorpie skoolgaan en ek moes haar daar besorg elke dag. In werklikheid 'n onmoontlikheid! Die bergpaaie, die distansie, die ure in die kar, die petrol en slytasie.

Trane was my kos, maar niks kon Dries van plan laat verander nie. My mooi huis in die stad moes net so agterbly. Die plaashuis was nog nie gereed vir ons meubels nie.

Julie 1969 het 'n groot meubelwa voor die deur stilgehou. André het in die Aucklandpark huis ingetrek. Ons was baie onkant gevang. Ek het verstom gestaan en kyk hoe hulle aflaai. Maart-maand 1969 was ons tien jaar getroud. April het ons met die minimum huisraad getrek. Die hele vrag meubels het die onklaar huis afgerond en dit was mooi ten spyte van die rowwe onafgeronde dele. Ek moes nog die buite kombuis gebruik.

Dries en ek het besluit om die stadshuis te verkoop. Só is die laaste bande gebreek. Te veel dinge was teen my. Ek was net meegesleur. Gevoel ek val oor 'n waterval. Die helfte van die verkoopprys sou ek bank en hou vir noodgevalle en die ander helfte sou hy bank en ook hou vir nood. Nood soos byvoorbeeld as ons moet terug stad toe. Nood soos as die plaas verkoop word. Oor hierdie 'noodgeld' het ons heelhartig saamgestem en beloftes gemaak. Oor meeste ander dinge het ons nie saamgestem nie. Daar was baie, te veel, verskille. Ek was geweldig ontnugter en Dries was heeltemaal onder die bekoring van die plaas, van die vryheid om nie vir 'n baas te werk nie. Hy het in 'n totale euforie beweeg. Maar die finansiële bestuur en kwellinge was nou heeltemaal my verantwoordelikheid. Ek het die plaas gekoop en al die ander huise se geld gestoot. Vir skuld moes ek teken en in werklikheid sorg vir almal se daaglikse behoeftes. Salarisse inkluis. Ek was voltyds en altyd in paniek. Die oortrekkings het net gegroei en ek was sonder 'n inkomste. Sonder Bines was daar geen sin in boerdery nie. Ek wou desperaat die plaas verkoop. My hele erfporsie was daarin en al my 'slim' huise. Ek was gestroop en wanhopig. Intussen sou Noël en André ons huis kom oppas en Ben versorg wat toe eerstejaar B.Sc aan die Randse Afrikaanse Universiteit begin het. Hierdie reëling het nie gewerk nie.

Ons het Johannesburg toe gery om Ben te sien. Ben was hartseer en ontwrig oor sy ouerhuis. Hy het niks van die veranderings gehou nie en dit het sy studies benadeel. Met mooi praat het ek hom oorreed om in die koshuis te gaan bly, soos ander studente. Ek het mooi gepraat om hom te oortuig dat die plaashuis tog ook nou sy ouerhuis is al het my hart die

teendeel uitgeskreeu. Die nag moes Dries en ek in 'n hotel gaan slaap, soos vreemdelinge in Johannesburg. Die volgende dag het ons Ben koshuis toe geneem met sy klere en boeke en sakgeld en sy ander besittings het ons plaas toe gevat. Dit was die eerste jaar van die Randse Afrikaanse Universiteit se bestaan. Daar was nog nie baie studente nie en hy kon maklik plek kry. Ek het probeer opgewek wees en hom daarop gewys dat hy altyd as deel van die pragtige nuwe Universiteit se eerste bestaansjaar onthou sal word. Hy het ingetrek en einde November sy eerste studiejaar geslaag. Wat 'n aaklige jaar was 1969. Genadiglik het ek nie geweet wat nog voorlê nie.

# 1969

Oktober 1969 het die hele plaas afgebrand. Dit was die verskriklikste vuur wat ek ooit gesien het. Baie vriende en bure het met hulle vragmotors vol werkers gekom om te help. 'n Suidwestewind het die vlamme aangejaag. Die simpelste gedagtes het deur my kop geflits soos byvoorbeeld, dat Jamie Uys nou hier moes wees met 'n filmspan. Die huis sal gaan. Ek het die motors bokant die huis in 'n leë land gaan bêre. Die werfdiere met die hulp van my huisbediendes aangejaag tot by die motors. Die eerste gejaag was om ons diere uit die veld bymekaar te maak en in die groen lande te jaag. Een van ons vriende wat kom help het, het vroeër in die destydse Rhodesië geboer en hy het veld- en bosbrande geken. 'n Ent agter die huis het 'n pad, eintlik net twee oop spore deur die bos geloop tot by 'n dam. Daar het hy die ander boere en 'n klomp arbeiders langs die pad laat plek inneem met elkeen 'n bondel droë gras en vuurhoutjies en op 'n gegewe moment as hy die teken gee, sal hulle die gras en die bos al langs die pad, aan die aankomende vuur se kant, aan die brand steek. 'n Groot vuur vorm 'n geweldige lugleegte bokant hom en dit sal die kleiner vuur trek. Dan sal die kleiner vuur 'n brandpad oop brand waar die groot vuur dan moontlik gekeer sal kan word. Intussen was vreemde werkers besig om ons meubels uit die huis te dra na waar die karre gestaan het. Die klere in die kaste het hulle op die beddens gegooi, die laaie bo-op omgekeer, in die beddegoed opgerol, op 'n vragmotor gelaai en dié ook daar in die kaal land gaan parkeer. Die klavier het 'n klomp werkers sommer gedra tot in die land. Dit was net soos 'n oorlog! My huis- en werfhulp het aanhou tee en koffie maak, al die brode wat in die vrieskas was gesny en gesmeer en aangedra na die vuurslaners toe. Roomkanne vol drinkgoed totdat daar net fonteinwater oor was vir lafenis. Al my voorraad was opgebruik.

Die strategie by die bospad het gewerk. Die kleiner vuur hét by die groot vuur aangesluit en skielik was die woede uit die vuur. Net rook en gloeiende stompe en die huis was gespaar. Die mense was gedaan en vuil en natgesweet. Baie se gesigte was swart van roet en hulle klere vas aan hulle lywe gesweet. Sononder het die duiwelswind gaan lê. Die helpers het al die goed wat uit die huis gedra was weer terug gedra en net neergesit. Absolute chaos. 'n Erger deurmekaarspul as enige trek. Na 'n week se skuif en regpak

het ek besef dat niks gebreek het nie en niks weggeraak het nie. 'n Wonder van menslike goedheid, hulpvaardigheid en eerlikheid. Voorwaar 'n wonder van vreemde swart en wit mense in krisis! Ons was bedwelm en half simpel van moegheid.

Die volgende môre was nog 'n ander soort nagmerrie. Oor die plaas het hordes aasvoëls soos donker wolke gehang. Die polisie het gekom en vir Dries gehelp om die diere wat verbrand het dood te skiet. Ek was histeries en het net geskree: "Moenie sê nie! Ek wil nie weet nie! Moenie getalle tel nie! Bly stil! Bly stil! Spaar my!" Dries en die twee polisiemanne het van my af weggebly. Toe het twee plaaswerkers kom sê dat die aasvoëls die klein kalfies in die land aanval terwyl die koeie kalf. Dit was die koeie wat ons in die lande ingejaag het. Ek het vier werkers met die bakkie gevat om by die diere wag te hou. Daar het ek en die werkers tussen die koeie ingeloop met stokke en takke. Die werkers het versprei en die voëls verwilder. Ek het naby die bakkie bly staan. Die plaas om my was swart. Net die babalaland was groen en vol kos vir die koeie. Die wind het in 'n dwarrel die swart roet en as oor my gewaai. In my gesig, mond en in my hare terwyl ek met die tak die aaklige voëls verjaag. Daar het ek die plaas begin haat. Dit was die einde van my! Iewers, iewers, o Here, op hierdie aarde moet 'n beter, 'n makliker lewe vir my wees!

Oom Harry het gekom en vir ons vertel dat aasvoëls nie verbrande diere eet nie, maar dat hulle so aggressief word as daar dooie diere lê wat hulle nie kan eet nie, dat hulle dan jong of siek diere aanval. Die polisie het ook 'n saak van brandstigting begin ondersoek. Die huis was so deurmekaar dat ons gesukkel het om skoon onderklere uit die bondels te soek. Die beesagente het gekom om die beeste wat moontlik verkoop kon word uit te keer en vendusie toe aan te stuur. Daar was geen weiding nie.

Toe kom die reën. Mildelik sag en baie. O, wat 'n wonder is die reën nie. Dit was die swart, die roet en die as weg. Die aasvoëls gee pad. Maar die reën kon my nie skoon was nie. Ek was vol verbittering, vol verwyte, sonder raad, sonder hoop en sonder moed. My eetlus was weg en my slaap het gewyk. Snags het ek opgestaan omdat ek op geen manier aan die slaap kon raak nie en het op die werf rondgedwaal. Ek het die maan leer ken. Partymaal was

die maan vir my net soos die Bybel sê: "'n lig vir die nag". Dan het die hele roostuin in die yl skaduwees van die groot bome wat agter die huis staan, gelê. Ek het twee groot bruin honde gehad. 'n Rhodesiese rifrug en 'n Bokser. Leeu en Sarie. Hulle was soos my skaduwee. Baie bly oor die naglopery van die nooi. Ek het die sterre leer ken en baie sterre gesien wat verskiet. Oor die karradio het hulle 'n populêre (vir die tyd) liedjie gesing wat ek effens onthou. 'Through a Lace curtained window' en 'n lyntjie wat sê: "My dreams lie in ashes". Die lace curtain was trane. En jy sien deur jou trane jou as-drome om jou voete.

Dit het my eie omstandighede perfek beskryf. In die nag dwalery het ek nooit oor geld gedink nie. Die reën het die roet en as weggewas, die fonteine sterker laat loop en ons drif weggespoel. Die gras het pragtig herstel. Die plaas was groen en die rose het mals geblom en ons bietjie beeste het vet geword. Die susters van die kerk het kom blomme haal. Groot baddens vol rose vir die basaar en ander funksies. My roostuin het 'n gesels onderwerp geword maar ek het nooit, nie eenmaal nie, 'n funksie bygewoon waar my rose gepryk het nie. Ek het nie oor geld gedink nie want daar was nie geld om oor te dink nie. My geld was op en my erfporsie van my pa was weg. Ek het in my nag dwalery oor skuld gedink. Skuld wat ek geen plan kon bedink om te betaal nie.

My huishulp Rebekka het eendag vir my gevra of ek nie bang is nie. Ek sê toe: "Nee ek dink nie oor bang nie". Toe vertel sy my dat Simon sê dat hy al 'n vrou hier op die werf sien loop het in die nag wanneer hy 'n haas gaan jag het. Twee keer baie laat in die nag het hy 'n vrou gesien en nou soek hulle hase aan die ander kant van die plaas. Hy het vir al die swart werkers vertel. Ek het nooit aangetrek vir my naglopie nie. Het sommer in my nagrok en kaalvoet geloop. Baie later, toe ek heeltemaal alleen op die plaas agtergebly het, het die spookstorie gesorg dat niemand ná donker naby my huis gekom het nie.


Bokant my roostuin, anderkant die plaaspad, het 'n groot boom gestaan en onder die boom 'n bankie. Baie nagte het ek ure op daardie bankie gesit. Ek het geluister of Bines se kar nie van die grootpad afdraai daarheen nie. Daar was in my hart die hoop dat hy sal terugkom. Hoop vergaan nie sommer nie. Hy weet nie eers van die vuur nie. Ek kon nie planne maak nie. Daar

was niks om te beplan nie. Niks om mee te werk nie want die geld was op. Mens beplan nie skuld nie. Skuld bekruip jou soos 'n dief in die nag. Ek wou beplan om daar weg te kom maar ek kon nie, want daar was niks meer in die stad nie. Nie 'n voetneersitplek nie. My hart was los van die plaas en my hart was dood. Ek het probeer bid, maar kon nie. Nes ek wil bid, dan staan die woord 'Tevergeefs' voor my. Nou weet ek minstens daardie paar verse in die Bybel is waar. "Tevergeefs bou die bouers, as die Here die huis nie bou nie. Tevergeefs waak die wagters as die Here nie waak nie." Dan dink ek aan 'n ander deel waar Dawid sê: "Van die einde van die aarde roep ek tot U. As my hart in my beswyk, lei my na die Rots wat hoër is as ek." Hierdie bankie in die donker maanskaduwee was vir my 'die einde van die aarde' en my hart is dood. My hart het klaar beswyk. Daar staan die huis wat ek uitgedroom het, maar nou twyfel ek of die Here gebou het. Ek twyfel oor alles. Ek twyfel oor my huwelik. Ons is op rotse. Baie rotse. My man is gek oor die plaas maar hy wil nie weet dat die geld op is nie. Hy praat dit weg as ek probeer sê: "Ons het geld uitgeboer, nou moet ons geld inboer. Ons is te dom, ons is nie boere nie." Die plaas moet nou teruggee, homself dra en vir ons.

Reën bring lewe op die plaas. Reën was alles skoon, maar nie vir my nie. Net bloed kan my was. Net die bloed wat op Golgotha gestort was kan my was. O, ek het dit goed geweet, Abelines het dit oor en oor gepreek. Van die wonderwerkende krag van dié bloed. Maar ek was die skaap wat afgedwaal het. Sal Hy die nege-en-negentig laat wag, en my kom soek? Oor al hierdie kennis, wat diep in my gebêre was het ek daar in die nagte in die maanskaduwees gedink. Niks meer oor geld nie. Net oor die krag van die bloed en oor my stukkende huwelik. Ek het geweet van die krag van die bloed. My dwaling was dat ek God se genade, Sy goedertierenheid en Sy liefde, onderskat het, want ek was te bang om te roep. Te verleë. Aan die einde van die lange Psalm 119 staan: "As ek dan ronddwaal soos 'n skaap wat weggeraak het, soek my dan!" (1983 vertaling)

Einde November 1969 het Ben gekom. Hy het die skade aanskou en soos gewoonlik ingeval en gewerk. Sy eerste jaar B.Sc was verby. Hy het gewag om van Onderstepoort te hoor. RAU se uitslae was later as die van ander universiteite.

Eendag het ons in die tuin gesit en ek het gesê: "Ben, vandag wil ek my moed uit die as uit optel en vir jou 'n groot ding vra". Hy het my aangekyk asof hy klaar geweet het wat ek wil vra. Daar was 'n kennis en 'n deernis in sy oë wat ek nou nog voor my kan sien. "Vra maar Mamma" het hy rustig geantwoord. "Ben, ek wil vir jou 'n jaar van jou lewe vra. Gee 1970 vir my. As jou studies voltooi is, sal ek jou nie kan bekostig nie, maar hierdie eerskomende jaar is jy nog 'n student en ek sal jou kan vergoed. Ek het jou verskriklik nodig. Dink daaroor en sê my môre of oormôre of jy kans sien." Hy het sy arm om my gesit en gesê: "Mamma, ek het nie nodig om te dink nie, ek sal bly en dit sal vir my heerlik wees om my ma te help." My trane het gestroom en ek kon hom nie antwoord nie. Kon nie dankie sê nie. Daar het 'n liggie vir my opgegaan. "Ek sal Onderstepoort toe ry, as ek die kar mag leen, en persoonlik vir die professor gaan verduidelik en my plek bespreek vir 1971." 'n Dag of drie daarna het die poskantoor vir Ben 'n telegram oor die telefoon voorgelees dat hy wel aanvaar is by die Veeartsenykunde fakulteit van Pretoria Universiteit en ingeskryf is vir 1970. Hy het die volgende dag vroeg gery en sy reëlings gaan verander. Ek, wat vir almal wou sorg, is nou sorgbehoewend.



**Ben se kamer**

# 1970

Ben sal bly! Ek gaan nie verby 1970 dink nie. Wat 'n verademing! Soos Esra God voor gedank het in Esra 9:8, en nou ek ook. 'n Tussenspel in my lewe! 'n Intermezzo in die lied van ons almal se lewes! Dank God vir Sy genade dat die toekoms vir ons wat in 'klei huise' woon, verborge is. Want Ben se tyd was afgemeet. Net God het geweet wat nog vir my wag. Hierdie standvastige, saggeaarde kind van my het my kom help! Dit was sover ek gedink het. Hy het my kom help! Hy het 'n jaar van sy lewe vir my gegee! Ek het nie kon weet, of raai, of droom hoeveel jare van sy lewe God van my af sou wegvat nie.

Kersfees het gekom en die nuwe jaar het begin. Ben was vrolik en opgewonde en was oral nodig en handig. Hy en Dries het goed klaargekom maar tussen my en Dries was baie spannings.




**Leeu pret**

Ons het twee stowe en 'n wasbak gaan koop. 'n Gasstoof en 'n wit houtstoof. 'n Houtstoof het 'n groter vuurmaakplek in vir houtstompies. Die kombuis het begin lewe kry. 'n Paar rakke en 'n houtkas. 'n Lekker groot kombuistafel

en 'n yskas. Daar was nie grondbone geplant nie. Ons kon net nie by alles uitkom nie, maar Ben het gesê hy sal sien dat die lande deeglik vir koring voorberei word. Ek het myself toegelaat om te ontspan en het selfs bietjie beter geslaap. Ek slaap in 'n ander kamer. Wil Dries nie pla oor my slapeloosheid nie. Hy slaap soos 'n dooie. Hy werk. Nie 'n lui haar op sy kop nie. Hy val om, partymaal op die sitkamer se mat en slaap halfnag daar.



**Leeu en Sarie**

My slaap het nie regtig teruggekom nie. Snags wou ek uit. Ben se kamer was los van die huis, voor in die tuin. 'n Baie mooi kamer, tussen die groente- en roostuin en ook onder 'n hoë spits grasdak. Die huis het drie glasdeure gehad aan die agterkant wat na die bos se kant toe oopgemaak het. Daar was die watervoor en die boombruggie en die wit ganse het daar geslaap. Twee-twee, mannetjie en wyfie, agter die huis en anderkant die watervoor.

'n Gans kondig enige beweging aan en ek moes sag loop maar hulle het my geken en nie geraas nie. Ek moes net sê: "Shuu, shuu", saggies blaas in hulle taal. Selfs die honde het bly lê op die voorste stoep. Hulle het Ben se kamer bewaak want hulle was gek oor hom. Hy het hulle altyd deur die hele plaas saam met hom geneem. Hy was 'n diereliefhebber.

Agter die huis, tussen die huis en die bos het die maanlig anders geval. Daar het 'n ou bed gestaan wat nog reggemaak moes word en daar het ek op gelê en die sterre leer ken. Oor die plaas, die geld, die skuld en die toekoms het ek geweier om te dink. Oor al die dinge wat ek niks of min van geweet het, hét ek gedink. Gepeins oor die skepping. Die wonder van God. Van 'n God. Almagtig, wat beteken dit? Alomteenwoordig – hoe? Oral by almal? Nee, oral by almal wat Hom soek. Baie keer het ek daar ingesluimer totdat die ganse begin praat het en dit lig was. Ek het snags agter by die huis uitgedwaal want Ben was 'n wakker slaper en dit sou vir hom 'n skok wees as hy my ná middernag sou sien.

Die reën was volop maar vir die skape was die nat weer nie goed nie. Ons het 'n groot sinkdak oor die skaapkraal gehad wat Bines nog gebou het, aangesien hy op Kollege geleer het van skape en geweet dat ons plaas nié eintlik geskik was vir skape nie. Ben en ek het hulle versweerde pootjies gedokter, vol antibiotika gesmeer en toegeplak. Hulle moés wei, en ons het die randjies en hoogliggende droër dele uitgesoek vir weiding en streng bevele by die wagter gelaat dat die skape nie naby vleie of fonteine of enige nat plekke moes kom nie. Al is hulle dors, mag hulle soggens en laat middag drink en dan snags onder 'n dak slaap. Ons het gewen. Hulle pote het gesond geword en ons lammeroes was indrukwekkend!

Eendag het Ansophie my kom soek waar ek in die huis besig was. "Mamma", sê sy, "ek weet nou hoekom skape so dom is. Hier agter die stoor het ou Petrus die ooie wat vandag moes lam, laat staan. Hy sê hulle kan nie veld toe gaan saam met al die skape nie. Drie het gelam, maar nes die lammetjie moet uitkom, dan spring die ooi op asof sy wil weghardloop en dan val die lam op sy kop." "O", sê ek, "jy weet nou meer as ek". "Ja" sê sy, "dis waarom skape skielik altyd oor die pad wil hardloop nes 'n kar aankom. Hulle is te

dom om te wag tot die kar verby is." "Wel, wel, dit lyk my al die dinge op die plaas maak jou slim. Ek glo nie jou skoolmaats weet wat jy weet nie."

Na 'n lang stilte sê sy: "Mamma, het ek ook op my kop geval toe Mamma my gekry het?" Ek skater dit uit en gryp haar in my arms. "Nee, jy het definitief nie op jou kop geval nie. Daar was 'n slim dokter en twee verpleegsters wat jou die wêreld in gehelp het. Buitendien sou jy op jou voete geval het as dit so rof gegaan het, want jy het voete eerste die wêreld in gekom." Na 'n te lang stilte sê sy met 'n sug: "Ooooo!" Miskien, dink ek, het ek te veel informasie gegee bo-op haar eie visuele ondervinding van die oggend. "Kom ons gaan pluk 'n bos rose," sê ek. Vol wysheid antwoord sy: "Die son is al lankal op en dis warm buite. Mamma sê dan altyd, 'met die son in die weste, pluk 'n roos op sy beste". "Goed", sê ek, "dan wag ons tot laat middag." Ek voel dat haar gedagtes weg is van die skaapooie en hul lammers en beter is by die son en die rose.

Vandag is sy al die moeder van drie pragtige seuntjies en nie een het op sy kop geval nie. Sy was geseën met betreklik maklike, voorspoedige geboortes.

Ben het ook die beeste versorg. Hy het die regte medikasie en spuitnaalde by die Koöperasie gekry en was gereed vir alle gebeurlikhede. Alles wat Bines ook vir hom gedurende sy vakansiewerke op die plaas geleer het.

Gedurende die vroeg herfs het Dries 'n waterkar gebou. 'n Tenk wat vinnig op 'n sleepwa gelaai kan word, 'n pomp wat die tenk vinnig vol pomp uit 'n dam of 'n spruit en 'n dik plastiekpyp wat deur dieselfde pomp die water kan uitspuit op byvoorbeeld 'n grasvuur. Met hierdie kontrepsie het hy en Ben en 'n paar werkers 'n breë voorbrand skuins deur die plaas gemaak. 'n Wye brandpad wat die bergdeel van die vlaktes en vleie skei. Voordat die tyd van brande op hande was, was hierdie pad groen soos die gras uitgeloop het. 'n Wye groen graspad vanaf Noordoos tot Suidwes. Dit het die huis ook beveilig en kon enige plek waar 'n trekker kon loop gebruik word. Daar het ook 'n komitee van boere in die omgewing ontstaan, wat onderneem het om mekaar te help met veldvure. Dit was vir my 'n baie positiewe ontwikkeling.

Die plaas het begin teruggee. Daar was 'n kalweroes en die koringland was geil en vol beloftes. Die kalwers wat uit die vuur gered was kon geselekteer word en 'n aantal kon verkoop word en voor die lente sou die koeie weer kalf.

Elke ses weke het ek en my helpers die ganse gepluk. Ek het sakke vol vere en dons opgegaar. Daar sou wel tyd kom om dit te verwerk. Wanneer ons naweekgaste kry, was 'n groot braaikalkoen 'n fees en die groentetuin het mildelik gegee. Nagereg was altyd groot aarbeie uit die tuin met vars room van ons koeie. Trakteer het die minimum gekos en ons was altyd bly dat ons vriende van die stad ons nie vergeet het nie.

September 1970 het Ben en Dries grondbone geplant. Die oestyd van grondbone is laat Maart, begin April. Ek het geweet dat Ben nie meer op die plaas sal wees nie. Vir die koring sal die stroper kom terwyl Ben nog op die plaas sal wees. Ek was nie meer so af en moedeloos nie maar het nog gereeld in my dagboek geskrywe. Snags het ek in my bed gebly, maar die toekoms het te swaar vir my gelyk. My droom vir die plaas was dood. Ek wou weg.

November 1970. Die koringoes was afgelewer en ons kon 'n paar gate toestop. Ons het eendag weer in die tuin gesit en ek kon die netjiese rye grondbone sien en die kalkoene wat daar wei. "Ben, hierdie jaar sal ek jou altyd voor dankbaar bly" het ek gesê. "Dit sal altyd 'n soete herinnering bly. Sê nou vir my, terwyl jy nog net meer as twee maande los is, hoe kan ek jou voergoed?" Ek sien sommer hy het klaar geweet. "Mamma, in Pretoria in 'n motorhandelaar se venster staan 'n rooi motortjie, 'n Wolesley met leerbekleedsel en houtpaneelwerk en ek het daar my hart verloor." "Top", sê ek, "hy's klaar joune, wanneer ry ons Pretoria toe?" "Ek wil nog iets met ma bespreek. Ek gaan nie meer veeartsenykunde studeer nie, ek wil medies gaan studeer. Ek het hierdie jaar gesien hoe boere self hulle diere dokter omdat die beste medisynes vryelik in koöperasies beskikbaar is. Ek wil nie 'n stadsveearts wees nie, so ek gaan medies probeer."

Ons het vroegoggend gery en Ben het vir my die motortjie gaan wys. Pragtig, en met groot vreugde en dankbaarheid het ek die tjek uitgeskryf. Hulle sou die motortjie so gou moontlik vir hom gereed kry. By die universiteit het hy weer sy studies verander en moes hy weer wag om te hoor of die mediese

skool hom die volgende jaar, 1971, sou aanvaar. Die volgende dag het hy met die rooi motortjie op die plaas aangekom, met 'n breë glimlag. Baie trots. Sy eerste kar.



**Ben en sy eerste kar**

My eie gemoedstoestand was baie beter. Tog het ek Ben se vertrek beswaard gesien nader kom. My gedagtes het meer en meer na die leë plekke in my lewe gedwaal. Ek sou nooit weer my hele lewe en toekoms om 'n kind bou nie. Daar moet iets baie meer wees om aan vas te hou. Iets vaster, sterker, ewiger as die oeste, die seisoene, my kinders, selfs die groot stuk aarde wat myne was, besigheid en huise. Diep in my wese was 'n uitroep na God. 'n Diep verlange na Hom wat nie weggaan nie, of verdwyn of afbrand nie. Ek het verlang na die Rots van Psalm 61 wat hoër is as ek. Verlang na die Pottebakker. Dat Hy my weer sal oormaak op die skyf. Hy hét my afgegooi. Alles wat ek so begeer het en voor gewerk het, het in my oë nietighede geword.



**Bines en Ronel se troue**

Baie jare later het ek tot die groot kennis gekom dat 'n mens nie sommer kan sê: 'ek gaan nou vir God leer ken nie'. 'n Mens kan Hom net ken as Hy Homself aan jou openbaar. En dít is blote genade.

Desember 1970 het Bines getrou. Kersfees het André en Noël gekom. Ben het van sy vriende genooi en dit was 'n fees. Bines en sy vrou was nog op hulle wittebrood. Die nuwe jaar was op ons. In Nylstroom was 'n baie oulike manswinkel en daar kon ek Ben se klere aanvul vir sy studies. Die modes was anders as vandag. Mediese studente moes byvoorbeeld dasse dra. Baie meer formeel.

Toe sy vertrektyd aanbreek, het ons blymoedig afskeid geneem. Pretoria was nader aan die plaas as Johannesburg en hy sou dikwels kom kuier, minstens vakansies en bloktyd. Hy het baie van sy kamer op die plaas gehou en het glad nie meer gevoel sy ouerhuis is verlore nie.

Ons maak klaar om die grondbone te oes. Van 'n tuisland huur ons swart vrouens wat die uittrekwerk doen en die hope pak, waar die hope dan droog word voordat oom Harry kom met sy plukker en dopper. Langs die pad sien ek 'n motor van vooraf aankom wat ek ken. Ek waai en hou stil en Dries met die bakkie hou agter my stil. Dit is ons goeie vriende uit die stad. Ons almal klim uit en groet. "Waar jaag julle so heen?" vra ons vriend en ek sê dat ons oesters gaan haal. "Haai", sê my vriendin, "ons ken julle al so lank en het nooit geweet julle is só lief vir seekos nie". Uit die veld geslaan sê ek: "Ek bedoel seisoenarbeiders wat die grondbone kom oes. Ons noem hulle sommer "oesters". 'n Lekker lag-brekie daar op die stofpad. Hulle was nie op pad na ons toe nie, so elkeen het weer sy eie koers gevat.

## 1971

Daardie jaar terwyl die grondbone getrek word het my gedagtes bly wegbreek na die Paasfees kampdienste op Maranatha Park in die buitewyke van Johannesburg. Duisende kinders van God trek daar saam om te aanbid, God te prys en gesond te word. Daar is 'n bidkamer wat byna vier-en-twintig uur per dag beman word deur pastore wat geroep is om vir siekes te bid. Baie wonderlike dinge het al daar gebeur. Daar is kinderdienste in Sonskynhoekie. Die Jeugsaal vir tieners en ouer, met sitplek vir eenduisend. In die groot Tabernakel met sitplek vir tussen vyf – en sesduisend mense. Die sangdienste in daardie Tabernakel was iets om te hoor! Die orrel en die groot vleuelklavier. Trompette en ander instrumente. Die talentvolle sangleiers wat daardie duisende kon lei om te sing soos 'n reuse koor. Sestien jaar het ek nie kamp toe gegaan nie omdat Abelines gedurende so 'n kamp gesterwe het en uit daardie Tabernakel begrawe is. Ek kon nie. Baie van daardie duisende was op sy begrafnis.

Hier wroeg ek nou om 'n lewe uit die aarde te maak. Hier moet ek toesig hou oor 'n massiewe koskokery vir al hierdie monde. Hiér het ek gesweer: "Ek is klaar met grondbone. Iewers, iewers sal ek 'n makliker lewe kan maak." Hierdie jaar 1971 sal ek my toevlug na die grote God toe neem. Ek sal my Bybel weer lees en ek sal bid, baie vergifnis vra vir al my eie planne waarin die Here nie geraadpleeg was nie." Dit was my hartsbegeerte. Laat al hierdie eters net eers van die plaas af weg wees.

By einde Mei was alles geoes, gedors en verkoop. Die lande het vol koring gestaan. 'n Plaas is 'n trapmeul. Jy moet net aanhou. Maar my hart was elders. Ek het lang ure met my Bybel gesit. Maar die Boek was 'toe' vir my. Sover ek lees, so vinnig is die heilswoorde uit my gedagtes. Verdring deur vrese, spanning en geweldige onsekerhede. Dries en ek kon nie praat nie. Daar was geen kommunikasie nie. Hy het vroeg gaan slaap en ek het weer snags begin rondloop. Daar onder die sterre het ek tot die skrikwekkende besef gekom dat God my nie wil hoor nie en Hy het Sy Woord vir my toegesluit.

Dit is vir my swaar om hierdie woorde te skrywe. Daar het in my gedagtes die idee gekom om met ons motor van 'n hoë krans in die bergpas af te ry.

Ek ken die pad, die klowe is so diep en bebos, dat niemand 'n groen motor sal sien wat onder tussen die groen bosse lê nie. Miskien ná 'n tyd sal die aasvoëls iets wys. By hierdie wanhoopsplan het my verantwoordelikheid teenoor my kinders nog geseëvier. Ek het Johannesburg toe gery om die assuransiemaatskappy waar ek 'n polis gehad het, te gaan sien. Ek wou die polis verdubbel of 'n bykomstige polis uitneem. Alles was ja, ja, sekerlik, graag mevrou, maar net eers 'n mediese ondersoek. Die dokter vind toe 'n hartdefek en hulle keer die polis af. Ek vlug na my huisdokter, sy ondersoek my, neem 'n EKG en vind niks nie. Sy bel die assuransie-dokter en sê ek ly net aan senuwee spanning, my hart makeer niks nie. Ek sit voor haar lessenaar en hoor hoe stry die twee dokters. Haar punt was haar lang kennis van my, my lang geskiedenis by haar vandat Ben gebore is en nou al 21 is. Maar dit het niks gehelp nie. Die polis is afgekeer.

Op pad terug na die plaas kom die woorde van Jesus skielik en helder in my brein asof ek dit op 'n swartbord lees, van die mossies wat nie op die aarde kan val sonder dat die Vader dit weet nie. Matt. 10:20-31 – Jesus se eie woorde oor die mossies: "Wees dan nie bevrees nie, julle is meer werd as baie mossies." "Here, as U alles weet van die mossies, dan weet U van die afgronde op die bergpad. Dan weet U ook dat die Satan met my gepraat het voordat U met my gepraat het. U het self gesê Hy is 'n mense moordenaar en ek weet nou hy wou my doodmaak voordat ek onthou het van die mossies." Ek het hardop met die Here gepraat. Dit was nie 'onthou' nie. Dit was God se peil van onthou. Ek moes stadiger ry om die trane af te vee. Daar op die pad anderkant Warmbad het ek verseker geweet ek is in my Vader se oë meer werd as 'n mossie. Ek was tevrede omdat ek geweet het, verseker geweet het God wag my in. Hy sal my krom pad reguit maak. Ek was nie meer bang nie.

September-maand het daar weer 'n vuur gekom. Dries se brandpad en sy waterwa het pragtig gewerk. Hy, met hulp van die bure en plaaswerkers het die vuur by die groen strook natgespuit en doodgeslaan. Maar in September het 'n laat ryp die koring doodgeryp. Oor die berge het 'n yskoue wind gekom en byna stormsterkte gewaai. Ek het die hele nag die vuur in die kaggel aan die brand gehou. Hout opgepak. Stompe opgesit en geluister. Wanneer hierdie wind gaan lê, ryp dit. Dis koud genoeg.

Die koring was vol in die aar maar die korrels was nog nie gevorm nie. Voor die kaggel het ek gewaak soos by 'n sterfbed. Toe ek 'n kind was het my pa se koring ook doodgeryp. Hy het laat vure maak regom sy land wat nie groot was nie. Net koring vir huisgebruik, maar daar het ek geleer van laat ryp. Vir ons kinders was dit 'n avontuur om te help vure maak. Takke en hope gras van die miedens want die teorie was dat baie rook sal help. Ek weet nie of dit gehelp het nie, ek was te jonk om later te vra. Die wind het ná middernag gaan lê. Toe dit lig word, was ek in die land, maar alles het nog mooi gelyk, net koud.

Later in die week het ek met oom Harry gaan gesels oor ryp en rypskade. Hy sê toe vir my dat ek so twee weke moet wag dan sal die are soos as lyk, vaal met geen korrels nie. Die koringland het toe gesterf. Daar was geen oes nie. Die insetkoste moes nogtans betaal word.

23 Desember 1971 het 'n wolkbreuk ons getref. Die water het afgekom soos 'n teatergordyn wat afsak oor 'n verhoog. 'n Golf het dwarsdeur die sitkamer, eetkamer en kombuis gestorm. Bo-oor die matte, onder die meubels en onder die klavier deur. Ben was vir die vakansie by die huis. Die trekker met 'n ploeg aangehaak het voor die stoor gestaan. Hy het bevele aan die werkers geskree, self op die trekker gespring, die ploeg baie skuins gestel en 'n diep sloot reg voor die huis getrek. Die werkers het met grawe die hoeke opgebou. Toe het die blitse so wild gespeel dat Ben hulle beveel het om in die stoor te skuil en self die huis ingevlug het. Hy het homself afgedroog en van Dries se droë klere aangetrek. My huisbediendes het met besems die water by die twee agterdeure probeer uitvee. Ons het in die sitkamer doodstil gesit met ons voete bo-op die stoele. Ansophie was by ons en bleek verskrik. Die storm het bedaar, maar die reën het bly val. Die slaapkamers het niks oorgekom nie. Die buitedeure was toe en die deure het 'n rif na buite gehad. Net bietjie water het deurgelek.

Later breek Ben die stilte: "Wat ruik so lekker?" vra hy en snuif die lug. Ek spring op. "Dis my doekpoeding en twee koeke in die oond." Die doekpoeding kook bo-op die stoof in my grootste kastrol. "Ek het dit skoon vergeet. Onthou oom Corrie en tannie Nora kom môre vir Kersfees. Oormôre is Kersfees, wat gaan ek doen?" Toemaar Mamma, die matte sal môre skoon

gespuit word en op die skaapkraal se dak oopgesprei word. Maar nou wil ek iets proe. Wat sal ek kies, koek of poeding?" vra Ben vrolik. "Ek sal een koek sny" sê ek. "Daar is altyd 'n eerste keer, ons sal warm vrugtekoek eet. Maar die poeding en die ander koek moet heel bly vir my Kerstafel."

Daardie Kersfees het hier en daar 'n matjie op die kaal vloere gelê wat ek uit die slaapkamers 'geleen' het. Dit was 'n koue, nat Kersfees. Noël het die voordeur gesluit en die skrewe met breë kleefband toegeplak. Groot stompe het in die kaggel gebrand. Dit was 'n baie lekker Kersfees, van gesellig saam kuier, en baie lekker kos. Die eetkamer se staldeur wat na die bos se kant toe oopgemaak het, het as voordeur gedien. Die bos het baie doeltreffend die geniepsige wind afgekeer.

'n Groot braaikalkoen met die Ierse stopsel was 'n wenner. So ook my doekpoeding.

# 1972

Die Nuwe Jaar begin met slegte nuus. Die beesagent kom vertel dat die vleismark in duie gestort het, en dat die regering weer die ou permitstelsel ingebring het. Die mark is oorvol. Aanbod meer as aanvraag. As 'n boer wil beeste verkoop moet hy aansoek doen vir 'n permit en op die uitgereikte vorm invul hoeveel jong of ou diere en nog 'n hele klomp ander inligting. Ons koring het doodgeryp en ons het nie grondbone in die grond om op te hoop nie. Ons wou noodgedwonge uit die beeskudde 'n inkomste genereer. Dries het al die nodige vorms gekry en ingevul en ons het gewag. Later het hy die agent geskakel. Dié sê net: "Nie toegestaan nie". Geen rede nie. Op die veld was die diere vet en markgereed. Die veld was geil en die gras volop. Ons het nooit 'n permit gekry nie. Eers later het ons gehoor van die korrupsie in die stelsel. Ons was onkundig oor omkopery. Het glad nie geweet dat geld permitte kon 'koop' nie.

Ons skuld het net gegroei want daar was geen inkomste nie. Ons swart werkers was elke maand op die regte tyd betaal en daar was die insetkoste van die nuwe jaar se koringoes. My enigste hoop, 'n ligpunt was die vooruitsig om die Paaskonferensie by te woon. Die groot jaarlikse kamp het in my gedagtes die bad van Betesta geword. Ek weet dáár sal die waters geroer word. Daar werk die krag van God altyd. Nog nooit was die Kamp 'n mislukking nie. Altyd nog was dit 'n wonderlike tyd van geestelike vernuwing. Toe almal slaap het ek maar weer agter die huis op die ou bed gaan sit. Die maan was vir my 'n lig. 'n Sagte lig wat nie my vel brand nie. 'n Lig wat alles mooier en volmaak laat lyk. Die ganse was my vriende. Hulle het my geken en nooit beswaar gemaak as ek by hulle sit of tussen hulle loop nie.

Einde Januarie 1972 het Dries vir my gesê om my deel van ons 'noodgeld' in die lopende rekening in te betaal. Ek het geweier. Daardie is die geld van ons woonhuis. Ons mooi dubbelverdieping waar Ansophie groot geword het. Desperaat het ek gesê: "Trek dan maar jou helfte. Ek sal nie my helfte trek nie. Onthou jy nie dat ons saam besluit het oor die geld van ons huis nie? Ek wou nie plaas toe trek nie, maar die veilig bêre van ons huis se geld was vir my 'n troos. 'n Lewenslyn as dinge te swaar word. Onthou jou beloftes." Ek was buite beheer. Het geskree: "Hoe sal ons nou ooit hier kan

wegkom?" Histerie is skok. Uit skok kom woorde wat nie maklik uitgevee kan word nie. Ek moes kalm word, maar toe sê hy dat hy lankal die deel wat op sy naam gebank was opgebruik het. Toe vlug ek uit die huis uit. Op 'n stomp diep in die bos het ek gesit en gebewe soos 'n riet. Dink was onmoontlik. My verstand het afgeskakel en woorde was op.

Na donker het ek die huis ingesluip en in 'n spaarkamer se bed gaan inkruip. Niemand het na my kom soek nie. Niemand het na my geroep nie al die tyd wat ek in die bos gesit het nie. Daar in die bos het ek opgehou dink oor die geld en besef ek het baie meer verloor as geld. Ek het ook nie meer 'n huwelik nie. Dit is verby.

Die volgende week het ek stad toe gery en 'n agent gaan sien. Sy het vir my 'n paar huise gaan wys wat in die mark was. So uit die motor in die straat het ek op 'n huisie besluit, die koopaanbod geteken en 'n deposito neergesit. Ek ken daardie soort huisies. Almal is goed gebou en hierdie een se posisie was uitstekend. Daarna het ek bank toe gegaan en die res van 'my' geld in ons lopende rekening laat oorplaas. Ek het weer die agent gebel en gesê dat sy vir die verkoper moet sê dat sy nie haastig hoef te wees om die huis te ontruim nie. Wag maar op die oordrag. Hoe ek gevoel het, is moeilik om te beskrywe. Die mat was heeltemal onder my uitgeruk. Min hoop voor my en agter my 'n afgrond. Hoe ek die huisie se paaiemente sou betaal het ek geen idee gehad nie.

Op ons dorpie het ek eers die pos uit ons posbus gehaal. Briewe, rekeninge en 'n tydskrif. Wat in die briewe en die rekenings staan, het ek goed geweet sonder om een oop te maak. By ons plaaspaadjie draai ek af, en ry baie stadig. Voor my lê die drif en oor die spruitlaagte hang 'n sagte wit mistigheid. Twee blou kraanvoëls staan in die wasigheid en volg die beweging van die groen motor met die draai van hulle koppe. Pragtig lê die plaas voor my. Hoe mooi is die twee groot silwerblou voëls en die blink water van die spruit in die mistigheid. Verder aan, teen die randjies wei die rooi beeste net soos ek dit daardie eerste dag uitgedroom het.

"Ek groet jou Elandshoek", sê ek hardop. "Jy was vir my soos 'n ontroue minnaar. Jy het my hart gebreek en alles gevat wat ek gehad het. Vandag

het ek vir my 'n huisie in die stad gekoop. 'n Voetneersitplekkie. Geen vergelyking met jou groot beloftes en prag nie, maar veiliger. Jy was te rof vir my, te groot, te veeleisend en te gevaarlik."

Verder aan waar die pad om die randjie draai sien ek die groot grasdak van die huis en die groen lower van die bos waarteen die huis nestel. Stadig ry ek tot by die werfhek. Voor die wit huis staan honderde rose in volle blom en die ganse kom in 'n wit streep in die rooi grondpad op gewaggel. Weer sê ek hardop: "Ek gaan weg. Wanneer weet ek nog nie, maar ek gaan. Ek moet my los maak en groet. Ek het weer 'n huisie in die stad".

Stadig draai ek by die hek in en hou stil. Hierdie prentjie voor my sal altyd by my bly. Ek sal dit soos 'n foto in my kop saamvat. Maar as ek eers weg is, sal ek nooit weer terugkom nie. Nooit weer nie! Ek groet jou Elandshoek.

Daardie nag was dit volmaan. Die tuin was 'n fees van rose. In die lieflike maanlig was dit 'n praggesig. Rose maak nie toe met sononder soos madeliefies nie. Rose is dag en nag pragtig. Die klompie vaal ganse slaap al om die waterkrip agter my groentetuin. Die groot ou wit mannetjie lê rustig langs sy vaal vroutjie. Agter die huis slaap die ander en ek gaan sit maar weer op my ou plek. Ek sien in my gedagtes die hopie pos in die eetkamer op die tafel. Moenie dink nie. Moenie dink oor die huisie wat jy so impulsief, desperaat gekoop het nie. Moenie planne maak nie. Dink aan God. Kyk na Sy werke. Kyk hoe pragtig is die maan. Kyk na die groot bome aan die punt van die bos. Kyk na die kantskaduwees wat oor die werf lê van die maanlig deur die takke van die groot bome. Net God kan sulke reuse bome skep. Kyk na die sterre. Alles wat God gemaak het is volmaak. Lig en donker, somer en winter, droogte en reën. Ek word innig bewus van die grootheid, die volmaaktheid van God. 'n Opperwese, Almagtig, Alomteenwoordig. Onbegryplik in Sy onbeperktheid, vir my in my beperktheid. Vasgevang in my eie planne, my eie drome wat soos 'n groot slagyster om my toeslaan. Is God jammer vir Sy skepsels wat bang word? God ken nie bang nie. Dink net aan Hom wat vrees nie ken nie.

"Toe ek wou vergaan het ek aan die Here gedink. Toe beveel die Here die vis en hy het Jona op die droë grond uitgespoeg." Daar in die naglig lees ek die

stukkie skrif uit my kop uit. O Here, U kan beveel en die plaas kan my ook 'uitspoeg'. Op geen manier kan ek loskom nie, maar U kan beveel. Ek glo dat geen ding vir U onuitvoerbaar is nie. Ek het nie formeel gebid nie. My hele wese, my siel het met God gepraat. Was ek soos Jona? Is dit U Gees wat my Kamp toe roep van waar ek weggevlug het? Is dit U genade wat my versterk het om teen alle logika in te besluit dat geen grondbone geplant moet word nie? Wie het my herinner aan die mossies? Dan hét U in U grote liefde en genade tóg eerste met my gepraat. U sagte influistering was eerste, voor die 'verderwer' sy plan van die bergpad voor my gehou het. *(Jona 2:7 en 10)*

Nog net Februarie en Maart dan gaan ek Kamp toe. Later het ek gelees dat "niks verborge is vir die Een met wie ons te doen het nie" *(Hebreërs 4:13)*, en "dat daar geen skepsel onsigbaar voor Hom is nie." *(Hebreërs 12 en 13).*

Eendag het daar 'n ouerige man met sy groot Mercedes op die plaas aangekom. Ek was alleen daar. Hy sê toe: "Mevrou, ek het gehoor dat hierdie plaas in die mark gaan kom. Ek stel belang omdat die plaas so groot is. Is dit waar?" Ek bevestig toe dat ek dink aan verkoop. Hy vra toe of ek hom die plaas sal wys. Ons ry toe met my bakkie verder die plaas in. Kort, kort vra hy my om stil te hou. Hy klim uit en stap ver van die bakkie af om die gras en die grond te bestudeer. Pluk verskillende sade af en bekyk dit in sy oop handpalm. Ek sit vir hom en kyk en dink, hierdie man weet iets wat ek nie weet nie. Hier loop 'n wyse boer en beoordeel wat hy sien. Na so vier keer van hierdie ondersoekende stappies kom staan hy langs my met die handpalm oopgesprei en die verskillende grassade mooi gerangskik oor sy palm en deur die oop venster vra hy: "Mevrou, is dit twee of drie jaar gelede wat hierdie plaas afgebrand het? Ek mis 'n paar soorte gras wat hier behoort te wees." Niemand het vir hom gesê van die vuur nie. Hy 'lees' die veld. Ek was verstom oor sy kennis en noem hom toe sommer 'oom' uit blote respek. "Die vuur het hier deurgetrek 2½ jaar gelede, oom, dit was verskriklik." "Ek sien dit", sê hy "en hoe het julle toe die weidingbestuur toegepas ná die vuur sodat al die grassade kans kon kry om weer te ontkiem en te groei?" Hy het gesien ek is in diep water. "Oom, ons kon nie al ons beeste red nie, ons moes baie verkoop en ek kan nie nou verduidelik hoe ons die koeie en klein kalfies gered het nie. Meeste in ons lande, maar die ander diere moes gaan."

Ek sien die jammer in sy oë en hy sê: "Mevrou gaan wys my julle beeste, 'n bees vertel sy eie storie." Hy klim toe weer langs my in en ek ry ver na die ander kant van die plaas met die pad wat weer voor my 'mooi werf' verby loop. Ek merk dat hy alles bekyk en toe ons deur die hek ry van die kamp waar my beeste loop, hou ek weer stil en hy stap tussen die beeste in. Ek sit hom en dophou en ek dink: ek wens ek weet wat hy weet. Kennis is 'n wonder soete ding! Toe hy weer langs my inklim sê ek: "Nou gaan ons eers huis toe vir koffie of tee en beskuit en later as u wil, kan ons weer ry."
"Reg" sê hy.

Met sy koffie en die beskuit sê hy: "Mevrou, laat ek nou vir jou iets van my boerdery vertel: "Ek het twee duisend teelkoeie wat ek self geteel het. Die een lyk soos die ander een. Deur streng selektering oor jare en die beste bulle het ek hierdie kudde opgebou. Soos ek sê, die een lyk soos die volgende een. Jy sal nie een kan uitsonder nie, maar ek ken elkeen uitmekaar. Hulle loop versprei oor ses plase wat nie te naby aan mekaar lê nie en dis vir my moeite om minstens elke week almal te sien. Daarom my belangstelling in die groot plaas." Ek luister met verwondering en bewondering na hom en drink my koffie met klein slukkies. "Jy weet hoe het ek begin?" vra hy en ek kyk met 'n vraagteken in my oë na hom en fluister: "Hoe oom?" "Ja", sê hy "Ek het net 'n trapfiets en 'n graaf besit. So het ek by 'n groot beesboer aangekom toe ek sestien jaar oud was, en vir hom werk gevra. Hy het my deurgekyk, na die graaf agter op die fiets gewys en gevra: "En dié?" Ek het vir hom gesê as ek dalk vir u moet draadspan kan ek die gate vir die pale grawe en die gras wat ek uitgespit het weer terugplant". Die boer het lank na my gestaan en kyk, geglimlag en gesê: "Jy sal doen, 'n man wat respek het vir gras sal ek huur." "Ja, mevrou, so het ek begin."

Hy het nie die plaas gekoop nie omdat sy beeste in 'n streek was wat nie hartwater ('n siekte van 'n sekere soort bosluis) bestand was nie. Maar wat 'n les het ek geleer! Selfs my pa was nie só 'n boer nie! Ek was 'n aap, my man 'n ingenieur, Ben kies 'n beroep. Bines was weg! Ek sal daardie man nooit vergeet nie. Dit was asof die Here self vir my gewys het watter soort man hierdie plaas sou kon bestuur.

Een ding het ek nou geweet, só 'n man was nie in my familie nie. Niemand het hom van 'n veldbrand vertel nie. Hy lees die veld, lees die gras, die wolke, die wind en die weer! Ek het daardie dag nie geweet dat ek niks, absoluut niks hoef te lees nie behalwe die Woord van God. Ek het nog minder kon raai wat 'n groot avontuur op my gewag het nie. Nie geweet dat 'n nuwe lewe vir my oor twee maande sou begin nie. Ek sou leer dat wysheid by die dien van die Here begin. Kennis van die Heilige is verstand *(Spreuke 9:10).*

Toe die tyd van die Paasfees aanbreek, het 'n hele reeks hindernisse (seker weer die vyand, die verderwer) oor my pad gekom. Ek het myself losgewikkel en toe Ansophie en ek vertrek, was daar nog net die laaste naweek van die Konferensie oor. Met groot verligting en blydskap het ons gery. Ek het haar alles van die Paasfees vertel nog lank voor ons sou ry. Sy het nét so uitgesien en met groot verwagting gegaan. My grootste dankbaarheid was dat daar nie seisoenarbeiders op die plaas was nie. Ben was daar en sou Dries help terwyl ek weg was. Die universiteit het 'n kort vakansie gehad en Ansophie se skool ook. Op die plaas sou nie die kokery vir arbeiders wees nie en ook nie hulle streke en gedurige eise nie. Die koring was groen op die lande en die besproeiing daarvan was eintlik die enigste werk. Daar was 'n nare maalgeluid in die Mercedes. Die motor was al oud en baie verniel maar ek hét nie, wou nie na die gemaal luister nie en het die radio aangeskakel.

Na omtrent 'n halfuur op die pad vra Ansophie vir my: "Mamma, wat is die Heilige Gees?" Ek antwoord nie dadelik nie. Ek stuur 'n skietgebed na bo dat die Here my sal help om hierdie kind van my die regte antwoord te gee. Ek skakel die radio af en begin versigtig by die Drie-eenheid van God. Ons aanbid een God maar Hy openbaar Homself aan die mens op verskillende maniere. Daar in die motor voel ek hoe die Here my help om reg te praat. Min wetend dat die Here haar voorberei vir 'n wonderlike ondervinding.

Die plan was dat ons eers sal gaan afpak by my skoonsuster, Nora. By die tyd dat ons in Johannesburg inry was die gemaal in die Mercedes baie erg. Die steil oprit by Nora se huis was amper te veel vir die kar. Na ons gegroet het bel ek die Duitser van die werkswinkel wie ek geken het en reël dat hy die kar kom haal. Toe bel ek my broer en sê: "Help my tog met 'n ryding.

Ek is in Johannesburg maar kan nog nie by die kamp kom nie." Goedgunstiglik kom hy en sy vrou binne 'n uur daar aan met sy kar en sy bakkie. Hy klim by sy vrou in sy mooi kar en los vir my die bakkie met dié woorde: "Gebruik hom maar oor die naweek, volgende week ruil ek hom in op 'n nuwe een, maar hy loop nog goed. Daar is niks verkeerd met hom nie, hy is oud, maar betroubaar."

Vroegmiddag het Ansophie en ek die stadsverkeer ingewaag met die ryding. By die kamp het ek in 'n systraat ver van die groot hekke af geparkeer en gestap. Die terrein was gepak. Elke kampeerplek opgeneem. "Kyk die nuwe motors en woonwaens Ansophie," het ek gefluister. Ons het nie ver ingeloop voordat ons bekendes raakgeloop het nie. Ons word verwelkom, gegroet en gesoen. Word in die mooi sytente van die woonwaens ingenooi wat gemeubileer was met buite opvou meubels. Met bietjies gesels en groet-groet loop ons verder die kamp in. Dit was tussen dienste en baie mense stap rond of kuier bymekaar in die sytente. Ander bly in kamphutte. Alles het verbeter in die jare wat ek weg was. Die bome is nou groot, die modderstrate wat ek onthou, is geteer en groot grasperke is groen met baie tuinbanke oral onder die bome. Heerlike kuierplekke. Die musiek uit die groot tabernakel deur luidsprekers oral rond vul die gronde. By familie haak ons vas en hulle is baie bly om ons te sien. Ansophie ontmoet 'n niggetjie en ou skoolmaat en hulle verdwyn op hulle eie. Ek kuier by my swaer wat my en Dries getrou het daardie somermiddag 13 jaar gelede. Miriam, sy vrou wat ons met roosblare gestrooi het, is baie bly dat ek gekom het. My indrukke is net voorspoed, vooruitgang, liefde en vriendelikheid. Ek voel werklik soos die verlore seun wat alles verloor het, maar ek is baie bly dat ek gekom het. Dit is asof daar 'n wolk van heerlikheid oor die hele terrein hang.

Ons bly vir die aanddiens. Ansophie gaan na Sonskynhoekie saam met haar maatjie. Hulle is altwee twaalf jaar oud. Daar is nie meer sitplek nie en hulle staan langs die middelpale. Daar waar sy staan kom vra 'n jong Bybelkollege student vir haar of sy al vervul is met die Heilige Gees. Op haar nee antwoord, lê hy sy hande op haar en bid dat die Here hierdie jong lewe vir Hom moet verseël en haar asseblief moet aandoen met die krag van Sy Heilige Gees.

En daar ervaar Ansophie hierdie groot genadegawe en word vervul met die Heilige Gees.

Die nag slaap ons by Nora en Corrie in hulle spaarkamer. Ons besluit om Saterdagoggend by hulle te kuier omdat dit by die kamp die vrouevergadering is waar hulle verslag doen oor hulle liefdadigheidswerke van die afgelope jaar.

Laatmiddag ry ons weer kamp toe en geniet die vroeë aand- en jeugdiens. Baie sang en musiek en sewe uur begin die aanddiens. Alles is vir my mooi en heerlik om te geniet maar diep in my is nog die verlange na 'n spesiale aanraking van God. Hier moet my oplossings wees. Ek soek 'n plek om my swaar laste en bekommernisse neer te sit. Miskien is hier iemand wat die plaas sal koop. Al my skuld sal verdwyn en ek sal iewers naby 'n gemeente stil-stil woon en die Here dien. Hier is baie welaf kinders van God. My oë sien net voorspoed. Ek ontmoet selfs 'n welaf man wat 'n huis- en plaasagent is ek ek gaan sover om vir hom te vra om my plaas op sy boeke te sit en self te kom kyk. Hy is van 'n dorpie net anderkant Nylstroom.

Die aand vertel Miriam my dat die Here Ansophie vervul het met die Heilige Gees. Ek is diep dankbaar en ons praat oor hoe wonderlik die krag van die Heilige Gees haar jong lewe sal rig en bestuur. Later die aand vertel sy my self. Sondagmôre moes ons vroeg opstaan om plekke te verseker.

Nege uur sit mens al vir 'n diens wat tienuur begin en nie voor halfeen afsluit nie. Die môre het ek met 'n hartseer in my kerk toe gegaan. Hier is ek op die laaste dag van die kamp en ek dra nog my las, my groot bekommernisse. Die toekoms is nog donker. Ek het nog geen plan van hoe ek ooit van die plaas sal loskom nie. Dit was nog die tyd van die hoede. Al daardie duisende vrouens het daar gesit met hoede. Pragtiges en minder mooies. Ek self het 'n mooi breërand geel hoed gedra by 'n geel rok. Ek kon wegkruip agter my hoed. Die trane kon maar loop. Die atmosfeer in die tabernakel was vir my siel 'n heerlikheid. Die orrel en die groot vleuelklavier het gewyde liedere gespeel. Ek het al die liede geken en die woorde van aanbidding en lof was in my kop. Toe die sangleier die sangdiens begin het die trompette en ander instrumente ingeval en die skare het begin sing. Daar in die diens het die

Here met my begin deel en my gewys hoe ek sonder Sy hulp 'n pad, ter wille van my kinders wou oopveg. Ek het bewus geword van my eiewilligheid, my eie insig en ek het die Here gevra om my te vergewe. Baie keer soos wat die Here my dinge gewys het, het ek gevra: "Vergewe my, vergewe my". Dit was asof ek die tye van my worsteling, my dwalinge soos in 'n rolprent gesien het. Ek was geweldig bewus dat die Here met my deel en met my praat. Hy het my gewys dat al die dinge wat my so in 'n hoek gedryf het, wat my wou doodmaak, alles nietighede is. Net Hy en Hy alleen is die pêrel van groot waarde. Met trane het ek daardie môre, terwyl die diens aangaan, oorgegee. Ek het gesê: "Vat asseblief die hele plaas, al my skuld, al my laste en maak my net 'n slaaf van die Nasarener. 'n Slaaf van Jesus (1 Korintiërs 7:22). Verander my lewe, verander my". Hierdie woorde het ek oor en oor gebid. Daar het 'n wonderlike vrede oor my gekom al het die trane nog geloop. My gesig was papnat en op my handsak op my skoot het ek afgevee. Ek het geweet ek is anders. Toe stoot iemand aan my arm, ek maak my oë oop en voor my hou hy die brood van die nagmaal en die Here sê: "Eet daarvan, jy is rein, jy is vergewe". Dit is nie vir my moontlik om te beskrywe met hoe 'n vreugde ek daardie stukkie brood in my mond gesit het nie en van die wyn gedrink het. Na al die jare is die Nagmaal nog altyd vir my baie spesiaal en 'n voorreg om van te gebruik. Om deel te hê aan Sy heilige liggaam en Sy gestorte bloed vir my. Vir baie duisende soos ek. Onverdiende genade. Die diens was verby. Ek het van die preek nie 'n woord gehoor nie. Dit het vir my gevoel of ek van 'n ver plek af terugkom.

Die groot gehoor het dawerend gesing. Baie met hulle hande in die lug, vol blydskap. Gestig, gevoed en vol vreugde en ek ook. Soos 'n kleed om my was die blydskap. Die temalied van die kamp daardie jaar 1972 was: "Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie. Na groen weivelde lei Hy my heen. Net goedheid en guns sal my volg al die dae, al die dae van my lewe. Baie diep haal Hy my uit, baie diep haal Hy my uit. Hy plant my voete op die Ewige Rots, baie diep haal Hy my uit." In hierdie koortjie was alles wat ek van God begeer het en ek het geglo!

Die aand het die diens vroeg begin en aan die einde het daardie groot gehoor hande gevat en: "God bly met jou tot ons weer ontmoet" gesing as groet en afskeid. Baie gesigte was blink van trane.

Ek het plaas toe gebel en vir Dries gevra om ons te kom haal met die diesel Mercedes want die groene moet agterbly vir herstelwerk. Dries het gekom en ons het terug plaas toe gery. Op die pad anderkant Nylstroom het ek Ben se rooi motortjie sien aankom. Ek het gevra dat Dries moet stilhou sodat ons Ben kan groet. Ben het ook stilgehou en van die pad afgetrek. Ons het almal uit die motors geklim. Ben het om die kar geloop en sy arms om my gesit en in my oor gevra: "Het Mamma gevind wat Mamma gaan soek het?" "Ja, Ben ek is 'n ander mens. Baie laste het daar op die kamp in die ou Tabernakel agtergebly". Daar was trane in Ben se oë. Ons het gegroet en hy het aangery na Pretoria toe en ons het die afdraaipad gevat na die plaas. Ansophie en ek het gesing en aangehou sing. "Die Here is my Herder niks sal my ontbreek nie". My vreugdekleed het nog om my gehang en haar gesiggie het gestraal.

Op die plaas aangekom het die honde ons verwelkom en Rebekka het kom groet en gesê daar is kos op die stoof. Die huis was skoon en sy het rose in die blompotte gesit. Alles was nog mooi. My oë het alles waargeneem maar my hart was elders. Ek het 'n ingrype van God verwag. Min het ek besef dat ek in my nuwe lewenswandel net in graad nul was. Graad nul aangaande my kennis van God se weë met die mens. Eenvoudig was my eerste gebed uit my kamer op die plaas. "Here, al die ander konferensiegangers het tien dae van 'hemel op aarde' ervaar en ek het net twee dae gehad. Gee aan my ook 'tien dae' van hierdie blydskap, hierdie lus om te sing, om die Here te prys en hierdie honger en dors om die Bybel te leer ken. Gee my tien dae van konferensie, los van die werk en verantwoordelikheid op die plaas." Ek is seker God het geglimlag, miskien gedink: "Hierdie baba het geen benul van wat Ek vir haar weggelê het nie. Sy weet nie van die 'bitter wyn' en die 'woestynwinkel' nie, ook nie van die baie jare van ons 'saamwandeling' nie.

Ek het nie besef dat my man die verandering in my só fel agtergekom het nie. Hy kon skielik al die besluite neem, al die bevele gee. Ek het net laat gaan. Ek kon hom nie alles vertel wat ek ondervind het nie want hy het uitgesproke anders 'geglo'. Maar as daar vantevore wrywing van wille was, was daar nou niks nie. Selfs met ons plaaswerkers was ek vriendeliker, toegeefliker en dit was vir my ongelooflik maklik om te sê: "Ek dink die meneer sal beter

weet as ek", of miskien: "Bespreek dit met hom, dis manssake". Deur my eie pligte het ek gevlieg en dan 'gaan rus' agter my toe deur, elke tydjie met die Bybel.

As ek gedink het die verandering in my sal my huwelik red, het ek gou uitgevind dat dit nie so was nie. Daar was nie meer wrywing of harde woorde nie. Daar was 'n vervreemding. Dries was skielik met 'n vreemde vrou getroud. Hierdie vrou glip weg van die verantwoordelikheid, van besluite neem. In my nuutgevonde vreugde was ek seker onwys ook. Later het ek gelees dat Jesus sê Hy bring nie vrede nie, maar vyandskap. Tussen vader en seun, moeder en skoondogter. Daar staan egter nie dat Hy vyandskap tussen man en vrou bring nie *(1 Korintiërs 7:14, 15 en 16).* Eerder dat die man of die vrou die ander huweliksgenoot heilig. Hieroor moet ek bid. Met die Here praat.

Die tweede dag op die plaas moes ons vroeg begin want Ansophie moes skool toe. Haar tassie gepak, boeke ingepak. Sy het daardie tyd by vriende geloseer wat naby die skool gebly het. Toe ek haar by die skool groet, sê sy vir my: "Mamma, sing nou 'n ander koortjie ook". Ek vra watter een dink jy aan? En sy sê" "Sing bietjie Reach out and touch the Lord as He passes by, ons het dit in Sonskynhoekie baie gesing". Sy waai vir my en ek ry. Ek onthou die koortjie van jare gelede en met vreugde in my hele wese sing ek. Omtrent halfpad huis toe dryf sulke wit miswolkies tussen die bosse en bergtoppe deur. Dit lyk skielik vir my of een van die wit wolkies by my in die bakkie is en ek hoor ek sing vreemde woorde. Ek kan nog die pad sien en ry maar aan terwyl ek aanhou sing. Na 'n tyd weet ek wat ek sê. Die Here sê vir my: "Ek het jou altyd gesien toe jy so gebuk gegaan het onder sorge en teenslae. Ek het jou nooit verlaat soos wat jy gedink het nie. Maar nou sal Ek in al jou sake wees, maar jou pad is nog lank. Glo net, al lyk dit nog nie reg nie. Kyk met 'n geestelike oog." Die afdraai in ons plaaspaadjie was voor my. Ek het baie, baie stadig gery, en was vervul met die wonder dat Jesus só met my gepraat het. "Glo net, al lyk dit nog nie reg nie. Glo net, glo net, het ek aanhoudend herhaal." Van die 'geestelike kyk' moes ek nog leer.

Daardie aand het ek met mening my Bybel begin lees. Skielik was dit heerlik en baie maklik om te verstaan. My begeerte was om by die eerste boek van

die Nuwe Testament te begin maar ek maak die Bybel oop by 1 Samuel. Wat 'n pragtige storie dink ek en lees en lees tot my oë wil toeval en ek sien my lampie se olie is op. Ons het nie elektrisiteit gehad nie, maar ek het die mooiste parafienlampies gehad wat daardie tyd te koop was. Rebekka het elke môre al die lampies vol parafien gemaak en die pitte se swart deel wat gebrand was, met 'n skerp skêrtjie afgesny. Van nou af sal ek 'n houer parafien in my badkamer wegsteek en 'n tweede lampie in my kamer hou.

My dae het vroeg begin. Ek was nooit 'n laatslaper nie maar het ook nog nooit so vinnig deur my pligte gekom soos nóu skielik nie. Ek was nie net geestelik aangeraak nie, maar ook liggaamlik. Soos vlerke aan my voete, het ek gedink. 'n Plaaswerf is groot. Melkery, romery, slagtery, kokery en siek diere. Ganse pluk en kalkoene wat te ver in die bos nes gemaak het, het ons saans verskuiwe. 'n Groot werk met baie kullery sodat die wyfie nie agterkom sy is verskuif nie. Daarby my groentetuin en blomtuin. Jy oes en plant weer, oes en vries. In die motorhuis was 'n groot blikvrieskas wat ek my hoek kafee genoem het. Daar was baie kos en lekkernye in want as besoekers op 'n plaas aankom, is daar nie winkels naby nie.

Alles was vir my makliker. Ek het skielik tyd gehad om in die middag 'te gaan rus', maar dit was Bybelstudietyd. My nagdwalery was op 'n end. By maanlig kan mens nie lees nie. My lewe het 'n nuwe doel gehad. Ek wou die Bybel ken en deur Sy Woord sou ek God leer ken en wys word *(Kolossense 1: 9, 10 en 11).*

Presies agt jaar na die dag toe ek die plaas die eerste keer gesien het was die plaas nog mooi. Nog net so mooi en mooier as daardie eerste dag, maar ek was nie meer 'verlief' op die plaas nie. My werf was net soos wat ek gedroom het 'n werf moet wees, maar ek was los. Ek het 'n ander liefde gevind. Die Pêrel van groot waarde het ek gevind en Hy het my hele fokus verander.

Op dié stadium was die grootste aktiwiteit op die plaas die besproeiing van die koring wat pragtig en belowend gelyk het. Die beeste was vet, gras was volop en twee van ons swart werkers was slimmer as ons met beeste. Hulle het die koeie, wie se kalftyd nader gekom het, aangekeer na die binnekampe waar die jakkalse nie so aggressief of glad nie was nie en waar hulle die

erdvarkgate gedurig toegespit het sodat klein kalfies nie daarin val nie. Hulle het die kampe en die koeie geken.

So het alles stadig en gemaklik die winter tegemoet gegaan. Een môre in Junie 1972 het Dries net aangekondig dat sy maatskappy hom sy ou werk aangebied het en dat hy teruggaan Johannesburg toe en gaan werk. Ek was verstom maar kalm. Hy sou die volgende môre reeds vertrek omdat hy nog verblyf moes reël en reeds die eerskomende Maandag sou begin.

Wanneer en hoe hy die reëlings getref het, het hy nie gesê nie. Tog het hy gesê sy kontant inkomste gaan ons help. Daar het egter niks van gekom nie, want hy het verblyfuitgawes gehad.

Nadat hy die volgende môre weg is het ek eers besef dat die hele besproeiing van die koring nou in my hande was en dat ek niks van die groot pomp by die dam weet nie. Die ergste was die rotering van die pype en spuite. Daar is 'n patroon en daarvan weet ek ook niks nie. Van die plaaswerkers het geweet om diesel in die pomp te gooi en hoe om hom aan die gang te kry en waar om olie in te gooi. By die lande moes ek eenvoudig spit en kyk waar dit nat is en waar droog en daarop die pype laat verskuiwe. 'n Noodoproep na Ben om te kom help. Hy belowe om die naweek te kom en planmaak. Hy het vinnig die situasie reggesien en my oortuig om hulp te huur al dan net tot einde of middel November wanneer die koring moet ryp word en hy dan sal kan kom vir die stroop van die oes. Hy het in die distrik rondgery met die bakkie en 'n jong groenteboer gevind wat gretig was om uit te help vir 'n kontantbedrag. Hyself besproei sy groente en weet dus alles van pompe en pype af. Hy wou graag inwoning ook hê vir die vier maande wat op 1 Augustus sou begin.

Naby die einde van Julie moes Ben terug Universiteit toe. Hy het sy studies verander na Tandheelkunde ná die eerste jaar medies. Heelwat ander eerstejaar mediese studente het ook die besluit geneem en Ben het 'n studiebeurs bekom. Met Ben weg en die besproeiingsboer wat 1 Augustus sou inval, het ek skielik gedink om solank die implemente wat so skoon en goed versorg is te verkoop. Op die dorp by die Poskantoor het ek 'n groot advertensie gesien van 'n vendusie wat daar gaan plaasvind. Die nommer

van die afslaer het ek opgeskryf. Op die plaas het ek somme gemaak, elke implement 'n prys gegee en die skape sommer ook ingereken. Die bedrag wat ek kon behaal sou ek net so vir die Landbank gee met 'n ernstige versoek om vergunning om in die stad te gaan woon. Die bank se reël was dat die persoon wat die lening het, self fisies op die plaas moet woon. By hierdie reëling moes ek verby kom.

Vir die datum van die veiling het ek 'n groot spoorwegtrok bestel om ligdag te kom laai. Op my een sleepwa het ons hok gebou vir die skape. Ek sou net die mooistes laai en een trekker sou sleep. Die ander trekker sou ook 'n sleepwa trek met al die implemente wat dalk nie op die spoorwegtrok kon gelaai word nie. Die dag het aangebreek en ligdag was die trok op pad. Tuis het ek op my tyd gebad, mooi aangetrek en so gery dat ek net na die trekkers op die terrein sou aankom. My werkers wat saam weg is het geweet hoe om af te laai en te rangskik maar die sleepwa met die skape moes net onder 'n boom getrek word en so bly staan. Ek het die terrein geken, en alles so beplan.

Toe ek by die terrein kom, was daar reeds 'n klein skaretjie boere en baie motors. Dit het my moed gegee. Ek het nader gestap, so ongemerk as moontlik, en baie boere gesien waar hulle na my implemente kyk. Daar was nogal belangstelling. Ook by die skape het party selfs bo-op die sleepwa se kant geklim om die skape goed te kon besigtig. Dis vir my baie moeilik om hierdie dag in detail te beskrywe. Die afslaer het sy blits-praat begin. Die wintersonnetjie het gesteek. Die kopers het rondgemaal, gekyk, gevoel, met die hand oor items gevee en offers gemaak. Die son het tot bo geklim en begin daal. Die kerk se susters het allerhande eetgoed verkoop en die koffietafel was goed ondersteun. Dit het drie uur geword. My plaaswerkers het onder 'n boom gesit en hulle middagkos geëet. Ek het tot by hulle geloop en gesê: "Oor 'n halfuur laai ons en vieruur moet ons in die pad wees." Ek het weer die spoorwegtrok gaan roep en net gesê: "Kom laai, dat ek voor donker op die plaas kan wees." Die groot, byna nuwe eg kon skielik nêrens weer plek kry nie en dié het ek met die trekker laat sleep, deur 'n hek, tot in die lang gras van 'n boer, wat ek geken het, se plaas. Die plaashek was net by die vendusiegronde.

Toe die karavaan die pad vat na die plaas het ek verby hulle gery en was baie lank voor hulle op die plaas. Rebekka het wors gebraai, pap gemaak en ek het geel mieliemeel en kuilvoer in die skaapkrippe gemeng en gesien dat die waterkrip vol was. Ek het gewerk en bevele gegee terwyl my verstand botstil gestaan het. By die water was die skape afgelaai wat die hele dag nie geëet of gedrink het nie. Daar by die water het hulle mekaar verdring en daar het ekself waggehou om te sien dat elkeen klaar en vol drink. Die aflaai van die implemente het ek deur 'n heeltemal ander hek gestuur sodat dit nie naby die skape sou gebeur nie. Die son was onder en die skemer het vinnig geval. Die spoorwegtrok het vertrek. Rebekka het my werkers bedien en ek het hulle laat gaan en self die skape laat eet. Toe het Rebekka en ek hulle aangekeer en die hek toegemaak.

Ek het die huis ingegaan. Daar het twee lampies gebrand. Een in my kamer en een in die kombuis. Ek het die kombuisdeur gesluit en die lampie saamgedra kamer toe en in my badkamer gaan neersit. Een hond het voor my bed gaan lê en die ander een op die stoep voor die buitedeur. Waar ek op die kant van my bed gaan sit het, het ek die hele dag se gebeure deurdink. Lank en stil. Toe het ek gesê: "Here Jesus, weet U van vandag? Waar was U?" Ek was verby huil. Trane was niks werd nie. My dag het met dagbreek reeds begin. 'n Doodse moegheid het my platgedruk. Ek was vuil, vol stof , gedaan en honger. Die hele operasie, al die beplanning en die onkoste was tevergeefs. Niks, nie een item was verkoop nie. Aan kos kon ek nie dink nie. Môre sal ek bad. Môre sal ek my hare was. Môre, môre was leeg. Wat kan môre gebeur? Maar voor môre lê 'n hele lang, donker nag.

My swart werkers is huis toe. Na hulle huisies met 'n vol maag van pap en wors en koffie en baie om oor te praat en te vertel van die lekker kuierdag by werkers van ander boere. So sorgeloos, onaangeraak. Net ek is platgeslaan.

Ek het my dik veerkombers op die badkamermatjie gegooi (want een hond was in my kamer), die deur gesluit en op die kombers gaan lê. Droogoog het ek vir die Here gesê: "Asseblief praat met my, sê net iets." En ek het gewag. Op daardie plaas dreun die stilte so afgeleë is dit. As God nie vannag met my praat oor vandag nie, as Hy my nie 'n woord van bemoediging gee nie, wil ek liewer dood wees. "Asseblief Here, praat met my, U weet alles." En toe

sê die Here vir my: "Jy wil oor vandag praat. Waar lê jou spore van vandag? Lê 'n slaaf se spore voor haar Meester s'n of loop 'n slaaf agter haar Meester in Sy spore, verborge en veilig?"

Dit was verskriklik. Ek het gekrimp, wou deur die vloer sak. Alles was helder en duidelik verlig. Hier lê ek soos ek was voor die kamp. Die oú ek. Ek wou die slaaf wees. Ek het kontrak gebreek. Ek wou die goed verkoop wat ek op die kamp afgegee het. Dis nie meer my goed nie. Ek staan in die beskuldigde bank. Ek breek stukkend, die trane kom in vloede en ek roep uit soos Job: "O, Mensebewaker, waarom het U my as mikpunt vir U opgestel? Ek kan my Regter net om genade smeek. Wat is die mens dat U hom so hoog stel, dat U hom elke môre soek, elke oomblik op die proef stel?" *(Job 7:17-20; 9:15)*

En weer sê die Here vir my: "Vandag was jou planne nie Myne nie!" Op die proef stel? Ek het bitterlik gefaal. Gedruip. Die uitputting het my oorval en ek het daar op die vloer aan die slaap geraak. Voor dagbreek het ek wakker geword en geweet die Here is daar by my. Ek hoor Sy stem en Hy sê: "Soos vir Salomo sal Ek jou een begeerte gee. Vra van My een ding en jy sal dit kry." Soos in 'n droom sien ek helder al my probleme. Die banke, die skuld, die groot plaas soos 'n berg op my, my huweliksprobleme en my alleenheid. En laaste, soos 'n helder flitsfoto, Abelines en my se drie kinders wat die Here nié dien nie. En ek sê: "Here, ek vra van U my drie kinders se redding. Abelines en my se drie volwasse kinders dien U nie. Red hulle en bind hulle aan U vas vir altyd. Weer praat die Here met my. Maar nie soos 'n Regter nie. Hy praat soos 'n liefdevolle Vader en sê: "Gaan slaap in jou bed en wéét jou kinders sal Ek vat en self leer. Lees Jesaja 54 en glo en bly glo".

Ek het van die vloer af opgestaan, koud en styf, in my bed gaan klim en aan die slaap geraak. Rebekka het hard aan die glasdeur wat op die stoep uitgaan geklop. Die hond het geblaf en wou uit. Ek het die deur oopgesluit en die hond uitgelaat en Rebekka het ingekom. "Ek was bang die miesies is dood toe ek hier by die huis kom" sê sy. "Kan ek tee maak, 'n eier bak en brood bring?"

Ek het weer in my bed geklim en my oë het my kamer deursoek tot by die badkamer. Die son het helder deur die glasdeur geskyn. Het ek 'n wonderbare droom gehad? Was die Here regtig hier by my? Nee, hierdie nag was 'n

geweldige besoek. 'n Aanraking, want ek glo weer. Ek is heel en vol hoop. Saam met al die ander laste vat Hy ook my kinders. Die nag was 'n wonderwerk! Geen droom nie. Ek is uit graad nul. Ek weet nou hoe God met 'n mens werk. Deur toetse. Toetse wat jy moet slaag. Miskien is ek selfs in graad twee. Ek lê terug teen my gansveer kussings en wag vir Rebekka met tee en iets om te eet. Ek voel die vrede van God deur my hele wese. Ek voel hoe my Meester my vreugdekleed wéér om my hang. Niemand maak jou bly ná mislukkings nie. Net Jesus kan dit doen. Niemand vul jou met vrede ná so 'n negatiewe ondervinding nie. Net Jesus! Niemand laat jou sing in die tronk nie. Niemand maak jou 'eie insig' tot nietighede nie, net die Here.

Dit is die paradoks in 'n lewe van oorgawe. 'Beauty for ashes'. Krag in swakheid. Oorwinning in mislukking. Hoop in hopeloosheid. Ek was heeltemal roekeloos in geloof oor die toekoms. Gisteraand was ek bang vir vandag en nou is vandag 'n totale heerlikheid! Vol beloftes vir die toekoms!

Die inspirasie en entoesiasme vir die Bybel het net toegeneem. Dieper en dieper het ek gedelf. Die Skrif is vir my oopgesluit en verlig deur die Heilige Gees. Ek het die nuwe testament boek na boek telkemale deurgelees. Jesus se lydingsgeskiedenis het my telkens in trane gelaat totdat ek naderhand in gebed vir die Here gesê het dat ek kan lees tot by die Avondmaal in die bovertrek en dan slaan ek oor en verlustig my in die Opstanding. Dikwels het ek gevoel ek was self daar saam met Maria by die leë graf. Met die Emmausgangers was ek saam op pad. Ek het alles gehoor wat Hy sê oor die profete. My hart was nes hulle sin, brandend. Eendag het ek sommer my pen gegryp en begin skrywe:

## Bly by ons

Hy voeg Hom by hul langs die pad,
so in die loop begin Hy praat
en vra hul uit oor die gebeure in die stad.
Traandowwe oë sien 'n Vreemdeling.
Wonder-woorde praat dié Man.
Hy raak hul harte en bring vertroosting.
Hy lê die Skrifte uit, hul sê vir Hom...
hulle kreet dit uit...
Jerusalem het sy Profeet vermoor!
Hy was ons Hoop, Hy kon wonders doen!
Nog nooit was daar só Een
wat by ons woon,
'n mens soos ons!
en tóg kon Hy ons sondes
voor Sy God versoen.
Maar nou's Hy dood...!

En hier's ons huis.
Asseblief kom in – en bly by ons...
En hier's ons tafel,
kom ons eet.
Die Vreemdeling, dié neem die brood,
en lig Sy hoof en dank...
en skielik is hul oë oop!

Saam met hulle wou ek uitroep: Bly by my! Bly by my!

En dan lees ek: dat Hy altyd by my is. Nader as 'n moeder, nader as 'n huweliksmaat. O, die diepe vreugde wat ek uit die Bybel geput het. Wat 'n heerlikheid om te kan lees en alles te glo asof dit nét vir my geskrywe is. Na al die jare, byna dertig jaar, lees ek nog met dieselfde gretige vreugde.

Rebekka kom met tee en kos en sê: "Die vuur is groot in die donkie. Daar is baie warm water om te tap." (Die donkie is die tenk op 'n staander bo-op 'n

vuurmaakplek agter die stoor.) Ek tap 'n diep warm bad en was 'gister' van my af. Maar nie my duur les nie. [Ek skryf ná byna dertig jaar oor hierdie intieme geheime lewe met Jesus. Later in 1975 was my aardse mentor die Sjinese profeet, Watchman Nee (of sy Sjinese naam, Ni To-Sheng) gebore 1903 op 4 November (ook my eie geboortedatum – negentien jaar ná hom). Hy sterwe as martelaar in 1972 in 'n Sjinese tronk waar hy twintig jaar in 'n Kommunistiese tronk aangehou was – die jaar toe ek na die Here gevlug het by die Kamp was sy sterfjaar. Sy werke was aanvanklik te diep vir my en ek het net in die Bybel gebly. In 1975 het ek in een van sy werke gelees dat 'n kind van God nie moet prattle nie – bedoelende: moenie oor alles praat wat jy ervaar in jou wandel met Christus nie. Getuig wel, en laat jou lewe praat, want 'n boom word aan sy vrugte geken. Wees versigtig vir wié jy vertel en wát jy vertel. Onthou van die pêrels voor die swyne, Jesus se eie waarskuwing.]

Die 'vendusieles' wat ek moes leer het wonderlik geëindig – met 'n nuwe doop in vreugde en vrede. Maar dit wás 'n les. 'n Toets. Wees versigtig, baie versigtig wat jy vir jou hemelse Vader sê. Ek het gesê vat alles. Die oggend in die nagmaaldiens op die Kamp het ek myself bankrot verklaar voor God om die Pêrel van groot waarde te kry. Ek het gesê ek wil Sy slaaf wees. Ek het dit vergeet, maar Hy nie. Later het ek dikwels in my ure, dae en jare van Bybelstudie gelees dat jy moét jou beloftes hou en jou kontrakte stiptelik uitvoer. Dán en alleenlik dán begin die mens die terrein van wonderwerke betree. God gee aan jou die gawe van insig sodat jy wéét wanneer die Here inmeng, regskuif en uithelp. Jy leef van manna. Die woestynkos wat elke dag uit die hand van God kom. Ek het vanaf 1 Augustus 1972 in hierdie heerlike fase van totale vertroue op die Here begin lewe. Die Bybel het vir my oopgegaan. Ek kon nie ophou lees nie. Dit was voorwaar 'n verlustiging in die dinge van die Here. Wat die profete aan die Israeliete gesê het was woorde van God aan my. Wat 'n heerlikheid om die hele Bybel te kan lees en alles glo. Dit moet 'n vermoeienis van die gees wees om die Bybel te wil ontleed en dit te wil moderniseer. Vir my was dit 'n heerlikheid om net te glo en alles wat God sê en belowe vir myself toe te eien. Na dertig jaar lees ek die Bybel nóg nét só. Alles vir my. Die onmoontlike maak Hy moontlik.

Nooit nog het die Here vir my geleer om hare te kloof oor wat die Bybel sê nie. Openbaring is hart-kennis. Die mens se beperkte brein kan nooit die onbeperkte en absolute van God verstaan nie. God is Gees. My ou groot Engelse Bybel-kommentaar sê: "God is Spirit – only man's spirit can know God through Divine revelation – néver through deductive reasoning". In *1 Korintiërs 17* sê Paulus tog baie eenvoudig dat hy die evangelie verkondig nie met 'wysheid van woorde' nie sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie. In hoofstukke 2 en 3 herhaal Paulus hierdie gedagte. Nie deur wyse woorde nie. Nie deur geleerdheid nie – net deur die Gees!

Ek het geskrywe oor Jeremia.
Die put, die valse profeet wat van die aarde af weggewerp was. Oor die louterings-blaasbalk, oor verworpe silwer. Vir God niks werd. Oor die donkie van Beleam. En so het ek my verlustig in die Woord. So vol geword van die Woord dat ek spontaan begin skrywe het.

## volgens hoorsê

Ja, so het ek van U gehoor,
volgens hoorsê,
Sawens as die slaap my sag omvou,
en moeder langs my lê,
dan neurie sy 'n Naam…
dié soetste Naam…
hoe goed kan ek onthou.

Die jare het gekom,
gegaan…
Van U het sy gesing
'n dierbaar Heiland
sterk Verlosser;
wat in ons plek kon staan
as Lam geoffer.
O, soetste Naam,
soos in 'n spieël het U vir my
'n beeld verkry.

In stormwinde van beproewing;
In liefdevolle tugtiging
het U,
Uself aan my geopenbaar.
In die winkel van verdriet
waar U die Koopman is,
het ek die prys betaal
vir louter goud en olie
oor wonde uitgegiet.

My oog het U gesien…
Dis nié meer volgens hoorsê nie.
Antwoorder van gebed!
U is my God, U het
my voete op 'n rots geplant
my siel gered,
my gange vas gemaak
'n nuwe weg vir my gebaan
'n vreugdevolle, Hemelse bestaan.

"Volgens hoorsê het ek van U gehoor…
maar nou het my oog U gesien. Ek weet dat U alles
kan doen, en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie."

*Job 42:5*

## Verworpe silwer

Vir elke mens is daar 'n uur
van loutering
en reiniging.
God's eie hand, die roer die vuur
en blaas die blaasbalk hard.
Die mens word stil
in tugtiging;
En God kom soek
die afskeidsel.

Maar silwer vind Hy nie
slegs lood.

Daar was geen reiniging
net dood.
Vergeefs het Hy
geblaas, gesmelt.
By hierdie mens kan Hy niks vind,
net stoppels vir die wind.
Verworpe silwer...
vir God niks werd!

*Jeremia 6:29-30*

## Tugtig my Heer

Wat is die mens, as U nie aan hom raak
met U God'lik hand van tugtiging
sodat U hom kleed en salf en heilig maak
deur u proses van reiniging?
Maar doen dit Heer
met liefde-maat
sodat U my nie in toorn
te klein sal maak.

*Jeremia 10:24 (Julie 1976)*

Groot dele ook uit die ou Testament het ek oorgeskrywe in 'n vreugde van begrip en inspirasie soos Jesaja 58.

## Hier is Ek

As die donker om jou toesak
en die lig verdwyn.
As jou nagte jou laat wakker lê
en die lewe in jou kwyn.
Dan sal jy roep en skreeu om hulp!
en die Here sál jou antwoord,
dan sal jy hoor Hy sê: "Hier is Ek"
maar jý sal moet verander:
verwyder uit jou lewe die verdrukking;
die uitsteek van jou vinger
die valse liefde en die moord.
Jou vyand moet jy liefhê
Jou Redder spreek dié woord!
Al verloor jy selfs jou bo-kleed
God dink niks van aards-besit.
Hy offer jou Sy rykdom: wat soek jy meer as dit?
Hy gee aan jou die Pêrel
'n Siersteen vir jou kroon
Laat vaar die aardse helle
Verlang rykhalsend na jou loon
want dit het Hy belowe.

Wáármee bou jy in jou bank?
met edelstene, silwer en goud?
of met stoppels, hooi en hout?
Hy staan voor jou en raai jou aan
Hy gee jou raad om van Hom te koop
dié goue draad; wat uit die vuur
jou aan Hom bind.

Hy offer jou die bruidsgewaad
wit - skitterblink, waarsonder jy Hom nié sal sien
Draai alles om
gooi alles weg.

Daar's net een waarde –
om Hom te dien!

So het Augustus, September en Oktober verbygegaan. Die koringland was vol belofte en soos 'n versiering op die plaas. Oktober het die rose in prag geblom. Die vorige jaar se kalwers was so tussen veertien en sestien maande oud en 'n boer met voerkrale het kom koop. Die geld het die banke bietjie posgeld gespaar aan briewe en aanmanings. Om kalwers te verkoop was vir my altyd 'n hartseer saak. Nog 'n teken dat ek nié 'n boer is nie. Ten spyte van die mooi om my, en die bietjie finansiële verligting was ek besig om die plaas te groet. My droom het waar geword. Die huis, die tuin, die werf se uitleg was pragtig, net die finansies was ellendig. Vir die ganse was ek lief, maar die kalkoene sal almal voor Kersfees na 'n groothandelaar in die stad gaan. Die Here sál my help om los te kom, al beplan ek nie. Ek glo en verwag iets van Bo.


Voor die einde van November het Ben gekom. Met sy eksamen vir jaareinde agter sy rug en hy het oorgeneem. Die besproeiingsboer se kontrak was klaar en hulle het uitgetrek. Ben het met die idee gekom dat ek vir 'n week by André gaan kuier, wat ek toe gretig gedoen het. Elke aand het Ben gebel om te sê hoe ver die koringstropery vorder. Een aand sê hy oor die foon: "Ek weet nie hoe Mamma ons implemente kon wou verkoop nie. Hier sak sulke fyn reënbuitjies uit en die sakke koring kom van die stroper af reg op die sleepwaens, toe onder seile, en word in die stoor opgepak tot daar genoeg is vir die groot spoorwegtrok." Hy beklemtoon dat ons nie die oes droog sou kon hou en so 'n hoë gradering kry as ons nie die implemente gehad het nie. Ek het niks gesê nie, maar weer die hand van God gesien.

Na 'n week in die stad is ek terug plaas toe. Die tweede dag daar kry ek 'n oproep van 'n man wat sê hy het ons implemente op die dag van die vendusie deurgekyk en as ons hulle nog het, hy almal wil koop. Nie stuk-stuk nie, sommer die hele versameling. Ek moet een prys maak en hom terugbel. Ek was verslae. Met Ben daar het ons somme gemaak en op 'n som besluit. Ek het die moontlike koper teruggebel. Hy was tevrede en het gesê dat hy twee vragmotors en twee trekkerbestuurders sal stuur. Ek vertel hom toe van die een implement wat daar in die lang gras van 'n ander boer

se plaas lê. "Ek weet daarvan, mevrou", sê hy. "Ek sal laat hulle daar omry en dié ook laai." So het ons van al die implemente ontslae geraak. Met een tjek en geen kommissie vir 'n agent nie. Nog 'n les vir my. My hemelse Vader doen dinge sonder moeite, sonder sweet. Net op geloof, totale toewyding en gebed. In dieselfde week het 'n ander boer ons hele troppie skape kom koop en op sy groot vragmotor weggery.

Toe was ek verseker dat die Here my losmaak. Ek was nie seker wanneer dit sou gebeur nie, maar dat ek by die bank se regulasies sal verbykom, het na 'n moontlikheid begin lyk. My hemelse Vader is heerser, selfs ook oor die banke. My geloof het vlerke gekry!

Met die koring weg, die skape en die implemente weg, was dit net die beeste wat versorg moes word. Die beeste is soos 'n advertensie vir die plaas se drakrag. Moontlike plaaskopers kyk altyd na die kondisie van jou beeste. Na baie en ernstige gebed van baie dae het ek die landbankbestuurder op Nylstroom met 'n aansienlike tjek in my handsak gaan sien. My gedagtes het onwillekeurig na die huisie in Aucklandpark gegaan wat toe al amper 'n jaar lank leeg staan. Die huisie was maar treurig in vergelyking met die plaashuis, maar ek het geweet die volgende stap sal daarheen wees. As die bank net hulle reëls effens vir my sou buig.



Wel, die bank het my tjek en my pleidooi aanvaar op voorwaarde dat ek na 'n jaar nog 'n afbetaling sal maak en so aan en aan tot die plaas los sal wees. Met vreugde en dankbaarheid het ek terug by die huis vir Ben gesê: "Ek is los. Ek mag trek." Ben het reeds vir baie van ons werkvolk op ander plase werk gekry. Drie van hulle sou aanbly vir die beeste met Rebekka wat die huis en werf

oppas. Dries en ek het gereël dat hy in die huis in Aucklandpark sou trek en selfs bietjie begin regmaak totdat ek vroeg in Januarie 1973 sou kom. Dit het bemoedigend geklink.

Toe sê Ben: "Kom ons ry bietjie Kaap toe. Mamma kan doen met 'n totale breek en ek wil baie graag ry. Al my vakansies vanaf 1965 werk ek op die plaas. Die groen Mercedes is mos in April baie goed reggemaak." Ek het besef Ansophie was nog nooit in die Kaap nie. Maar ek onthou. Ek moet eers bid. Verlof vra, die seën van die Here vra op hierdie plan. Sy beskerming vra. En so het ek daardie aand die vakansieplan na die Here toe geneem. Kinderlik gevra vir Sy goedkeuring. Sy beskerming, nie net vir ons reis nie, maar ook vir die plaas wat dan alleen sou lê net met die paar werkers.

Toe ek die volgende môre my lees- en gebedstyd hou, praat die Here weer met my. Met 'n duidelike opdrag in my verstand. "Keer die beeste in die agterkampe, agter die huis, diep in die plaas in en kry slotte vir die hekke." Dat God met my praat was nie meer vir my vreemd nie, maar die opdrag was vreemd. Ek soek Ben en sê: "Kom sit hier by my, daar is iets wat jy moet doen voor ek begin inpak." Hy moes by die koöperasie vier kettings laat sny, ongeveer ½ meter elk en vier groot, sterk slotte koop. Ons gaan die beeste skuif na die agterkampe en die hekke sluit. Niks vee moet naby die grootpad wei nie." Ben het my bietjie verbaas aangekyk maar gery en met die kettings en slotte teruggekom. Terwyl hy weg was het die werkers die beeste bymekaar gemaak en verby die huis laat loop tot agter die lande in die rantjieskampe in. Die voorman van die werkers sou die sleutels hou. In my gedagte was diefstal. In my jongmeisie jare op Rheboksfontein het my pa, deur diefstal 'n groot verlies gely toe daar 'n hele aantal van sy voerosse gesteel was. Ons was aan die Suidkus van Durban dié Julie-maand.

Die Kaap se vakansie was wonderlik en mooi. Ons het gereël om 'n paar dae in dieselfde hotel te bly waar vriende ook was. Die boer en sy vrou van die plaas waar my eg so lank in die lang gras gelê het. Maar dié boer het 'n mooi dogter gehad. Sy sou die volgende jaar aan dieselfde universiteit gaan studeer as Ben. Haar ouers wou graag dat Ben bietjie oog oor haar hou daar in Pretoria. Wel, hy hét oog gehou en later met haar getrou.

Van Kaapstad het ons met twee motors tot in Mosselbaai gery. Nie op die hoofweg nie, so al see-langs en op die klein plekkies tee gedrink of geëet en gekuier. Een nag oorgeslaap in 'n hotel wat op die rotse gebou is. Die vensters aan die seekant was 'n hele muur van vensters. Dit het my laat voel of ek weer op 'n boot is. Ons vriende het by Mosselbaai weggedraai terug Transvaal toe. Nadat ons van hulle afskeid geneem het, het ons drie die dag op die strand deurgebring. Daar is 'n heerlike swemstrand en ons het die branders geniet en sommer op die strand onder 'n sambreel geëet. Die aand wou Ben en Ansophie na 'n kermis in die dorpie gaan. Ek wou nie saam nie en het vroeg bed toe gegaan. Lekker gebad en met my Bybel in die bed geklim. Na 'n heerlike studietyd in God se woord het ek met groot dankbaarheid gebid en lof aan die Here gebring. Toe dink ek dat ek 'n geestelike boek ook moes ingepak het om die tyd mee in te vul wanneer ek alleen is.

Halfnege, toe is daar 'n klop aan my deur. Op die vraag wie dit is, antwoord die toonbankklerk of ek nie 'n boek wil koop nie. Verbaas maak ek die deur oop en daar staan die toonbankklerk met 'n jongman met 'n arm vol boeke. Die jongman sê vinnig dat hy boeke verkoop as 'n vakansiewerk. Hy studeer nog en omdat die hoteleienaar hom ken, het hy vergunning om in die hotel ook te verkoop. Ek vra toe of hy geestelike boeke ook het. Terwyl hy die stapeltjie boeke op die vloer neersit, haal hy een uit en sê: "Mevrou, hierdie is David Wilkerson se baie gewilde boek, The Cross and the Switchblade. Ek koop die boek en nog twee ander.

Wat 'n heerlike leesondervinding. Hier lees ek hoe God sy hand op 'n jong prediker gelê het en hom stap vir stap gelei het om in die agterstrate van New York onder die dwelmslawe en mesbendes te werk. Maar die wonder of verwondering dat die Here selfs so 'n klein begeertetjie ook vir my voorsien. 'n Lekker boek, vol geloof en lekker lees op 'n totale onwaarskynlike plek. Ek het gelees hoe die Here met David Wilkerson praat en gepraat het, totdat hy presies gedoen het wat God wil hê. Daarna het ek dikwels in boekwinkels die duidelike leiding van God gewaar in die keuse van boeke.

Ben, Ansophie en ek het tot in Port Elizabeth gery. Daar oorgeslaap in 'n ou hotel wat amper in die see gesit het. Ons het lank by die Dolfynvertonings

deurgebring. Dollie, die een dolfyn, het 'n baba gehad wat al saam met sy ma geswem het. Vir ons was dit 'n heerlike vermaaklike hoogtepunt voordat ons die lang pad terug Transvaal toe gevat het. In Johannesburg het ons by die leë huisie aangery en Dries daar gevind. Hy het effens gemeubileer en ek sou in Januarie 1973 by hom aansluit.

Net voor ons op die bergpas kom, sê ek vir Ben: "Hoekom lyk die bome so kaal en die veld asof dit baie verniel is?" Daar kom oor my 'n aardige gevoel van vreemdheid. Ek voel ons ry in 'n vreemde wêreld in van net klip en rotse en kaal gestroopte bome. Blaarlose takke. Bo-op die berg draai die pad na ons kant toe. Daar is nie gras nie. Kaal aarde, baie klippe en spookbome. "Ben, hoekom lyk die wêreld so vreemd, kyk om jou." Ben ry stadiger en bekyk die omgewing. "Ja", se hy, "hier het iets gebeur maar dis nie vuur nie. Hier is niks swart of asserig nie, maar alles is dood." Dit word stil in die kar en links voor ons sien ons oom Harry se huis. Ben sê: "Kom ons ry by oom Harry aan en hoor bietjie wat het hier gebeur, alles lyk vir my ook vreemd." Oom Harry se huis was vlak by die pad. Toe ons afdraai, kom hy reeds by die agterdeur uit en Peggy, sy suster wat saam met hom boer, net agter hom. Ons groet en word ingenooi. Ek sê: "Nee, ons sal nie sit nie, ons was reeds lank weg, maar hoekom lyk die wêreld so vreemd. Dis Desembermaand. Alles moet geil en groen wees." Op 'n treurige noot sê oom Harry, "Hier het die allerverskriklikste haelstorm oor die berge getrek. Van my kalwers is doodgeslaan en 'n groot koei ook. Ander boere verderaan – en hy wys na ons kant toe – het groter skade gehad. Beeste en kalwers is doodgeslaan en alle gesaaides is in die aarde in geslaan. Baie plaaswerkers se huisies is verwoes. Die swartes se plaasskooltjie is ook omtrent weg." By hierdie tyd was ek al by die kar. Ons groet haastig en belowe om later te kuier.

Waar ons van die grootpad afdraai en ons plaaspad vat, was die plaas kaal. Gestroop, en die skooltjie wat vlak by die drif staan, sonder dak, soos 'n murasie. Ons praat nie 'n woord nie. Ons plaaspad draai ná ongeveer 'n ¾ kilometer om 'n mooi randjie en dan kan mens die werf sien en gou daarna ook die huis. Die groot grasdak lyk ongeskonde. Van die werfhek af sien ons die rose en die kannas in volle blom staan. 'n Pink paradys. Die bos agter die huis is lowergroen. Ons kry al ons werkers op die werf. Ons groet en vra dadelik wat die haelstorm hier gedoen het. Hulle wys ons die twee

glasdeure wat op die voorste stoep uitgaan en verduidelik dat hulle sakke voor die deure gehou het en so probeer keer het. Op die stoep het net 'n paar groot klippe geval. Nie baie nie, maar vier ruite is uitgeslaan." Hulle voel skuldig omdat hulle nie beter kon keer nie. Ek lag en voel lus om hulle in my arms te vat en te troos. "En die beeste?" vra ek. "Daar was niks waar die beeste gewei het nie. Nie eers een hael nie" sê hulle met blydskap. Ben kyk vas in my oë. Ons staan daar en kyk net vir mekaar. Ons staan in 'n paradys van blomme en binne-in 'n wonderwerk. Ons het nie woorde nie. "En amper wou ek nie die kettings en die slotte gaan koop het nie" sê Ben. "Maar jy het." Ek sien, in my kind se oë, hoe geloof gebore word. "Hoe het Mamma geweet?" vra hy sag. "Ek het nié geweet nie, maar ek was gewaarsku en ons was gehoorsaam." Ek dink aan die slotte. Mens kan tog nie hael uitsluit nie. Dit was seker net om aan ons beeswagters te bevestig dat die beeste in daardie agterkampe móes bly. Moontlik sou hulle anders besluit het terwyl ons weg was maar nie met die slotte aan die hekke nie. Hulle sou dalk die beeste nader aan hulle huise wou laat wei wat vir hulle minder loopwerk sou wees. Ek sal regtig nooit weet hoekom die slotte nie, maar dit het reg gewerk.

Die begin in die Aucklandpark huisie was moeiliker as wat ek voorsien het. Al die geld was landbank toe en in werklikheid het ons nie geld gehad vir bou en breek en verf nie. Ek moes terug na my kontak by die Permanente Bougenootskap. Die prokureur wat my jare gelede gehelp het met my 'slim huise', gee toe vir my 'n tweede verband wat die huis se verbeterings moontlik sou dek maar ook die verbandpaaiement sou verhoog. Maar dit moes. Soos ek toe al baie goed geweet het om te doen, was om al my planne en behoeftes voor my Meester te lê. Met innige gebed en trane het ek gevra dat Hy moet help dat die geld sal rek om te doen wat gedoen moet word en ook wat ek begeer om te doen. Iets vir die mooimaak ook. Vir tuin was daar beswaarlik plek maar voor die een slaapkamer se venster het 'n massiewe appelboom gestaan wat weelderig gedra het. Groot rooiwang appels wat heerlike mousse van gekook kon word. Ek kon allerhande pasteie en ander nageregte daaruit toor en baie daarvan vries. In 'n ander klein hoekie het ek 'n enkele grennadella plant geplant wat later net so welig gedra het. Altyd reg vir nageregte, koek en roomyssous. Vir 'n groentetuin en rose was daar nie plek nie. Altyd lees ek in Jeremia hoe die Here sê: "Plant vir julle wingerde en vyebome".

Die huisie het teen die suid-oostehang van 'n leikliprandjie gesit op 'n driehoekige kwart akkertjie. Net klip. 'n Tuinvurk het gesing soos hy wegskram vir spit. Tog was daar 'n klein sukkelende grasperkie en onder die appelboom 'n breë dubbele muurtjie vol sagte tuingrond. Reg voor die huisie wou ek graag twee bome plant. Ek wou 'n koelte vir 'n kar hê. Ek het 'n swaar beitel en 'n tweepond-hamer by die hardeware gaan koop en 'n jong swartman op sy afdag gehuur. Op die regte plekke het ek groot vierkante geteken en Piet het elke afdag kom kap. Vir weke gekap. Totdat ek naderhand 'n deksel vir veiligheid moes prakseer sodat iemand nie daarin kon trap of later dalk verdwyn nie. Niemand het daar verongeluk nie en uiteindelik het ek die eerste boom gaan koop. Ná baie dink en prentjies kyk en intense besprekings met vriende en kundiges het ek op 'n boom besluit. Dis baie swaar om op één boom te besluit as jy 'n bos met duisend bome gehad het.

Ek koop toe 'n boom in 'n groot blik wat die kwekery kom aflewer. Bietjie groter as ek, met 'n pragtige regop stam en takke wat wys dat dit 'n pragboom gaan word. Dit was (en is nog) 'n Sjinese stinkhout. Diep in my hart het ek die boom geplant ter herinnering aan Watchman Nee (Ni To-Sheng) wat gesterf het as martelaar in 1972, die jaar wat ek teruggevlug het na my Vader. Die huisie het al verskeie eienaars gehad sedert ek weggetrek het maar almal het nog die pragboom gespaar. Sewe-en-twintig jaar later en die boom is net so mooi soos wat die jong boompie belowe het om te word. Die ander boom was (of is) 'n breëblaar populier. Die hele voortuin is geplavei en heeltemal in die koelte. My broer het 'n bakkievrag sagte grond van sy plot af vir my aangery toe die gate reg was en die bome sou kom. Hy het ook die leiklip uitkapsel weggeneem. (Ek ry nou en dan daar verby om dié boom te sien.)

Ons veranderings en verfraaiings het wonderlik ontwikkel. Dit was die beste wat ek nog met 'n huis reggekry het. 1973 was harde werk. Dries en ek en een plaaswerker het alles gedoen maar dit het maande geneem. Ansophie was in Helpmekaar Hoër Meisieskool. Ons buurman het haar saam met sy eie twee dogters elke oggend skool toe geneem en ek het hulle almal elke middag gaan haal. Die winter het ons nog half klaar gevang. Die kombuis was oopgebreek waar die stoof was en daar het ek in die wind en reën gekook en siek geword. Die paar dae wat ek in die bed moes bly, het alles vertraag. Ons het baie ongerief verduur. Ons verhouding was stram en ons kommunikasie swak. Saans was ek gedaan, maar het die gesprekke en klagtes by my Here en my God nie afgeskeep nie. Elke tien dae moes ek plaas toe ry. Die dag voor ek ry het ek altyd vir Rebekka gebel en deur haar 'n boodskap na die plaaswerkers gestuur. Die beeste moes almal kraal toe gebring word. Wanneer ek so sesuur in die somer en agtuur in die winter op die plaas aankom, was die beeste in die kraal en die res in die klein kampie naby. Bo-op die bakkie se dak het ek gesit en laat uitkeer, groot kalwers gespeen en in die drukgang het die werkers met sprinkaanspuite gedip. Net op die nodigste plekke bespuit waar bosluise sou vasklou. Ore, stertareas, uiers en waar ookal. Ek het daar geleer dat die springkaanspuite baie goed werk en die beeste was skoon en vet. Al die tyd was die plaas in die mark, maar niks het gebeur nie. Ek het moed gehou en bly glo.

Op 'n dag vroeg in Augustus 1973 het 'n man by die voordeur ingeloop, tot waar ek op die leer sit met 'n strook plakpapier wat drup van die gom. Ek hang die strook en klim van die leer af. Op die vloer het my telefoon gestaan, verder was die huis leeg, behalwe vir twee slaapkamers. Geen stoele of sitplek nie. Toe die vreemdeling homself voorstel en sê dat hy my kom spreek oor die plaas, het ek 'n gevoel van hoop en afwagting in my hart voel spring. Ek het verskoning gemaak en gesê dat ons by my dogter kan gaan gesels. André het net om twee hoeke gewoon. Ek bel haar toe en vra of ons haar sitkamer kan gebruik. Die vreemdeling volg my in sy mooi nuwe bakkie en ek dink oor sy baie deftige klere. Alles in beige en dieselfde kleur as sy pak klere, die pragtigste krokodilvel-skoene en -gordel. Vir my lyk hy baie, baie welvarend.

Ek lui die klokkie van André se voordeur, sy maak oop, en ek stel voor en staan terug dat die besoeker kan instap, by André verby, skerp regs by die sitkamer in. Net daar sê die Here vir my: "Hy is 'n skelm." Ek skrik en kyk of André gehoor het. Ek sien sy volg die man die sitkamer in en bied tee of koffie aan en besef sy het niks gehoor nie. Ek stap die sitkamer in en gaan sit op die punt van 'n stoel, wetende dat hier niks tot my voordeel kan gebeur nie. Die vreemdeling begin dadelik praat. Hy vertel dat hy die plaas raakgesien het terwyl hy saam met 'n agent na 'n ander plaas oppad was. Op sy versoek het die agent daar afgedraai en hy het van alles gehou wat hy daar gesien het. Hy wil aan my 'n offer maak. Hy praat baie en vlot, maar ek sit versteen en probeer net 'n punt kry waar ek die gesprek kan beëindig en wegkom sonder om ongemanierd voor te kom. André bring tee en bedien dit. Dit blyk toe dat hy die plaas wil huur en nie koop nie. Hy sal al die los goed wat daar nog is uitkoop, insluitend die beeste. Ek sê toe vir hom: "Meneer, ek wil die plaas verkoop, nie verhuur nie, ek is in finansiële moeilikheid en moet groot bedrae aan die banke betaal, ek móet verkoop. Ek kan nie 'n huuroffer oorweeg nie." Skaamteloos beken ek my probleem. By daardie tyd het ek al gestaan. Hy staan ook op en haal 'n besigheidskaartjie uit sy voubeurs en sê: "Mevrou, hierdie is my prokureur in Pretoria se kaartjie. Oorweeg tog my offer en maak dan 'n inventaris van al die los goed op die plaas, maak 'n prys vir elke item en stuur dit aan my prokureur. Hy sal my enige tyd kan kontak."

Ons groet en hy vertrek. André kyk na my met 'n vraag in haar oë. "Hier sal niks van kom nie, André, daar sal wel ander uitkoms kom."

Terug by my huisie het ek weer op die leer geklim en aangegaan.

Daardie nag ná twee uur word ek wakker. Dit het my gewoonte geword om nagtye, as ek nie kan slaap nie, te bid. Gewoonlik in die huisie se sitkamer waar daar 'n ingeboude gasverwarmer was wat met munisipale gas werk. My vuurhoutjies het op die kaggelrakkie gelê. Maar voor ek nog my voete van die bed afsit, praat die Here weer met my en sê baie duidelik: "Skrywe daardie brief wat hy wil hê." Die mens in my wou sê: "Maar Here, U het dan vir my gesê hy is 'n skelm." Maar ek het niks teruggepraat nie, ek was te seker dat die Here met my praat en dat ek net stap vir stap moet doen wat Hy sê. Ek hóef nie te verstaan nie. Ek hoef nie te sien nie. Geloof is blind. Doen net. As Hy sê skryf, sal ek skryf. En ek hét die brief geskrywe en die lys met die pryse gemaak. Amper dagbreek was ek klaar.

Later die volgende môre het ek my broer, wat jare geboer het, gebel om oor pryse raad te vra. Hy het gesê ek moet my pryse laag maak as ek wil los kom. Ek het gedwonge voel om al die pryse op my lys hoër te maak om sodoende meer geld te hê vir die banke. In gebed het ek besluit om die gevoel in my te gehoorsaam. Op 'n tweede lys het ek elke prys verhoog en die eerste lys opgeskeur. Die beeste sou moes deur 'n onpartydige waardeerder waardeer word.

Deur al hierdie tye waarin besigheid en onderhandelings met dié vreemde man my gedagtes en roetine versteur het, het ek meer en meer my toevlug na die Here geneem. Elke nag het ek opgestaan en met 'n wolkombers om my by die verwarmer gaan kniel en wysheid en leiding van die Here af gesmeek. Ek het geleer dat God getrou is en daagliks, uurliks by my is. Ek het geleer dat die diep en sterk gevoelens in my, nie ek is nie maar die Gees van God wat deur my hele wese en my gedagtes aan my leiding gee. Daar was in my geen plek vir twyfel, geen plek vir vrees nie. In hierdie naby wandel met Christus, was ek veilig. Veilig, wat 'n mooi woord! Geen raad of troos is beter nie. Ek was veilig. Geen mens kan my kwaad aandoen of kul nie. Geld was nie belangrik nie. Wat ek nie kon doen of regkry nie, het geen saak gemaak nie. Wat ek nie geweet het nie, het my nie gehinder nie.

"My God is 'n God van diepe kennis." *(1 Samuel. 2:2, 3, 7 en 9).* Saam met Hanna kon ek hierdie woorde uitsing. "Die Here maak arm en maak ryk, Hy verneder, ook verhoog Hy. Hy bewaar Sy gunsgenote en die goddelose kom om. 'n Mens oorwin nie deur krag nie." Daardie nagte in afsondering alleen met die Here het ek in my geestelike gradering ver gevorder. Dr. Andrew Murray het verskeie boeke geskryf maar die een: '*With Christ in the school of Prayer*' het ek jare later eers gelees en toe kon ek dit lees in die lig van my eie ondervinding. My nagskool van gebed het my dwarsdeur die geestelike laerskool gestoot tot in die hoërskool in. Klein wonderlike dinge wat Jesus my kant toe gestoot het, het my geestelike oë gesien en erken en baie dankie voor gesê. 'n Voorbeeld was een geval waar iemand my vertel het van 'n uitverkoping van plakpapier. Ek het gaan kyk en teen spotgoedkoop pryse papier gekoop vir die hele huisie. Waar ek gemeen het om net hier en daar van plakpapier gebruik te maak, kon ek vir die prys van een kamer se papier die hele huis wonderlik verfraai. Daarmee het ek ook hulp gekry. Twee jong huisvroue wat met die hang van plakpapier 'n ekstratjie wou verdien het my kom help. Dit was 'n fees! Die simpel ou huisie het al mooier geword. "Hy gee ver bo wat ons bid of dink." *(Efesiërs 3:20)* Hierdie twee dames het my by die plakpapier uitverkoping genader. Seker gesien hoe baie ek koop en toe vriendelik hulleself bekend gestel en hulp aangebied. Ek was baie bly. Vir my gevoel soos twee engele wat my kom help.

Die Bybel was vir my soos 'n ryk diamantmyn. Ek het gegrawe en ontdek en was telkens met vreugde en verwondering vervul. Oor 'blydskap en sorgvryheid' het ek my verwonder. *(Filippense 4:4)* My God wil hê my lewe moet vol blydskap wees. "Verbly julle altyd in die Here". "Die Here is naby". "Wees oor niks besorg nie." "Moenie worry nie. Wees vriendelik. Laat die mense kan sien wat doen ek vir jou." O, Here, ek was oor só baie dinge besorg. Vir soveel jare het ek mank gegaan onder sorge. Nou ontdek ek dat ek oor niks besorg moet wees nie. Ek moet bly wees, vriendelik wees. My vreugde moet wys. Dis deel van my getuienis. Die vrede van God is myne. Ek sal nie 'n hartkwaal kry nie, want Hy bewaar my hart. Ek sal nie mal word nie, of depressie kry nie want Hy bewaar my sinne. Ek was verstom, verslae oor dié rykdom. Die vreugde in my het gegroei en gegroei. Saam met Paulus kon my hart uitroep: "O, die diepte van die rykdom van God." *(Romeine 11:33)*

Geld het vir my sy glans verloor. Hier werk ek bedags en maak 'n huisie mooi met die minimum geld en snags kuier ek by my Meester, Hy leer my, maak my slim, laat my in Sy geheimenisse in. Open my verstand vir die diep geestelike dinge. Uit die heiligdomme van God lyk die wêreld vir jou totaal anders. Jou waardes verander. Asaf (die musiekmeester aan die hof van Koning Dawid) sê hy was 'n dier by God, maar God het sy regterhand gevat. Toe kon hy sê: "Wie het ek buiten U. Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie. God is my rots, my deel tot in ewigheid." *(Psalm 73:17)*. Met hierdie woorde van Asaf kon ek hier in my nederige, leë huisie met God praat. Hier het ek 'n vreugde en 'n vrede leer ken wat alle verstand te bowe gaan.

My brief en pryslys aan die vreemdeling was in die pos na sy prokureur in Pretoria. Na 'n baie kort tyd het die prokureur my gebel om te sê hulle het my skrywe gekry en sal my weer kontak vir 'n afspraak. Ek gebruik die geleentheid om iets oor die man uit te vind. Sy prokureur vertel toe dat hy met krokodille boer in die Noorde van Mosambiek en die velle op kontrak verkoop aan Italië en deur Beira uitvoer. Verder spekuleer hy met grond en het belange in baie ander sake. Toe verstaan ek minstens die mooi krokodilvelskoene en -gordel. Maar wat die Here van hierdie man gesê het flikker soos 'n rooi lig in my kop.

Nie lank daarna nie, toe bel die krokodilboer my self. Hy wil sien of alles wat op my lys is wel op die plaas is. Hy stel voor dat ons saam plaas toe gaan en alles deurkyk met die oog op 'n kontrak. Ons besluit op 'n datum waarop ek hom om drie uur die middag by die hotel in Nylstroom sou ontmoet. Daar was geen manier wat ek alleen hierdie afspraak sou nakom nie. My suster en haar dokter-man woon toe in Springs waar hy ná Ierland 'n praktyk gekoop het. Sy was weer my toevlug en ek het vir haar geen uitdraai kans gegee nie. Sy móes net saam. Vir Rebekka het ek gebel. Sy moes my gewone kamer gereed maak vir my suster en myself en die spaarkamer vir die besoeker. Lekker kos uit die blikvrieskas haal, vars groente uit die tuin en kook. Al die lampies moes ook vol wees en brand as die donker voor ons op die plaas is. En die vuur in die donkie en die kaggel moes sy nie vergeet nie.

So het Baba en ek die man op die stoep van die Nylstroom hotel ontmoet. Weer was ek beïndruk met, hierdie keer, bruin krokodilvelskoene en -gordel by 'n ligte pak klere. Seker alles uit Italië, het ek gedink want ek weet nou effens meer van die man met wie ek moontlik besigheid sou doen. Sy agent het hom daar afgelaai en hy het 'n paar items en 'n oornagtassie in my kar gesit. Op die hotelstoep het hy vir ons almal koeldrank bestel en toe het ons gery. Hy het die huis nog net van buite gesien en ek het gehoop dat Rebekka alles binne mooi raakgevat het.

Met skemer het ons op die werf stilgehou. Dit was net by einde Augustus en nog vroeg donker. Die lampies het gebrand en daar was 'n vuur in die kaggel. Op die stoof was 'n hele ete wat baie goed geruik het. Ek het die man ongemerk dopgehou. Sy bagasie, behalwe die oornagtassie, was 'n grammofoon en vyf dansplate, twee bottels 'te drinke' wat hy met groot grasie op 'n sytafel in die sitkamer neergesit het. Hy het die kastrolle se deksels op die stoof gaan oplig en na my gedraai met 'n groot pak braaivleis in sy een hand. "Wat moet ek nou hiermee maak?" vra hy en ek merk dat hy effens ontkant voel. "Rebekka sal dit vir jou buite in die vrieskas gaan sit" sê ek met 'n laggie. Hy het die pak vleis vir Rebekka gegee, sitkamer toe geloop, glase gesoek en vir homself 'n drankie geskink. Baba het 'n koeldrank in die yskas in die kombuis gekry en ek het bedank. Tog het hy vir my iets ingeskink, maar ek het myself besig gehou met nog hout op die vuur en opskepbakke vir die ete. 'n Snaakse aand vir my, maar nog snaakser vir hom, kon ek duidelik sien. Van die grammofoon het niks gekom nie. Om die tafel vol lekker kos het die aand gemakliker geword en hy was vol lof vir die kos en alles wat hy sien en eet. Ek het die 'sit om die tafel' uitgerek met koffie en sjokolade sodat slaaptyd die volgende stap kon wees.

Met nagsê het ek vir hom gesê om self die volgende oggend die plaas deur te kyk. Al die goed op my lys is naby die werf, in die stoor of in die motorhuis. Net die besproeiingsenjin en pomp is by die dam gemonteer en dié is ook naby. Ons het ook vlugtig gepraat oor die meubels wat ek gaan wegneem en die wat in die huis sal agterbly en in die kontrak per item beskryf sal word.

Nadat ek die lampie, tussen Baba en my se beddens doodgeblaas het, kon ek nie dadelik aan die slaap raak nie. In die donker kon ek die lamppit se rokie

ruik. Hierdie kamer waar die Here só wonderlik naby my was en met my gepraat het en die belofte oor my kinders gegee het. Buite die glasdeur skyn die maanlig net soos altyd. Agter, al langs die watervoor slaap die ganse. My hart styg op en reik uit na die Here. O, Mensebewaker, ek ken hierdie man wat vannag onder my dak slaap glad nie. Ek kan nie in sy kop sien nie, maar U kan. Niks is verborge voor U nie. U is 'n God van diepe kennis. Loop u voor my uit en gee my insig! Waak oor my asseblief, waak oor my! Hier is so baie werk, sulke groot besluite, waak oor my! Ek het vas aan die slaap geraak totdat 'n harde klop aan die deur my wakker gemaak het. Met 'n japon vinnig om my maak ek die deur vir Rebekka oop. Maar dis nie Rebekka nie. Die krokodilboer staan vars en vriendelik met 'n skinkbord koffie en 'n bak beskuit in die deur. "Toe, toe, toe boere slaap nie laat nie." Hy tree die kamer binne en deel die koffie uit. As hy gisteraand bietjie onkant was, is hy vanmôre totaal in beheer. Baba lig verbaas haarself onder die vere uit en neem die koppie by hom. Ons maak asof dit 'n alledaagse ding is dat 'n vreemde man homself sitmaak op die voetkant van my bed en koffie bedien. Hy sê hy het die beskuit in die vrieskas ontdek en in die gasoond effens warm gemaak. Hy sê ook dat hy reeds ligdag op was en elke item op my lys gevind het en afgemerk het. Hy is aangenaam verras met alles en is mal oor die ganse. Hy wil die ganse ook hê, al was hulle nie op my lys nie. Nou is ek ontkant. Die koffie is op en ek hoor Rebekka in die kombuis. "Loop nog 'n draai" sê ek vir hom "en laat ons net straatklaar kom, dan praat ons by ontbyttafel verder". Hy loop. Baba sluip badkamer toe en ek glip kombuis toe. "Rebekka, dek mooi tafel, kry uit die vrieskas die lewer en spek en klits vier vars kalkoeneiers vir 'n omelet en braai die brood op die stoof." Sy weet hoe en ek hardloop terug kamer toe. Ja, dink ek, hy hét vroeg opgestaan want hy gaan slaap seker nooit so vroeg soos gisteraand nie.

Aan ontbyttafel het ons oor die huurgeld gepraat. Jaarliks vooruitbetaalbaar by die ondertekening van die huurkontrak. Hy het ingestem. Toe skraap ek al my moed bymekaar en sê vir hom dat ek die geld in kontant wil hê en nié in 'n tjek nie. Hy was glad nie verbaas nie, en dit was vir my snaaks.

Later die oggend het ek hom weer by die Nylstroomhotel afgelaai waar sy agent hom sou ontmoet. Ek het net verder in dieselfde straat afgery en om 'n hoek onder 'n groot boom ingetrek. Ek het vir Baba gevra om 'n rukkie

te sit of na 'n paar mooi winkeltjies te loop of 'n tydskrif te koop, want ek moet die hoof van bodembewaring gaan spreek. Ek het die vorige dag uit Johannesburg al so 'n ooptyd afspraak gemaak. In hierdie saak het ek duidelik die leiding van my Meester aangevoel.

Ons het lekker gesels en ek het hom alles vertel van die moontlike verhuur van die plaas. Ook so ietsie van my persoonlike omstandighede, byvoorbeeld dat ek nie langer kans sien om alleen aan te gaan nie. Toe het ek hom versoek: " Pas asseblief die plaas op." Alles op die plaas is gedoen volgens julle beplanning. Bines het gedurende 1965 reeds noukeurig volgens bodembewaring se hulp die plaasbeplanning gedoen. Dikwels het ek, terwyl ek op die plaas gestap het om na die beeste om te sien, gemerk hoe hy rye klippe in ou voetpaadjies gepak het, al onder die drade wat hy gespan het. Na 'n tyd het grond en sand teen die klippe opgespoel, grassaadjies het daar ontkiem en so het die wonde van erosie genees. Dit was maar 'n klein afdeling van die bewaring van ons bodem, maar dit was mooi en maklik en baie noodsaaklik. Omdat ons so met hulle hulp begin boer het, was dit nou nie vir my moeilik om weer hulp te vra nie. Ek het op alle werke subsidies van die departement Landbou ontvang.

Hy het opgestaan en 'n lêer van 'n rak afgehaal en daar al die besonderhede voor hom gehad. Die drade, die kampe, die lande met kontoerwalle en die damme. Die damme was nie klaar nie en dit wys op die kaart. Die werfuitleg, store en werkershuise. "Mevrou", sê hy, "ek sal die voorligtingsbeampte sommer net in volgende week uitstuur en hy sal 'n opname maak van alles voordat die huurder oorneem. Daarna sal ons gereeld daar aanry en so die huurder leer ken. En ons sal vir u ook 'n verslaggie skryf wanneer nodig. Gee my die name van jou werkers." Ek het daar in bodembewaring se kantoor nié besef hoe die beloofde "verslaggies" my 'n paar maande later sou help nie. Hulle het groot "regsmag" as daar gepeuter word met werk wat hulle op plase laat doen het.

Met groot verligting in my het ons teruggery. Tog was ek bewus van drie dinge wat ek nog gedoen moes kry. Die beeste moes 'n waardasie op kry en elke meubelstuk wat gaan bly, moes beskryf word met 'n prys. Die res moes ek daar wegkry.

Die kontrak sou hy laat opstel deur sy prokureur en op sy onkoste. My prokureur sou dit goed- of afkeur of verander en in sy kantoor sou ons dan teken. So was dit afgespreek. Met die drie groot dinge wat gedoen moes word voordat die kontrak van die verhuring kon geteken word, het ek weer my nagskool van gebed genader: Ek was baie bewus en oorweldig deur die seker wete dat die Here in die hele saak die leiding neem. En ek het geleer dat as ek deur gebed in noue kontak met Jesus bly, ek niks het om te vrees nie.

Twee jong boere wat ook beesspekulante was het die beeste in groepe verdeel soos: koeie met kalwers, droë koeie en koeie wat gaan kalf. Die kalwers in twee ouderdomsgroepe. Bulletjies en versies apart en so kon hulle pryse maak, dit bymekaar tel en 'n prys op die hele kudde kry. Die kalkoene was geslag en afgelewer. Net die ganse was nog daar.

'n Dame wat haar hele lewe in 'n familie meubelbesigheid was, het ingestem om, teen vergoeding, 'n dag saam met my plaas toe te gaan. Sy het 'n baie professionele beskrywing op elke meubelstuk geplaas. Op die inventaris was die soort hout beskryf, 'n prys en die toestand van die stuk. Hierdie dokument sou 'n byvoegsel van die huurkontrak wees. Dit het later oók geblyk tot my groot voordeel te wees.

Daarna moes die meubels wat stad toe moes gaan, germerk word. Ons huisie was baie naby gereed. Hier het Ben maar weer ingeklim en 'n groot taak op homself geneem en die meubels met ons bakkie aangery. Drie maal per week het hy by ons in die stad die bakkie kom haal, sy motortjie by ons gelos en met 'n maat, van sy koshuis vir geselskap, die lang end plaas toe gery. Hy het alles wat hy kon gelaai en so by drie uur in die nag was hulle terug en moes aflaai. Ek het gesorg vir heerlike kos op daardie dooie uur van die nag en dan moes hulle weer terug koshuis toe. Olienhout-koshuis by Pretoria se Universiteit. Groot opoffering en baie vermoeiende nagwerk vir jongmans wat moes studeer. Maar nooit 'n klag uit Ben se mond nie. Hy was gedetermineerd om sy ma te help. Ek is nie seker hoeveel hierdie nagryery nodig was nie, maar met die nodigste en mooiste stukke meubels het ons huisie 'n woning geword. Nog een keer moes ek die krokodilboer ontmoet om die beeste af te gee, my getroue bediendes te groet en die ganse

te groet want dié wou die huurder daar laat loop vir lewe en geselskap op die werf. Die ganse sou egter myne bly.

Toe is ek daar weg menende om die plaas nooit weer te sien nie. Juigend in my siel dat ek los was. Baie lof en dank aan die Here want sonder Sy hulp sou ek gestruikel het.

Die dag met die ondertekening van die huurkontrak was Ben by. Hy en ek was eerste in die prokureurskantoor se wagkamer. Daar kon ons 'n tydjie alleen praat en ek kon hom innig bedank vir sy gedurige bystand en entoesiastiese hulp. Sy eindeksamen was op hande en hy was baie vas, maar het nogtans ingestaan.

Toe stap die krokodilboer by ons in die wagkamer in. Soos altyd foutloos uitgevat, maar in sy hand dra hy 'n groot plastieksak vol rolle wat lyk soos toiletrolle. Dit flits toe deur my gedagtes dat hy gesê het dat hy 'n woonstel in Pretoria aanhou vir die tye wat hy nie in Mosambiek is nie. Maar, dink ek, hy kon maar ná die afspraak met die prokureur sy inkopies gaan doen het. Die sak vol rolle bederf sy welvarende, goedgeklede voorkoms.

Net terwyl ek hierdie gedagtes hanteer, kom roep die sekretaresse ons en ons stap almal saam in die prokureur se kantoor in. Ons groet, en die krokodilboer plant die sak op die prokureur se lessenaar reg voor ons neer. "En wat is dié?" vra hy effens verbaas. "Dit is geld. Dié dame wou nie met tjeks werk nie, sy wou kontant hê," antwoord die boer. Ben kyk verbaas na my en ek staan verleë. Ek het skoon van my voorwaarde vergeet. Die prokureur maak vinnig 'n oproep na 'n bank wat in dieselfde gebou is. 'n Teller kom boontoe om die kontant te hanteer.

Na die kontrakte geteken is, het die bankteller en Ben die sak geld in die ou Mercedes se kattebak toegesluit en my 'n voorspoedige reis toegewens. By my bank in Johannesburg het ek met die sak 'toiletrolle' deur die dubbeldeure gestap tot by die bestuurder se kantoor. Daar het ons saam besluit hoeveel gaan waarheen en weer moes dit getel word. Vir my was dit soos 'n droom van verlossing. Die bestuurder het aanbeveel dat ek Volkskas skoonmaak en dan sal hy die res oorplaas na die Landbank. Die groot som wat Volkskas

toe kon oorplaas na die Landbank was baie meer as die jaarlikse afbetalings wat ek die dag daar in Nylstroom aan die bestuurder belowe het.

Maar dit was nog nie die einde nie. Net na drie maande, nog voor Kersfees van 1973 bel die krokodilboer my en sê dat hy die kontrak wil kanselleer. Hy stel voor dat ons die plaas moet verdeel en stuk-stuk verkoop. Ek kom toe agter dat dit al die tyd sy plan was en dat hy glad geen boer was nie. In dieselfde week kom daar toe twee briewe van bodembewaring by my aan. 'n Ernstige klag dat die huurder al die kontoerwalle uitgeploeg het en die paaie en hekke verlê het. Alles dinge wat in die huurkontrak uiteengesit is. Sy geheime agenda word toe duidelik. Hy het 'n groot mooimaakaksie uitgevoer met die oog op onderverdeling en 'n vinnige wins. Hy het hom egter misreken met 'n kontrak en 'n kwaai prokureur. Ek bevind myself binne- in 'n geding, maar ek het 'n geheim waarvan hy of die prokureur nie weet nie. My nagskool by my Meester. Ek vertel Hom alles, maar ek weet Hy weet en Hy weet die uiteinde. Terug na Jesaja 54. Skielik is die hele hoofstuk myne. Nie net 'n belofte hier of daar nie. Ek studeer oor en oor die wonderlike woorde van die profeet. "Wie jou aanval sal oor jou val. Elke wapen teen jou sal niks uitrig nie." Weer moet ek stil word en glo. Glo dat my Meester nog altyd alles beheer. Die uiteinde was dat 'n ander huurder, deur die krokodilboer gebring, die kontrak oorneem. 'n Waardige, regte boer en burgemeester van een van die dorpies noord van Nylstroom.

Deur die aanklag van bodembewaring vir skade verrig op die plaas moes die krokodilboer 'n stywe bedrag by die prokureur inbetaal, vir my, om die skade mee te herstel. Hoe ek dit sou doen sonder implemente of werkers het ek nie geweet nie, maar ek was dankbaar om verlos te wees van die flambojante boer met sy Italiaanse klere. Die een wat oorgeneem het was 'n doodgewone, eerlike man. Al wat buitengewoon was aan hom was dat hy daar, reg anderkant my roostuin met sy vliegtuigie in die pad geland het. Net soos 'n wit muskiet wat daar gaan sit het. Met die muskiet het hy klaar die plaas uit die lug verken en wat hy wou sien, klaar gesien.

Hierdie man het sewe jaar lank die plaas gehuur en gereeld op tyd betaal. Ek het gereeld en op tyd 'n bedrag aan die landbank betaal soos ek belowe het. Aan bodembewaring het ek 'n brief geskryf en hulle raad gevra. Ons

het 'n afspraak gemaak om op die plaas te ontmoet, om op 'n plan van aksie te besluit.

Ons hét ontmoet en ek het by die man van bodembewaring in sy bakkie geklim en hy het my rond geneem om te wys waar die ongeoorloofde veranderings gemaak is. Op 'n plek het hy stilgehou waar hy oor die vlakte kon sien en vir my gesê dat hy 'n voorstel aan my wil maak. "Mevrou", sê hy. "Jy kan toelaat dat die natuur self vir jou die herstelwerk doen. Ons sal op daardie vlakte daar oorkant ander lande kom uitmeet. Soveel soos hierdie of minder, hang af wat jou nuwe huurder wil hê. Ons sal weer kontoere uitmeet, ons vlaggies plant en dan kan hy daarvolgens ploeg." "En wat van hierdie stuk aarde waar die walle uitgeploeg is?" vra ek. "Ek sê mos mevrou, hier sal die natuur oorneem. Hierdie lande is gekalk en bemes vir grondbone en vir koring. Hier sal die wonderlikste soetgras self oorneem en na een jaar kan die man sy koeie wat kalf hier insit. Reg onder sy oë op hoë voedingswaarde weiding."

Ek kon hierdie stuk goeie nuus beswaarlik afsluk. Ek het sommer hard gelag en die slim Landboubeampte uit my hart uit bedank. Ek kon maar terugry stad toe, maar ry eers op die werf aan. Dit lyk té stil. Ek mis iets, maar my kop is só vol van die groot verlossing dat ék nie die brouwerk hoef reg te maak nie, dat ek net gegroet en gery het. Op pad terug stad toe het ek besef dat die ganse weg is. Wat het van my ganse geword? Die aand het ek 'n oproep deurgesit na die nuwe huurder. "Nee mevrou, daar was nie 'n snawel op die werf toe ek oorgeneem het nie. Geen lewende werfdier nie," het hy my verseker. Ek het hom geglo. Dan het die krokodilboer my ganse net gevat. Eintlik gesteel en nie 'n woord in die prokureur se kantoor toe hy sy kontrak gekanselleer het, gesê nie.

Die nuwe jaar was nié vol hoop nie. Dries en ek het in ons mooi huisie gebly maar ons paaie het soos 'n vurk uitmekaar geloop. Elkeen het sy eie koers gevat. Saam in een huis, maar elkeen eensaam op sy eie manier. 'n Pad wat soos 'n vurk twee koerse kies, word wyer en wyer, verderweg van mekaar. Nét by die familie het ons nog saam gekuier. 'n Soort voorgee van gesamentlikheid. Maar vals.



**Ben en Annalize se Troue**

Ben het verloof geraak aan die mooi dogter van die boer waar my eg so lank gelê het. Annalize is haar naam, en hulle het van trou gepraat by die einde van die jaar. Ansophie het goed gevaar op hoërskool en nie veel aandag aan ons spannings gegee nie. Sy het haar eie vriendekring gehad en was aktief in die kerk se jeugaksies. Ou vriendskapsbande is weer opgetel en mense uit ons lewe voor 'die plaas' het weer kom kuier. Een sekere vriendin, effens ouer as ek en 'n diep gelowige kind van God het baie vir my beteken. Sy was al jare diep gewikkel in Bybelstudie. 'n Hoogs intelligente vrou vol deernis en die liefde van die Here. Vir haar het ek uiteindelik vertel van my huweliksprobleme en die vervreemding tussen my en Dries. Sy het net gesê: "Ons sal bid. As twee saamstem oor 'n saak volgens *Matteus 18:18, 19* sal die saak gebind wees." Sy was 'n ware gebedsmaat. Wanneer ons 'moeg' gebid was oor hierdie probleem dan sê sy: "Nou sal ons rus en stilsit, maar ons bly hier sit op die mat. Hierdie is 'n 'sit' voor God. Hy sien ons sit en Hy weet ons wag op Hom." Mens sit nie hierdie sit en dink oor ander dinge nie. Wat 'n ongelooflike seën het hierdie stilword en 'sit' voor God vir my nie beteken nie. Die stilte, die eensgesindheid, die wag, die konsentrasie op

die heilige aanraking van die Here. Deur sy Woord, Sy teenwoordigheid, Sy influistering deur die Heilige Gees.

Met verloop van tyd het ons gevas oor hierdie saak. Later het ons by 'n vroue vergadering wat sy gelei het, die gebedshulp van seker 'n vyftig vrouens gevra, sonder om die hele saak te openbaar of name te noem. My verbasing het geen perke geken toe hierdie klomp vrouens met trane en smeking as't ware die troon van God bestorm. Hulle was almal gestig deur hierdie eendragtige gebed. Ek was vol geloof en het waarlik 'n ingrype van God verwag. Maar daar het niks gebeur nie. Die beker moes ek drink. Die bitter wyn met gif gemeng.



**Onthaal in Burgerpark Hotel**

Aan die tafel, met Ben en Annalize se troue in Desember het ons woordeloos, soos vreemdelinge gesit. Skaam. Skaam oor 'n erger mislukking as die plaas. Eers twee jaar later het ek die papiere geteken wat die skeiding wettig gemaak het. Iewers vroeg in 1976. Vir 'n vriend het ek gesê: "Die mees beweënde en bebidde egskeiding in die land."

Ben kwalifiseer as tandarts in Junie 1976 en ons hou 'n heerlike onthaal in die Burgerspark hotel in Pretoria. Hulle vertrek 'n maand later na Engeland waar hy vir dertien maande praktiseer en ook bietjie deur Europa reis. Die onthaal was eintlik ook 'n afskeid vir hulle. 'n Groet en voorspoedwens.

Omdat Ansophie en ek nou alleen in die huisie was, moes ek baie fyn op 'n begroting werk. Die huurgeld van die plaas was gemerk vir die landbank maar ek het ons jaarlikse lewensbenodigdhede fyn uitgewerk en die bedrag van die bank se betaling afgetrek. Daar was geen beswaar of reaksie van die bank nie. Omdat ek nou nie meer pligte soos op 'n plaaswerf gehad het nie, kon ek weer naaldwerk doen. 'n Hoekie in die huis is hiervoor ingerig en alles wat Ansophie en ek aan ons lywe getrek het, het onder my masjien en my naald uitgekom. André het vir my 'n pragtige Bernina present gegee. Vir die winter het ek gebrei, wat ek baie goed kon doen. Vir 'n fraksie van winkelpryse kon ons baie goed lyk. Selfs hierin het ek die hand van my Meester gesien. Ek moes leer om met 'min' te werk en daarmee uit te kom. Omdat ek hierdie posisie openlik voor die Here gelê het in my nagskool van gebed, het ek met vrede en vreugde gelewe. Nooit meer begeer nie of geywer om meer te hê nie. Om 'vergenoegd' te wees met wat die Here vir jou bestel is ook 'n gawe van God. Baie later in my Bybelstudie het ek by Spreuke uitgekom en daar lees ek toe: "Gee my nie armoede of rykdom nie, maar laat ek geniet die brood wat vir my bestem is." *(Spreuke 30:8)* Twee dinge word hier sterk aan my uitgewys. God 'bestem' vir jou en jy moet dit 'geniet'. As jy hierdie skrif glo, verdwyn die nuwe siekte van ons tyd, stress, uit jou lewe. 'n Gelowige kom liewer klaar met minder. Soos Paulus herhaaldelik skrywe dat hy 'vergenoegd' was, met wat ookal God oor hom laat kom. Hierdie is 'n groot geheim van 'n toegewyde lewe. Ons kan nie die Koninkryk van God se burgers wees, Sy hulp en seëninge verwag en dan nog stress en wroeg oor aardse dinge nie.

Intussen het ek met 'n jong prokureur van by broer kennis gemaak. Stukstuk het hy my storie gehoor en op 'n dag vir my gesê dat hy sou aanbeveel dat die bedrag geld wat gedeponeer was vir die herstel van die verbeterings op die plaas in hulle trustrekening oorbetaal word. Daar sal dit veilig wees.

Die prokureur in Pretoria wat die kontrakte hanteer het, is in werklikheid nie meer aan my verbonde nie. Hierdie saak het ek toe sonder veel moeite reggekry. Op daardie stadium het ek eers besef dat daardie geld nou myne is. As gevolg van die wonderlike advies van bodembewaring is daardie beskadigde lande nou werklik herstel in fantastiese weiding, net soos hy gesê het sou gebeur. Begin 1975 het die groen Mercedes baie moeilikheid begin gee. Weer bespreek ek dit met my Meester in my nagskool en duidelik wys Hy my die geld wat nou doelloos by die prokureur lê. Dit was asof die Here vir my sê: "Gaan koop vir jou 'n kar." Ek bel my broer en vra: "Hoe sal ek die ou Mercedes verkoop kry?" Hy sê: "Ry in daardie lang straat van Randburg af waar die motorhandelaars in rye sit en vra hier en daar wat hulle jou sal gee op 'n inruil. Probeer die Ford-handelaar, hulle gee gewoonlik die beste inruil." Met die groen kar skoon gewas en blink gepoleer en ek in my beste rok ry ek die lang straat af tot waar ek die Ford-mense aan die linkerkant sien. Die handelaar kom bekyk die Mercedes, skakel die motor aan, rev die engine. Hy luister fyn en maak 'n prys, wat hy agter op 'n kaartjie skryf. Ek sê: "Laat ek 'n dag of twee dink" en ry by sy rylaan uit. Voordat ek in die straat afdraai sien ek die Peugeot-handelaar reg oorkant die straat en dink ek sal daar ook probeer. (Dit word toe vir my 'n lekker interessante werk en die Ford-verkoopsman was gaaf en vriendelik.) Die Peugeot-handelaar het ook 'n inrypad en toe ek daar inry en parkeer, merk ek hom waar hy reg in die vertoonvenster by sy lessenaar sit asof hy vir my wag. Ek stap in en vra hom: "Hoeveel vir 'n inruil op 'n Peugeot?" Daar by hom staan vier pragtige motors in 'n ry. Vriendelik staan hy op en sê: "Hoeveel het daardie ou by Ford jou geoffer? Ek het julle sit en dophou" sê hy met 'n breë glimlag. Ek haal die kaartjie van die Ford-man uit my handsak en gee dit aan hom. "Goed" sê hy. "Ek gee jou dieselfde, kies vir jou een hier agter my." Ek wys en sê: "Daardie donkerrooie, die 504." "Reg," sê hy "môre eenuur sal hy gereed wees vir jou, diens, registrasie, nommerplate en al. Bring die Mercedes en hoe wil jy verder betaal?" "Ek sal jou een tjek gee" sê ek, want ek het klaar my som in my kop. Die inruil en die geld by die prokureur. "Mevrou, as jy só betaal gee ek jou R300 afslag. Ek het nie geweet dit is 'n kontanttransaksie nie." Hy gryp na 'n ander kaartjie en skrywe agterop: Mercedes inruil, prys van die Peugeot en kontantafslag. "Hier mevrou, ons doen dit so."

Die volgende dag net na eenuur ry ek daar weg in 'n pragtige, donkerrooi Peugeot. Wat 'n vreugde! So maklik soos hoed koop. As 'n mens al die kinkels uit die kabel wil stryk, kan ek sê dat die krokodilboer nie net vir my 'n sak geld gebring het nie, maar ook vir my 'n nuwe motor gekoop het. Een ding weet ek en dít is dat koning Salomo 'n ewige waarheid opgeskryf het in *Prediker 2:26:* "Want aan 'n mens wat welgevallig is voor Sy aangesig gee Hy wysheid, kennis en vreugde, máár aan die sondaar lê Hy die taak op om bymekaar te maak en te versamel om dit dan te gee aan die een wat welgevallig is voor die aangesig van God." Die pad wat die Here vir jou uitwerk is vol wonderwerke!

Ben en Annelize se vertrekdatum het nader gekom. Op 'n dag het hy by my aangekom met 'n versoek: "Ek gaan my motortjie verkoop maar ek het hom nog nodig tot die dag van ons vertrek." Hy haal 'n dokument uit sy sak en sê: "Hierdie is 'n volmag dat Mamma die kar kan verkoop na ons weg is maar kan Mamma my nou die geld gee en dit dan terugkry by die verkoop? Op die oomblik het ek die geld nodig én die kar." Ek het hom met vreugde die geld gegee. Nie die bedrag wat hy sy motortjie voor wou verkoop nie, maar presies wat ek daardie dag in Pretoria aan die handelaar betaal het. Ben was baie bly en het nog die motortjie gebruik tot die dag van hulle vertrek. Toe het ek die motortjie vir Ansophie gegee en haar geleer om te bestuur, lank voordat sy 'n lisensie kon kry. Haar musiekles was op 'n Sondagmôre om 07:30. Ek het haar toegelaat om self in die verlate Sondagstrate te ry (met my natuurlik by haar) so omtrent agt of nege kilometers na haar musiekonderwyseres se huis. Met hierdie ritte het sy haar motortjie baie goed leer ken en sy was baie gelukkig. Die musiekonderwyseres wat in ons straat gewoon het, het afgetree.

Toe Ansophie haar studies aan die Randse Afrikaanse Universiteit begin, het sy maklik 'n bestuurderslisensie gekry en met die rooi Wolesley oor die weg gekom. Sy het haar musiekstudies ook voortgesit. Dries het haar klasgelde en boeke betaal. Ek het vir haar musiek en die res gesorg.

Almal is weg uit my lewe. Net Ansophie en ek bly in ons mooi gerestoureerde huisie en sy studeer en speel een musiekeksamen na die ander. In die jare op die plaas het sy agter geraak met eksamens, maar in Aucklandpark

het die uitstekende musiekonderwyseres wat net een straatblok van ons af gewoon het, haar gehelp om in te haal. Sy het Ansophie regtig eintlik 'onder hande' geneem en haar dadelik vir eksamen voorberei en ook ingeskryf vir kunswedstryde om haar vrymoedig te maak om voor gehore en kritiese beoordelaars op te tree.



**Altyd die Rose**

My nagskool van gebed en Bybelstudie het aan my 'n vol en gelukkige lewe gegee. Die jeug van die kerk het gevra of ek hulle sal help om die Bybel te leer ken. Kort daarna was daar elke Dinsdagaand 'n Bybelstudieklas in ons huis. Voor dit begin het, het ek vir die Here gevra om aan my 'n 'metode' te gee om in die jongmense 'n 'honger en 'n dors' te ontwikkel na die Woord. Baie duidelik het die Here vir my gesê: "Laat hulle self lees. Moet nié voorlees of vertel en verduidelik nie. Húlle moet lees en aan jóu vertel wat hulle gelees het en wat hulle verstaan. Leer hulle net om biddend te lees en die hulp van My Gees te vra. Nie jóu hulp nie." Sjoe! Wat 'n duidelike opdrag en voorskrif vir my. En wat 'n las van my skouers af. Die Here sê vir my dat Hy hulle sal leer, maar hulle moet vra. Vra vir Hom, nié vir my nie! So het die metode ontstaan. Elke week moet elkeen by die huis, in sy eie binnekamer lees, een hoofstuk uit die ou Testament, een hoofstuk uit die Evangelies en een uit die Sendbriewe. Uit my eie ondervinding het ek voorgestel om by 1 Samuel te begin omdat die verhaal hulle sal aangryp. Uit die sterk menslike romantiese strekking. Daarna Mattheus en 1 Korinthiërs.

Wel, hier het wonderlike dinge begin gebeur. Dadelik het die entoesiastiese studente uitgestyg. Ander het stadig aangekom en ander het bietjie agtergebly. Gekla oor 'tyd' en dat dit darem baie 'huiswerk' is wat ek gee. Hulle het dit moeilik gevind, die verdeling van hulle 'spaar'-tyd. Sommige

het al gewerk en pligte gehad, ander het studies gehad. Daar was lewendig en baie prakties gepraat oor 'tyd'. Hoeveel van jou 24 uur gaan vir wat? Hoe deel jy jou tyd? 'Tyd' is op die regverdigste manier op die hele aardbol uitgedeel. Die magnaat, die bedelaar op straat, die predikant en elke siel wat asemhaal kry net dieselfde. Net 24 uur per dag en hóe jy dit gebruik, is heeltemaal jóu keuse, jóu plig en jóu saak!

So by die derde of die vierde week, toe die entoesiaste en die uitsakkers bietjie geopenbaar was het hierdie gesprek oor 'tyd' spontaan plaasgevind. Ek glo met my hele hart, vandag nog, dat ons Meester dié aand oorgeneem het en nie my 'mond' gebruik het nie, maar al die 'monde' van dié jonges wat bely dat hulle die Bybel wil leer ken. Dit was wonderlik! 'n Ware openbaring! 'n Oop gesprek oneindig leersaam uit hulle eie ondervindings en begeertes. Besluite was geneem. Stukkies slaaptye was afgestaan. Stukkies sporttye en so met eie besluite en opofferings het hulle self hulle tye vir studie en gebed ingerig. Baie bewus geword van 'gemorsde' tyd.

Die resultaat was dramaties. Hulle het kom vertel, vir my kom léér en hope vrae gevra. Hulle het vertel hoe die Here sélf vir hulle die 'lig gooi' op gedeeltes. Na 'n paar maande het van hulle getuig in die jeugdienste en selfs preekbeurte geneem by jeugdienste en kampe.

Op dieselfde manier het nog 'n Bybelstudie begin vir huisvrouens en onderwyseresse. Dit was drie uur op 'n middag by 'n ander huis. Daar het ons 'n gebedsboek begin waarin elkeen sy versoek en behoefte of begeerte kon opskryf. Na die Bybelstudie elke week het ons ons hande op die boek gelê en saam al die versoeke voor ons Vader gelê. Wat 'n blydskap en 'n vreugde as iemand sy versoek kon afmerk omdat sy 'n antwoord gekry het. Dan het almal saam gedank!

Een van die dames het eendag 'n vriendin saamgebring. 'n Mooi vrou in haar vroeë middeljare. Sy het gereeld daarna gekom. Sy het deur 'n baie bitter egskeiding gegaan. Haar man was welbekend in sport- en radiokringe. Sy het sprakeloos net geluister na alles wat die ander dames sê en bid. Na maande het ek haar storie gehoor en toe gereeld en baie by die huis vir haar gebid. Na 'n volle jaar het sy met 'n afsluiting gesê sy wil ook iets sê. Die

eerste maal dat ons 'n geluid uit haar mond gehoor het. "Ek wil dankie sê," het sy gesê. "Baie dankie, julle het my heelgemaak, my wonde verbind met die woord van God. Ek het opgehou bloei hier onder julle getuienisse en gebede. Ek het Jesus leer ken. Ek sal kan aanlewe met Hom, baie dankie."

Partye dae kon ek beswaarlik glo hoe my lewe verander het. Hoe vol blydskap, vol vrede en bruikbaar my Meester my gemaak het. Geld, die bietjie of baie daarvan was baie laag op my waardelys. My Meester is die beste 'Randrekker'. Hy laat jou uitkom met wat jy het.

Aan die einde van 1979 het 'n geregistreerde koevert van die landbank af by my aangekom. Dit was die titelakte van die plaas met 'n brief wat sê dat ek nou die plaas as sekuriteit mag gebruik indien ek 'n ander belegging wil maak om sodoende my inkomste te verbeter. Hulle sê ook dat my skuld só deur my afbetalings verklein het dat die verpligte bestaande assuransie vir hulle genoeg sekuriteit is vir die balans van die skuld.

Die nag na ek die brief gelees het, het ek dit voor my Meester gelê met die titelakte daarby en gevra: "As U wil dat ek moet verbeter, wys my dan hoe. Ek ken geen Raadsman behalwe U nie." Kort na die aankoms van die titelakte vertel my broer my van 'n klein blokkie woonstelle wat in die mark is. Ek het gaan kyk en die somme begin maak en tot die slotsom gekom dat dit iets goeds kan wees. Met die sekuriteit wat ek nou het kan so 'n belegging homself afbetaal en 'n ietsie vir my uitgooi.

Intussen het Baba se dokter-man afgetree en by die see gaan woon. Sy het kom kuier. So tussen myself en ons broer. Hy het vir haar ook van die moontlike belegging vertel maar haar afgeraai om geld daarin te sit. Aangesien hy gesout was met sulke beleggings en welvarend was, het hy gemeen dat dié besondere een nie te danig was nie. In daardie tyd was dit die 'in ding' om woonstelgeboue op deeltitels te verkoop sodat elke huurder dan eienaarstatus het. Dit was 'n nuwigheid en huurwoonstelle het omtrent verdwyn.

Sy kom toe na my toe vir raad. Sy het 'n goeie kontantsom tot haar beskikking gehad van 'n polis wat uitbetaal het. Ek sê toe dat ek reeds besluit het om

die geboutjie met 'n lening van die bank te koop op grond van die plaas as sekuriteit. Sy vertel my toe dat ons broer reken dis nié 'n goeie koop nie. Ek wys haar toe my somme en sê dat ek reken dat dit is wel 'n goeie koop is. Ons het so langs mekaar op my bed gesit en die somme gemaak. Koopprys, huurinkomste omgereken in persentasie op belegging na die aftrek van lopende onkostes. Sy draai toe na my en sê: "Gee my die kans. Jy is hier in die stad en sal weer iets goeds raakloop maar ek sit in St Francisbaai waar ek nie eers 'n koerant van die stad te sien kry nie." Ek sien haar punt in. Ek weet wat dit is om afgesonder te wees, ver van geleenthede. Ek sê toe sommer daar op die bed: "Goed, koop hom. Ek sal verder soek." Dit was November 1979. Sy het gaan teken en sou in Januarie opvlieg om oor te neem.

In my nagskool met my Meester het ek Hom vertel dat ek my moontlike kans aan my suster gegee het en of Hy vir my ook so-iets sal laat raaksien. Die Here het nie met my gepraat nie, maar ek was al baie bekend met die wonderlike vrede en vreugde wat 'n mens ervaar as jy die regte ding doen. Ek was in Sy sorg. In die holte van Sy hand. Ek sal nie soek nie, ek sal net wag op Hom en Sy vrede geniet. Die twee Bybelklasse het kort voor Kersfees hulle afsluitings gehad. Gebid, getuig, gesing en kersgeskenkies uitgedeel en koek en tee bedien. Middel Januarie 1980 sou ons weer begin.

Ek het skoon vergeet van beleggings. Ben en Annalize het 'n baba verwag in Maart. Hulle was al lank terug uit Engeland en hy het in Warmbad gepraktiseer. Hulle het daar 'n mooi huis gehad waar ek al 'n paar keer gaan kuier het. So 'n eennag- oorslaap-kuier.

# 1980

Op die 22ste Januarie ry ek al langs 'n gholfbaan, nie ver van waar ek woon nie, en sien 'n koerantverkoper net links, voor 'n verkeerslig op die sypaadjie. So 'n plat sypaadjie sonder randstene. Ek trek daarop by die koerantverkoper en koop een – iets wat ek baie selde gedoen het. Net daar sit ek in my kar, blaai die koerant van agteraf oop tot by die beleggingskolom en sien daar een enkele advertensie vir 'n woonstelgebou wat in die mark is. Ek draai net daar om en gaan terug huis toe en bel die agent. Hy sê hy is reeds op pad huis toe en ek moet hom die volgende môre om tienuur by sy kantoor ontmoet. By sy kantoor het ek my kar laat staan en saam met hom gery. By die woonstelblok het hy uitgeklim. Ek het aan die anderkant uitgeklim en oor sy kar se dak na die gebou gekyk. Skielik was daar Iemand aan my linkerkant wat vir my sê: "Dis nou joune." Die agent was verbaas toe ek terugklim in die kar in. "Kom mevrou, ek wys jou een of twee van binne" sê hy. "Nee", sê ek. "Ek sal hom koop, kom ons gaan terug na jou kantoor toe." Hy was half sprakeloos. Naby sy kantoor het hy gevra of ek meen om 'n offer te maak. "Nee", sê ek, "ek sal gee wat die eienaar wil hê." Die prys was mos in die koerant. Ons was met tee bedien terwyl hulle die eienaar gebel het en aan my was 'n huuropgaaf gegee wat ek kon huis toe neem. Die eienaar het gekom. 'n Gawe Engelsman, bietjie ouer as ek. Na ek geteken het, het ek agtien dae gehad om die deposito te gee en die bestaande verband oor te neem. Toe ons groet, gee die eienaar vir my 'n dik rol note en sê dit is die deposito's van huurders wat hy hou en wat ek nou self moet hanteer. Die agente sal aan my 'n staat gee van die huurders se deposito's want dit verskil omdat daar drie groottes woonstelle is. Ek was 'n regte groentjie in hierdie besigheid en het baie gehad om te leer. Dit het maklik gegaan. Ongelooflik maklik. Die bank het die deposito oorgeplaas en die titelakte van die plaas in hulle kluis toegesluit.

Ek sien myself weer tussen die koeie in die babalaland. Die warrelwind uit die afgebrande veld gooi die swart roet en as oor my. In my mond en in my hare waar ek die aasvoëls met 'n bloekomtak probeer verwilder. Laag oor die land swiep die aggressiewe groot voëls. My desperate uitroep na God: "Here, Here, iewers op die aarde moet daar vir my 'n beter, makliker bestaan wees. Help my – help my!"

Hier is ek nou, die eienares van 'n pragtige blok woonstelle wat soos 'n geldmasjientjie werk en in my huis 'n hele hoop geld. God se hand hét geroer! Maar my grootste gewaarwording was wat my God kan doen. Meer as twee keer so groot en báie mooier en in 'n báie beter omgewing as die een wat ek afgegee het. Dit gee Hy net so vir my met die duidelike woorde: "Dis nou joune." Hierdie ondervinding, daardie woorde, die gemak van 'n gladde transaksie het my vir weke, maande in verwondering gelaat. Vandag nog is dit vir my oorweldigend wat die Here kan doen.

Eers het Hy my aangekeer na die pragtige plaas met daardie droom van die blou kar met die Vrystaat nommerplaat. Daarna het Hy toegelaat dat Bines en ek kon huis bou, mooi maak, redelik aan die boer kom, maar my erfplaas en al my 'slim' huise en veel meer is ingeboet. Toe het die teëspoede gekom. Die vuur, die ontydige ryp, die ineenstorting van die vleismark, die wolkbreuk. Bines weg. Dries loop ook. Ansophie moet gaan loseer. Die motors is flenters gery. Geld is op, skuld groei by die dag en ek is totaal alleen. Stokalleen en die verderwer hou 'n aaklige plan voor my. Daar was vir my niks en niemand oor nie. Net die Here. Altyd ver agter in my kop het ek geweet iewers staan geskryf: "Hulp kom nét van die Here af." 1971 was die swartste, die benoudste jaar. Net twee dinge het my op my voete gehou. Eerstens die vooruitsig om kamp toe te gaan, en tweedens die besluit om nooit weer 'n grondboon te plant nie, want dié se oestyd is die Paastyd. Ek kon nie bid nie en dit was asof die Here Sy Woord vir my toegesluit het. Al lees ek, ek vergeet dadelik wat ek gelees het. My bekommernisse verdring alles en ek weet my huwelik breek op.

Die Here het my letterlik kaalgestroop. Toe het Hy my geleer om met min – die minimum wat geld aanbetref, klaar te kom en getrou te wees. My vreugde in Hom te vind en net Sy raad te volg. Ek het uitgevind dat God waarlik 'n jaloerse God is net soos wat die Bybel sê. In die tyd wat ek nie die Bybel kon lees nie, het ek gelewe op die klein stukkies, die krummeltjies wat ek kon onthou uit my lewe met Abelines. Toe ek vir die Here gewerk het onder sy mentorskap. Die stukkies van die mossies. Die stukkie uit Jona en die vis. Die stukkie oor die storm en Jesus wat slaap op die boot. En nog baie ander stukkies skrif wat soos lewensboeie na my aangedryf het in die lewenstorms wat om my gewoed het.

Maar die nag na die koop van die woonstelblok het ek nog net soos altyd my nagskool besoek. Ek het dankie gesê. Vir my Meester gesê dat ek beswaarlik kan inneem wat vandag so 'maklik' gebeur het. Baie trane het geloop. Dankbare trane! Daar op my knieë op die vloer het die mooi gebou voor my gebly en die klomp geld in my hangkas onder my hoede.

Nog iets het vir my baie duidelik geword. Geld is seker die grootste toets wat oor 'n mens se pad kan kom. Om welgevallig voor jou God te lewe mag niks, absoluut niks eerste in jou lewe wees nie. Hy moet altyd jou groot liefde wees. Alles, alles, moet ver ondergeskik op jou prioriteitslys wees. Alles moet dof wees. Strangely dim in die lig van Sy Glorie en Genade. In ander woorde: "God moet jou kan 'vertrou' met aardse goed. "Wie sal ons skei van die liefde van Christus, verdrukking of benoudheid? Of vervolging, honger, naaktheid, gevaar of swaard?" Dit skryf Paulus in sy oorwinningslied. *(Romeine 8:35)* Maar ek het daarby geskryf: voorspoed, geld en rykdom is magtige wapens in die verderwer se arsenaal teen die volgeling van Jesus. Dit kan baie maklik ontaard in selfvertroue in plaas van Gods vertroue. Voorspoed moet toegewy wees. Jesus bly die Meester. Die Mensebewaker. As Hy sê gee – moet jy gee. Waar Hy sê help – moet jy help. Dr. Murray skryf: *"Do not work much and pray for your work. Pray much and work accordingly."* Hierin lê 'n groot geheim.

Toe wys my Meester vir my die hart van dié geheim in *Psalm 127:2.* "Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat opbly en brood van smarte eet - net so goed gee Hy dit aan Sy beminde in die slaap." Ek dink terug aan die nagte wat ek 2 uur gery het en laat en gedaan, moeg in my bed kom kruip het. Die Here het voorwaar my lot verander en net soos in Psalm 126 staan, voel ek dat ek droom!

Wat kan ek sê? Watse raad kan ek gee? Loop die pad met Hom. Al is dit deur die vure en vloede. Klou vas. Word Sy beminde. Wandel welgevallig voor Sy aangesig. As jou geloof struikel en jou arms word lam en jy voel jy gly – weet dan Sy ewige arms is onder jou. Dis nie jy alleen wat vashou nie. Hy hou jou ook.

Ben en Annalize se baba is laat in Maart 1980 gebore. Toe ek langs haar bed staan met my bossie blomme sê sy: "Mamma kan hom maar optel." Langs haar bed lê die seuntjie in 'n wiegie. Ek neem hom in my arms en sê: "Annalize, ek ken hierdie baba. Hy is 'n nuwe klein Ben." "Ja" sê sy "Almal sê hy lyk net soos Ben." Ek gaan sit met die kleine, pragtige seuntjie in my arms op 'n stoel langs haar bed. My gedagtes vlieg terug na 'n klein kraamhospitaaltjie in Florida waar Ben gebore is op 'n yskoue, stormagtige nag in Julie 1950. En ek onthou hoe bang was ek dat die baba nie sou lewe nie. Die dokter het my verseker dat die baba niks makeer nie. Hy het die volgende môre selfs die suster gevra om die baba te bring en daar op my bed het hy die nuwe baba die tweede keer deeglik ondersoek. "Mevrou, ek hou nie van oorangstige mammas nie. Dit beïnvloed die baba se voeding. Hierdie mannetjie is gesond, sy hartklop reg en jy móet net ontspan." Hy sit die baba in my arms en loop. Later het my man my ook betig oor my vrese. Ek kon die bang gevoel nie afskud nie. Abelines het vir my gebid. Weer die baba uit die babasaal aangevra en vir hom ook gebid.



**Ben en Annalize se Seuntjie, Christoffel**

"Annalize voel jy gerus en ontspanne oor die baba? Sien jy kans om hom te versorg?" Sy het gelag en gesê dat sy goed voel, dat sy bly is dis 'n seuntjie en dat sy nie kan wag om huis toe te gaan met die nuweling nie. Hulle het hom na haar pa vernoem, Christoffel.



**Ben**

Ben het kom kyk na die woonstelgebou wat ek gekoop het. Hy was baie beïndruk en het daardie dag iets buitengewoon vir my gesê, "Onthou

Mamma die dag daar op die plaas toe ek gesê het dat ek nie wil boer nie maar wil studeer en 'n beroep kies?" Ek het goed onthou en het vir hom gesê dat ek trots is op sy studies en op sy beroep. "Weet Mamma dat hierdie twee hande van my my hele bestaan en dié van my vrou en kind moet verdien?" Ek het nie gehou van wat hy sê nie en het nie geweet wat ek moet sê en of hy verwag het dat ek hom moet antwoord nie. Ons het voortgesels oor nog 'n gebou koop. 'n Gebou waarin hy vir hom 'n moderne, nuut toegeruste spreekkamer kon laat inrig. Hy het dikwels probleme gehad met toerusting wat al verouder was in die spreekkamer waar hy 'n bestaande praktyk gekoop het. Ons kon droom want die plaas was nog altyd in die mark. "Ben, ons sal hierdie saak voor die Here lê" sê ek. "Daar is só baie skrifte waar God belowe, nie net aangaande ons behoeftes nie, maar ook aangaangde ons begeertes.

Een nag, heelwat na middernag lui my telefoon. Ek het baie geskrik maar toe ek die gehoorbuis optel sê die bekende stem: "Moenie skrik nie, ek sit hier in die leefkamer en Bybelstudie doen en wou sommer bietjie gesels." Hy vertel my toe dat hy baie nagte opstaan nadat Annalize slaap en die baba natuurlik ook en in 'sy hoekie' van hulle leefkamer kom afsonder met sy Bybel en ook in gebed. My vreugde was groot oor hierdie ontwikkeling in Ben se lewe. Ons het saam gesels oor waar hy lees en hoe hy verstaan en of hy nie bedags moeg voel omdat hy nagure of 'slaapure' afstaan nie. Hy het my verseker van die teendeel. Dat hy niks agterkom van gemisde slaap nie, en meer lewendig en energiek voel as ooit. Ag, wat 'n vreugde dat Ben aangesluit het by my nagskool met Christus. Ek het hom verseker dat die Here hom sal lei om te spesialiseer, of in eiendom in te beweeg. As die plaas verkoop word sal ons 'n pad oop sien. Ek het vir hom een groot dik Bybelkommentaar gekoop. 'n Boek wat my Bybelklas van die uitgewers in New York bestel het vir elkeen van hulle, en vier ekstra vir elk van my kinders. My eie Dummelo het ek nog van Abelines gekry. Dit is waarom my Bybelklas dié spesifieke boek wou hê. Ons het eers in Londen navraag gedoen en daar verneem dat die uitgewers, na die Tweede Wêreldoorlog, na New York verhuis het. As ek reg onthou, het daar 24 boeke gekom. Al was Ben en my se klas per telefoon, dit was wonderlik! Ben se geestelike vordering sal vir hom nuwe paaie oopmaak. Dit het ek vas geglo. Paaie wat in die wil van God sal wees.

In Mei 1980 bel Bines my en sê hy het 'n koper vir die plaas gekry. In sy werk vir 'n groot landbou chemiese maatskappy het hy die land deurkruis en met honderde boere besigheid gedoen. Op 'n dag sien hy 'n welgestelde boer in verband met die produk wat hy verkoop. Die man sê toe, sommer terloops, dat hy nog 'n plaas gaan koop en Bines sê vir hom dat hy nie moet besluit voor hy my plaas gesien het nie.

Die dag toe hy my bel het hy alreeds ons plaas vir die boer gaan wys. Hulle het my kom sien en die plaas is verkoop. Vir twee jaar sou die koper net die rente op die koopsom betaal en daarna in 1982 begin om die koopsom af te betaal in vier jaarlikse paaiemente. Dit was seker nie die beste reëling nie, maar vir my was dit 'n wonderlike verlossing en ek was gewillig om ses jaar te wag. Vir Bines het ek 'n agent se volle kommissie betaal want hy was na alles die enigste agent wat iets reggekry het.

In die lente van 1980, ná die koop van die woonstelle en ná die verkoop van die plaas het ek skielik bewus geword van die inflasie-gogga. Dis 'n ding wat jy nie kan sien as jy nie van hom weet nie, maar as jy eers van hom weet, sién jy hoe die gogga jou kan beetkry.

Daar om my huisie is baie ander soortgelyk, maar dubbel die prys wat ek betaal het. Ongerestoureer, sommer lelik en outyds, met 'n badkamer waarin jy vas kyk reg van die voordeur af. Tussen 1972 en 1980 het hierdie gogga lewe gekry. Ek was salig onbewus van markte en prysstygings. My lewe was eenvoudig en heerlik. Verborge in die dinge van die Here.

Maar nou wéét ek dat by die tyd wat ek die plaas se geld kry ek beswaarlik 'n belegging sal kan maak. Wel, ek ken net een pad. Net een toevlug. Net een Raadsman. So, in die nag, op die vloer van my sitkamertjie, voor die gasvlammetjie, sê ek: "Here, was dit 'n fout? Moes ek vir die man gesê het ek wil nou die geld hê? Ek het baie redes, ek wil nou beleggings soek. Here moes ek só gesê het? Moes ek? Moes ek? Here my Herder, vat alle 'moese' uit my lewe uit." Dit was my gebed oor die inflasiegogga. En wat leer my Meester my? Tyd bestaan nie by God nie. Rentekoerse en inflasie het vir Hom geen betekenis nie. "Dit maak geen saak wanneer die man jou betaal nie. Hy is nie jou sorg nie, Ek is. Ek sal vir jou 'n belegging bêre." Ek sit

daar op die vloer en bepeins die woord bêre. Ek neem my Bybel en vra bevestiging. Ek blaai deur die Psalms en ek lees al die baie plekke waar ek gemerk en onderstreep het. Ek kom by *Spreuke 13:22* en lees daar: "'n Goeie mens laat sy kindskinders erwe maar die vermoë van die sondaar word vir die regverdige weggebêre." Verbaas lees ek die woord 'gebêre'. Ek weet sommer dis wat die Here sê. Nog een ding vra ek my God. Laat my vergeet. Neem hierdie 'inflasieding' heeltemal uit my gedagtes. Waarlik, ek het vergeet. Van beleggings, van inflasie, is alles uit my kop. Nie eenmaal het ek 'n koerant gekoop tot byna twee jaar later nie – Oktober 1982.

Maar tussen die herfs van 1980 en die lente van 1982 het baie dinge gebeur. Dinge wat my wêreltjie laat tol het en tot stilstand geruk het.

Ben is dood. Net om hierdie drie woorde neer te skryf is soos pyn. Iewers net voor of na middernag van 31 Oktober 1981 is Ben dood.

## 1981 – "Hello Mamma"

Sondag 25 Oktober. Die telefoonoproep. Jaag na die hospitaal in Pretoria. Wag voor die ingang vir die ambulans. Ligte wat flits. Twee mans maak die agterdeure oop en trek die draagbaar uit. Ek raak aan Ben. Hy sê: "Hello Mamma." Iemand stoot my weg en hulle hardloop met die draagbaar onder die skerp ligte van die hospitaal se ingang in. Dit is die laaste keer wat ek sy stem gehoor het. Ses dae in die hospitaal aan 'n asemhalingsapparaat. Elke dag ry ons na die hospitaal. Die suster by Intensief sê: *"He is on life support, make your visit short."* Vyf minute vir 5 dae, elke dag. Ek sien nie dood nie. Hy skryf vir my op sy skryfblok en praat my moed in. Wanneer ek kom en loop en groet dan slaan hy sy arms om my en druk my. Sy arms is sterk. Sy bene is ongeskend, maar sy long is vergruis. 'n Uitstappie en 'n vreemde perd. 'n Val teen 'n heining. Niemand is seker hoe nie. Saterdag het ek nie gegaan nie. Sy broer het, en sy suster. Die nag – weer die telefoon. Toe ek daar kom, was dit te laat.

Waar was die Here? Waar was my Meester? Net waar Hy altyd is. Want Hy Is. Dit is Sy Naam. Ek het op my voete gebly, geloop, gepraat, gedoen wat moes gedoen word, maar al die tyd het ek gevoel asof ek onder ligte narkose is. Die pyl was stomp. Die angel was uit die dood. Vyf weke voor sy dood het die Here hom gedoop met die Heilige Gees. Daaraan het ek vasgehou. Aan sy vertelling aan my, van hierdie wonder-ervaring het ek vasgehou. Die Sondagmôre net voor dagbreek was ek en Ansophie weer in ons huisie. Daar het baie, baie trane geloop. Op die vloer langs my bed het my Bybel oop gelê en ek het die Bybel net so oop opgetel. Die oop bladsy was by *Hebreërs 12 verse 22, 23 en 24.* "Julle het gekom by die berg Sion. Die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en die tienduisende engele. By die feestelike vergadering, die gemeente van eersgeborenes en by God die Regter en by die geeste van die volmaakte regverdiges en by Jesus die Middelaar van die nuwe Testament."

Die dag het gebreek. Stadig het die lig deur my venster gekruip en oor my het 'n vreemde kalmte en vrede gekom. Tog nie vreemd nie. Ek ken hierdie bonatuurlike vrede. Hierdie berusting in my Vader se arms. Hy sê vir my baie duidelik wáár Ben is. Waar hy aangekom het. Waar hy ontvang en



**Ben se Graf, 4 November 1981**



verwelkom is. God is daar. Jesus is daar en tienduisende engele. Abelines, sy aardse vader, wat weg is toe hy maar vyf jaar oud was, my ouers, sy oupas en oumas, almal wat God gedien het met hart en siel en hulle lewes op aarde aan Hom gewy het. Ek sien hierdie fees. My trane stroom. My hart is stukkend, maar ek beny vir Ben.

In my gees sien ek daardie feestelike vergadering. My Meester het daar in die begin vir my gesê: "Kyk met jou geestelike oog." Van hierdie kyk en hierdie sien het ek toe nog niks geweet nie. Maar ek het geleer. Eerste oor die krag van geloof. Geloof word soos jou lewensbloed, waarsonder jy nie 'n geestelike lewe kan hê nie. Dan leer jy van sien. Die hele Bybel het ek gesien. Jesus by die see. Jesus teen die berg. Jesus in die bootjie. Sy woorde, Sy lerings. Hy het my geestelike oë oopgemaak. Daardie Sondagmôre, 1 November 1981, kon ek baie ver sien. Deur traandowwe oë kon ek sien waar Ben aangekom het. Nooit het die Here vir my enige aanduiding gegee van waarom Hy Ben gevat het nie, maar daardie vraag het ek nooit gevra nie.

Baie maande later het die Here vir my in 'n gesig gewys waarom. Nege jaar gelede het my Meester die verantwoordelikheid aangaande my kinders se siele op Hom geneem met 'n wonder-belofte aan my. Daar op die badkamervloer op Elandshoek. Hoe kon ek dan nou vir my Meester vrae vra?

Daar is 'n moeilike tyd tussen 'n dood en 'n begrafnis. Ek wil daardie paar dae noem 'die tyd van die Samaritane'. Die tyd waarin 'n mens gegun word om die liefde en meelewing van ander mense te ervaar. Ander mense wat jou dra, wat jou optel, wat jou salf met hulle liefde. Wat onder jou inbuk en jou van hulle eie krag aanbied. Hulle sit hulle arms om jou, vee hulle trane af met dieselfde snesie wat hulle op jou wange vee. Hulle hou jou vas en fluister in jou oor: "Ek bid vir jou. Jy sal hier deurkom. Daar kom weer 'n ander dag." Hulle woorde, hulle gebede, hulle arms, hulle hande was, 'Jesus vir my'.

Dit is waarom ek op my voete kon bly in hierdie dae voordat ons my kind na die graf toe moes dra.

Die Samaritane se blomme het my huisie vol gestaan. Die sitkamertjie vol, die portaal, die gang. Die geur van die blomme in my huisie was die geur van liefde. Tasbaar, beleefbaar, sigbaar. Die liefde het 'n gedaante gekry.

In die kombuis het heerlike disse gestaan. In die yskas en in die eetkamertjie, kos. Gebak en klaar voorberei. Die wat ver gekom het, kon eet en kon bly. Die Samaritane was 'Jesus vir my. Altyd en oral om my die liefdesdade – Jesus vir my'. Wat 'n krag vir 'n lydende lid. Onaards, en tog so prakties, so aards. Onverduidelikbaar – maar o, so tasbaar, so onmiddellik.

Wat kan ek sê van 1982? Wat kan ek sê oor só 'n leë plek? Getreur? Ja, ek hét baie getreur. My kind is weg. Sy stem is stil. Hy sien nou alles wat ek net kan glo. Hy het uitgetree uit tyd. Hy word nie oud nie. Sal altyd vir my net een-en-dertig jaar oud bly. Maar ek het waarlik nie getreur soos die ongelowiges treur nie.

Ek het nog drie kinders oor. Hulle harte is ook seer. Bines het eendag vir my gesê: "Mamma moenie van my vergeet nie, jy hét nog 'n seun." Sy woorde het diep aan my geruk. Ek het daadwerklik begin dink aan wat ek oor het. God het Sy wonder-belofte aan my waar gemaak. Op verskillende maniere en op verskillende plekke het Hy hulle siele gered én hulle gevul met Sy Gees. Wanneer ons saam kuier, klink dit dikwels soos 'n getuienisdiens. Ons kan nie ophou praat oor die grootheid, die goedheid en die wonders van God in ons lewens nie. Op tydelike gebied het die Here ons ryklik geseën. Ons het behoefte aan niks, en kan ander help op baie maniere.

Na al die jare dink ek nog dikwels aan Ben en wonder hoe sou hy gewees het op vyftigjarige leeftyd. Mens kan nie so-iets uitdink nie. Hy bly een-en-dertig jaar oud.

Wat 'n pragtige somer is om my! Die rose blom in massas en die Hydrangeas is 'n prent van kleure. Van wit tot pienk en rooi. Van bleek-blou tot blousel-blou en skakerings van pers. Ek eet my eie groente en gee weg vir almal. En ek het baie bome. Pragtige groot bome en palms.

Negentien jaar gelede, elf maande na Ben se dood het my Meester die gebêrede belegging oor my pad gestoot en my duidelik laat verstaan dat dit is om in te woon en nié om geld mee te maak nie.

Hierdie afgelope negentien jaar was vol vreugde en voorspoed, en wonderlike ervarings met die Here.

"Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here, en kennis van die Heilige is verstand." *(Spreuke 9:10)*

… en die avontuur gaan aan.

"Want God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is.

*(Genesis 50:20)*



**Ansophie en Nereus se troue**

# Naskrif

Die Here sê: "Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid
en My met jou verloof in geregtigheid
en in reg
en in goedertierenheid en in ontferming.
En Ek sal my met jou verloof in trou
dan sal jy die Here ken."

*Hosea 2:18, 19 (1933 Vertaling)*

Wat 'n wonder verlowing!! Net God kan sulke woorde sê.

*"For I am zealous for you with a Godly eagerness and a divine jealousy, for I have betrothed you to one Husband, to present you as a chaste virgin to Christ."*

Weer hierdie intieme liefdesverbintenis. Hoe Paulus die gemeente wil behou vir Christus.

*2 Korintiërs 11:2 (Amplified)*

Deur die profeet Jeremia sê die Here: "Ek onthou die geneëntheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd, toe jy agter My aangeloop het in die woestyn – in 'n onbesaaide land."


*Jeremia 2:2 (1933 Vertaling)*

"Die liefde van jou bruidstyd" mag nie verflou nie. Dan sal jy die Here ken.

# Die Hoed

*3 November 1981, Carlton Centre*
*'Downtown', Johannesburg*

Sy loop in Garlicks in
en stamp haar teen 'n winkelpop.
Jammer, nie gesien nie, dit was 'n ongeluk.
Die winkelvrou kyk stip na haar
en lig haar wenkbrou op,
dan tree sy nader. "Can help you?"
"Ek soek 'n hoed, wys my 'n hoed, 'n swart hoed."
"Come this way please."
Op die koppe van die winkelpoppe;
poppe sonder rokke, sit die hoede
"Did you say a black hat?"
Sy trek twee diep laaie oop en haal die hoede uit
modieus, mooi, breë rande met linte en ander met sjiek, smal randjies –
Een hoed het 'n groot slap, wit oop roos teen die bol...
en 'n groen blaar and 'n takkie
wat oor die randtjie lol.
Haar hand gaan na die wit roos uit –
maar die winkelvrou vat eerste raak
en pas dit op haar kop; raak haar skouers liggies aan
en draai haar na die spieël.
Die spieëlvrou kyk terug – strak mond – hartseer oë.
Die roos versag die prentjie;
die blaar roer effens asof 'n windjie trek.
"Beautiful – just right for you –
going to a wedding?"
Die vrou daar in die spieël sê:
"No – to a funeral –
my son is dead."



Die Gebêrede Belegging, Oktober 1982



Baie Rose




André en Noel, 1964



Christoffel, Grey College, 1997



Teresa en Christoffel, 2007



Die Geldmasjientjie, 'n makliker, beter lewe, Januarie 1980



Baie Bome

## Oor die skryfster

Ek was 'n delwerskind daar anderkant Lichtenburg. In 1928 het ek tussen die delwers se hope gruis en gate in 'n sinkgeboutjie begin skoolgaan. Eendag in speeltyd het 'n seuntjie langs my teen 'n gruishoop kom sit en gesê: "Gee vir my 'n lekkie aan jou suigstokkie, dan wys ek vir jou my seer toon." Ek onthou die vuil lappie om sy toon. Verder onthou ek nie. Miskien is hierdie boekie my "seer toon". Dit sê te veel van my. Dit is 'n "ek"-storie in die eerste persoon vertel...



**Bines, Skryfster, Ben, Ansophie en André**



